



**PROSPEKTUS 2025**

- Die Afrikaanse Protestantse Akademie behou die reg voor om die inligting en kostes te verander soos nodig.
- Die Prospektus word jaarliks hersien en sommige inligting daarin vervat kan van jaar tot jaar verskil.

## GEREGISTREERDE NAAM

Hierdie Akademie is by die Departement van Onderwys amptelik geregistreer onder die naam:



### **DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW**

Registrasienommer: 2002/031756/08

By die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat tersiêre onderwysinstelling  
geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997  
**Registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001**


*Du spore – Nuwe weë*

---

## KONTAKBESONDERHEDE

**Posadres:** Die Afrikaanse Protestantse Akademie  
Farendenstraat 430  
**CLYDESDALE**  
Pretoria, 0002

**Straatadres:** Farendenstraat 430  
**CLYDESDALE**  
Pretoria, 0002

 (012) 344 3960/1/2

 [info@apa.ac.za](mailto:info@apa.ac.za)

 [www.apa.ac.za](http://www.apa.ac.za)



# INHOUDSOPGAWE

<b>INHOUDSOPGAWE</b> .....	<b>1</b>
<b>ALGEMENE INLIGTING</b> .....	<b>6</b>
<b>Ons Visie</b> .....	<b>6</b>
<b>Ons Missie</b> .....	<b>6</b>
<b>Ons Waardes</b> .....	<b>6</b>
<b>Wetlike Status</b> .....	<b>6</b>
<b>Internasionale erkenning van APA kwalifikasies</b> .....	<b>6</b>
<b>Name van Direkteure</b> .....	<b>6</b>
<b>Programkoördineerder(s)</b> .....	<b>7</b>
<b>Voltydse Akademiese personeel</b> .....	<b>7</b>
<b>Deeltydse Akademiese personeel</b> .....	<b>7</b>
<b>Taalbeleid</b> .....	<b>8</b>
<b>Metode van onderrig</b> .....	<b>8</b>
<b>Leermateriaal en Handboeke</b> .....	<b>8</b>
<b>Definisies</b> .....	<b>8</b>
<b>Aansoek om Toelating</b> .....	<b>8</b>
<b>Minimum aantal studente per vak</b> .....	<b>8</b>
<b>Laat registrasie</b> .....	<b>8</b>
<b>Ondersteuningstelsels vir studente</b> .....	<b>8</b>
<b>Omskrywing rakende leer en onderrig</b> .....	<b>9</b>
<b>Assessering</b> .....	<b>9</b>
<b>1. Werkstukke/navorsingsprojekte en referate</b> .....	<b>10</b>
<b>2. Toetse en Eksamen</b> .....	<b>10</b>
<b>3. Toekenning van punte (Slaagvereistes)</b> .....	<b>10</b>
<b>4. Hereksamen</b> .....	<b>11</b>
<b>5. Sieke- en Hereksamen</b> .....	<b>11</b>
<b>6. Dispuut oor die toekenning van punte</b> .....	<b>11</b>
<b>Erkenning en oordrag van krediete (CAT)</b> .....	<b>11</b>
<b>Erkenning van vorige leer (RPL)</b> .....	<b>11</b>
<b>Studente met gestremdhede</b> .....	<b>12</b>
<b>Klagtes en Griewe</b> .....	<b>12</b>
<b>Gesondheid en Welstand van Studente en Personeel</b> .....	<b>12</b>
<b>Finansiële hulp aan studente</b> .....	<b>12</b>

Gedragkode en ander reëls .....	14
<b>BACCALAUREUS IN GEESTESWETENSKAPPE/BACHELOR OF ARTS (BA)</b>	
<b>GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 23375 (61409) .....</b>	<b>16</b>
Minimum 360-krediet program op vlak 7 van die nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR) .....	16
Inleiding .....	16
Duur van die kursus .....	16
Toelatingsvereistes .....	16
Spesifieke instellingsvereistes .....	17
Finansies.....	17
Kwytskeldings by staking van studie en of vakke .....	18
Kurrikula/programsamestelling.....	19
Kombinasiereëls.....	20
Akkumulاسie van akademiese krediete.....	21
<b>Uitkomstebeskrjwing .....</b>	<b>21</b>
Afrikaans .....	21
Akademiese Geletterdheid .....	24
Bybelkunde .....	24
Christelike Berading .....	26
Duits .....	28
Ekonomie .....	31
Engels.....	33
Filosofie.....	36
Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing.....	37
Geografie.....	37
Geskiedenis .....	41
Grieks .....	43
Hebreeus .....	45
Kommunikasiekunde .....	48
Latyn.....	51
Navorsingsmetodologie .....	54
Navorsing- en Statistiese Metodes .....	54
Navorsingsprojek.....	55
Politiese Wetenskap.....	55
Rekenaargeletterdheid .....	57
Rekenaartegnologie.....	57

Sepedi.....	60
Sielkunde .....	62
Sosiologie .....	65
Wiskunde .....	68
<b>BACCALAUREUS IN SOSIALE WETENSKAPPE/BACHELOR OF SOCIAL SCIENCES (BSocSci) GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 120400 .....</b>	<b>73</b>
<b>Minimum 360-krediet program op vlak 7 van die nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR).....</b>	<b>73</b>
<b>Inleiding .....</b>	<b>73</b>
<b>Duur van die kursus .....</b>	<b>73</b>
<b>Toelatingsvereistes .....</b>	<b>73</b>
<b>Spesifieke instellingsvereistes.....</b>	<b>75</b>
<b>Finansies.....</b>	<b>75</b>
<b>Kwytskeldings by staking van studie en of vakke .....</b>	<b>76</b>
<b>Kurrikula/programsamestelling.....</b>	<b>76</b>
<b>Kombinasiereëls.....</b>	<b>78</b>
<b>Akkumulاسie van akademiese krediete.....</b>	<b>79</b>
<b>Uitkomstebeskriving .....</b>	<b>79</b>
<b>Afrikaans .....</b>	<b>79</b>
<b>Akademiese Geletterdheid .....</b>	<b>81</b>
<b>Duits .....</b>	<b>82</b>
<b>Ekonomie .....</b>	<b>83</b>
<b>Engels.....</b>	<b>85</b>
<b>Filosofie.....</b>	<b>86</b>
<b>Frans.....</b>	<b>87</b>
<b>Gemeenskapsontwikkeling .....</b>	<b>88</b>
<b>Geografie.....</b>	<b>89</b>
<b>Geskiedenis .....</b>	<b>91</b>
<b>Joernalistiek .....</b>	<b>94</b>
<b>Kommunikasie vir beroepsdoeleindes .....</b>	<b>95</b>
<b>Kommunikasiekunde .....</b>	<b>96</b>
<b>Latyn.....</b>	<b>97</b>
<b>Politiese Wetenskap.....</b>	<b>99</b>
<b>Rekenaargeletterdheid .....</b>	<b>100</b>
<b>Rekenaartegnologie .....</b>	<b>101</b>
<b>Sepedi.....</b>	<b>102</b>
<b>Sielkunde .....</b>	<b>104</b>

Sosiale Wetenskappe en godsdienstige wêreldbeskouings .....	105
Sosiologie .....	106
Toegepaste internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologie.....	108
Wiskunde .....	108
<b>BACCALAUREUS IN TEOLOGIE/BACHELOR OF DIVINITY (BDiv) .....</b>	<b>112</b>
<b>Minimum 480-krediet program op vlak 8 van die nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR).....</b>	<b>112</b>
<b>Inleiding .....</b>	<b>112</b>
<b>Duur van die kursus .....</b>	<b>112</b>
<b>Toelatingsvereistes .....</b>	<b>112</b>
<b>Finansies.....</b>	<b>113</b>
<b>Kwytskeldings by staking van studie en of vakke .....</b>	<b>114</b>
<b>Kurrikula/programsamestelling.....</b>	<b>114</b>
<b>Kombinasiereëls.....</b>	<b>116</b>
<b>Akkumulاسie van akademiese krediete.....</b>	<b>117</b>
<b>Uitkomstebeskrwing .....</b>	<b>118</b>
Interdepartementeel .....	118
Departement Ou Testament .....	122
Departement Nuwe Testament.....	125
Departement Diakoniologie.....	128
Departement Dogmatologie .....	130
Departement Ekklesiologie .....	133
Departement Missiologie.....	135
<b>NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT VIR DIE SENIOR- EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDINGSFASE (NGOS)/POSTGRADUATE CERTIFICATE IN EDUCATION FOR SENIOR PHASE AND FURTHER EDUCATION AND TRAINING (PGCE) .....</b>	<b>137</b>
<b>Inleiding .....</b>	<b>137</b>
<b>Duur van die kursus .....</b>	<b>137</b>
<b>Toelatingsvereistes .....</b>	<b>137</b>
<b>Finansies.....</b>	<b>140</b>
<b>Kwytskeldings by staking van studie en of vakke .....</b>	<b>142</b>
<b>Kurrikula/programsamestelling.....</b>	<b>142</b>
<b>Akkumulاسie van akademiese krediete.....</b>	<b>143</b>
<b>Uitkomstebeskrwing .....</b>	<b>143</b>
Algemene Didaktiek .....	144
Kommunikasie.....	144



Onderwysteorie .....	145
Professionaliteit in Onderrig .....	145
Skoolgebaseerde-/Werkgeïntegreerde leer .....	146
Spesifieke Vakdidaktiek.....	146
<b>VOORBEELD: KONTRAK/AANSOEKVORM .....</b>	<b>149</b>

## **ALGEMENE INLIGTING**

### **ONS VISIE**

Die bevordering van uitstaande en waardegedrewe eietydse Hoër Onderwys.

### **ONS MISSIE**

Die aanbieding van relevante geakkrediteerde programme en kwalifikasies, met die doel om studente toe te rus om die beroepswêreld te betree met akademiese-, beroeps- en/of professionele uitnemendheid.

### **ONS WAARDES**

Die APA onderskryf met entoesiasme in 'n gedissiplineerde omgewing die volgende norme:

- Bybelgetrou
- Skriftuurlike Integriteit
- Klassiek Christelik
- Kenmerkend Gereformeerd
- Akademiese Uitnemendheid
- Kulturele Sensitieweit
- Kontekstueel Toepaslik
- Meelewende Gemeenskapsdiens
- Etiese Verantwoordelikheid
- Dissipline

### **WETLIKE STATUS**

Hierdie Akademie is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n Privaat Tersiêre Onderwysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997 onder die Registrasienommer **1999/HE08/001**. Die Akademie is 'n maatskappy sonder winsoogmerk met Registrasienommer **2002/031756/08**.

### **INTERNASIONALE ERKENNING VAN APA KWALIFIKASIES**

Omdat die APA by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer is werk ons akkreditasie- en registrasieproses op presies dieselfde wyse as enige ander hoër onderwysinstelling in Suid-Afrika.

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding keur al die publieke en privaat instansies se grade/programme goed en verleen aan al hiërdie instansies goedkeuring om hierdie grade/programme vir studente aan te bied. Die grade/programme by die APA is dus nie minder of meer kredietwaardig as 'n ander instansie se grade/programme nie. Indien afgestudeerde studente oorsee wil gaan werk, moet hulle by daardie spesifieke land se ambassade oor die addisionele vereistes navraag doen sou 'n student oor 'n Suid-Afrikaanse graad beskik.

### **NAME VAN DIREKTEURE**

Die volgende persone is die Direkteure van die Art . 21 Maatskappy:

- Prof. dr. GDS Smit (Visekanselier en Rektor)
- Prof. dr. SD Nel (Registrateur)
- Prof. dr. CA Swanepoel (Dekaan: Akademiese Programme)

Die Senior Bestuur van die Akademie is:

- Prof. dr. GDS Smit (Visekanselier en Rektor)
- Prof. dr. SD Nel (Registrateur)
- Prof. dr. CA Swanepoel (Dekaan: Akademiese Programme)

## PROGRAMKOÖRDINEERDER(S)

- **BA:** Dr. AD Pieterse: BA, BTh (APA), BAHons, MA (Antieke Tale en Kultuurstudies – Klassieke Tale), DLitt (Latyn, UP)
- **BDiv:** Mnr. WA 't Hart: BDiv (APA)
- **BSocSci:** Dr. AD Pieterse: BA, BTh (APA), BAHons, MA (Antieke Tale en Kultuurstudies – Klassieke Tale), DLitt (Latyn, UP)
- **NGOS:** Dr. PA Breytenbach: BA, BAHons, MA, PhD (Engels, UP)

## VOLTYDSE AKADEEMIESE PERSONEEL

Prof. dr. JAE Adendorff: BA, BD, Nagra.Dipl. (Teologie), MTh, DTh (Diakoniologie, UOVS)  
Prof. dr. J Bosman: BA, BD, ThM, PhD (Diakoniologie, NWU)  
Prof. dr. GDS Smit: BA, BAHons, BTh (APA), MA (Grieks), MA (Semitiese Tale), DLitt (Antieke Tale, UP)  
Prof. dr. CA Swanepoel: BA, DiplTeol (APA), MA (New Saint Andrews Kollege, VSA) MTh, DTh (Dogmatiek, UOVS)  
Dr. PA Breytenbach: BA, BAHons, MA, PhD (Engels, UP)  
Me. EE Kellerman: BA, BAHons, MA (Sepedi, UP), NGOS (UNISA)  
Dr. AD Pieterse: BA, BTh (APA), BAHons, MA (Antieke Tale en Kultuurstudies – Klassieke Tale), DLitt (Latyn, UP)

## DEELTYDSE AKADEEMIESE PERSONEEL

Me. I Bensch: BEd (UP)  
Ds. WA Burger: BA (UP), DiplTeol (APA), BAHons, BTh, MA (Semitiese Tale, UP), BAHons (Sielkunde, UNISA)  
Me. I de Beer: BA, BAHons (Kommunikasiekunde, NWU)  
Me. E Fourie: BA (NWU), BAHons (Afrikaans, UNISA)  
Me. I Furstenberg: BA (Mode-ontwerp, LISOF), NGOS (UP)  
Mnr. CJ Geertsema: BEd, BEdHons, BA, HOD (UP)  
Mnr. HJ Gerber: BCom, BComHons, MCom (Statistiek, UP)  
Me. HM Grobler: BSc, BScHons (PU vir CHO), NGOS (APA)  
Me. EH Hartzer: BEd, BEdHons, BPrimEd (Preprimêr, UP)  
Dr. BJ Hefer: BA, BTh (APA), BAHons, MA, PhD (Grieks, NWU)  
Dr. H Jonker: BBk, MA (PU vir CHO), PhD (Kommunikasiekunde, NWU)  
Dr. ML Mabile: BA, BHons (Engels), BHons (Filosofie), MA (Filosofie), PhD (Filosofie, UP), PhD (Engels, Hull – Yorkshire, UK)  
Mnr. P Maré: BSc, BScHons (Rekenaarwetenskap, UNISA)  
Dr. EE Maritz: HOD, BA, BEd, MEd, DEd (Opvoedkunde, RAU)  
Dr. H Minnaar: BSc, BScHons (UV), MSc (UP), PhD (Geologie, UV)  
Dr. AI Odendaal: BSc, BScHons, PhD (Geologie, UV)  
Mnr. JE Oosthuizen: BSc (Wiskunde en Statistiek, UJ), BA, BTh (APA), BAHons (UP)  
Mnr. A Opperman: BA (APA), BCom, BComHons (UNISA), MCom (Ekonomie, NWU)  
Me. ME Pienaar: BA, BAHons (Berading Sielkunde), BAHons (Sosiologie) MA (Positiewe Sielkunde, NWU)  
Me. A Pieterse: BA (APA), NGOS, BEdHons (Opvoedkundige Wiskunde, UNISA)  
Dr. AB Posthuma: BA (UP), THOD (NKP), BAHons (Sielkunde, UNISA), Mtech (Ed) (TUT), PhD (UP)  
Prof. dr. AWG Raath: BJuris, LLB (PU vir CHO), MA, DPhil (Wysbegeerte, UOVS)  
Mnr. W Schlüter: BSc, BScHons (Geologie, RAU), BCom (Ekonomie en Bedryfsekonomie, UNISA), LLBDipl (RAU), MBL (UNISA), NGOS (APA)  
Ds. JL Schütte: BA, BTh (APA), MA (Teologie, UP)  
Me. C Steyn: BA, BAHons (Biokinetika, US)  
Mnr. WN Strydom: BSc, BScHons, MSc (Strukturele Geologie, NMMU)  
Mnr. PJS Swanepoel: BA, BEd (UP), THOD (NKP)

Mnr. WM van Heerden: BA (APA)

Dr. J van Rensburg: BBibl, Nagr.Dipl. (Museumkunde), BAHons, MHCS, DPhil (Kultuurgeskiedenis, UP)

Mnr. R van Rooyen: BScEd, BEdHons (UNISA)

Dr. MH van Zyl-Henstock: BA, BAHons, MA (RAU), DLitt et Phil (Sielkunde, UJ), Nagr.Dipl. (Kindergesondheid, WITS)

## TAALBELEID

Die taal van leer en onderrig (LoLT) is Afrikaans.

## METODE VAN ONDERRIG

BA en NGOS studente kan slegs van afstandsonderrig gebruik maak.

Die BSocSci en BDiv word by wyse van voltydse studie waar kontakonderrig aangebied word, gevolg.

## LEERMATERIAAL EN HANDBOEKE

Die programme word in Afrikaans aangebied met Afrikaanse leer en onderrigmateriaal en sover moontlik handboeke in Afrikaans indien beskikbaar. Studiegidse word op die webblad van die APA gelaai terwyl voorgeskrewe handboeke/boeke deur die student self aangekoop word.

## DEFINISIES

**Vak:** 'n Vak is 'n afgebakende dissipline of gebied soos byvoorbeeld Afrikaans of Wiskunde.

**Module:** 'n Module is 'n lesing of groep lesings wat 'n eenheid binne 'n vak vorm. Elke module het 'n modulekode. Elke module moet afsonderlik geslaag word.

**NKR-vlak:** NKR staan vir die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Dit is die Suid Afrikaanse raamwerk wat gebruik word om die uitkomstvlakke voor te berei. Met ander woorde hoe hoër die NKR-vlak van 'n kwalifikasie, hoe hoër die intellektuele vaardigheid van 'n persoon (ten minste binne die spesifieke akademiese maatstaf).

**Krediete:** 'n Krediet is 'n gewigdraende faktor wat aan elke module toegeken word. Dit verwys na die aantal ure per jaar wat u aan 'n module moet bestee. Hierdie tyd sluit lesings, navorsing, kontakdae, prakties en eksamentye in.

## AANSOEK OM TOELATING

Voornemende studente moet aanlyn aansoek doen op die APA se webblad (<https://www.apa.ac.za>).

## MINIMUM AANTAL STUDENTE PER VAK

Die AP Akademie behou die reg voor om nie 'n vak vir studente aan te bied, indien die klas getalle dit nie regverdig nie. Die minimum aantal studente per vak is op vier vasgestel.

## LAAT REGISTRASIE

**BDiv** lesings neem in aanvang op **Maandag 3 Februarie 2025**.

**BA, BSocSci en NGOS** lesings neem in aanvang op **Maandag 10 Februarie 2025**.

Die laaste datum vir registrasie vir die **BA, BSocSci, BDiv en NGOS** programme is **Vrydag 21 Februarie 2025**.

## ONDERSTEUNINGSTELSELS VIR STUDENTE

Die dekane en programkoördineerders is deurentyd tot beskikking van studente vir hulp met betrekking tot studierigtings en vakkeuses. Skriftelike navrae word deur die Akademie beantwoord.

Die dekan en programkoördineerders is beskikbaar om aan alle studente hulp te verleen met studie, persoonlike en ander probleme. Elke dosent is tot beskikking van die studente om hulle te begelei en raad en advies aan te bied wanneer dit benodig word. Aan die begin van elke jaar is daar oriënteringsdae waartydens spesiale aandag aan studente geskenk word om hulle akademieë in te lig, die gedragsreëls onder hulle aandag te bring, die eksamenregulasies en gebruik van die rekenaars en die Inligting sentrum te verduidelik. Studente word ook opgelei in die gebruik van die internet en die APA se webblad in dié verband.

Effektiewe administratiewe stelsels is in plek om tydige probleme ten opsigte van akademiese vordering te identifiseer met die nodige terugvoer aan programkoördineerders. Studente vordering word deurlopend gemonitor met die oog daarop om probleme betyds aan te spreek en waar moontlik, verdere ondersteuning te verleen.

## **OMSKRYWING RAKENDE LEER EN ONDERRIG**

### **Berekening van leer en onderrig**

#### **1. Akademiese jaar**

Voltydse studie behels 'n arbeidsweek van 40 uur. Daarvoor word gesteun op die bepalinge van SAQA (*South African Qualifications Authority*), asook ECTS (Europa se krediet – oordrag stelsel).

#### **2. Krediete**

'n Krediet dui aan watter gewig 'n bepaalde onderdeel binne die geheel van 'n kwalifikasie verteenwoordig. Krediete behels die hoeveelheid studietyd (oftewel “notional hours”). Een krediet is gelykstaande aan 10 uur. Studente behoort dus hulle studietyd dienoreenkomstig te beplan. Die volgende vorm deel van die kredietberekening:

- Kontaksessies (soos lesings, seminare, ens.),
- Selfstandige studietyd (soos leeswerk, klasvoorbereiding, biblioteeknavorsing, ens.)
- Evaluering (soos opdragte, toetse, eksamens, ens.)
- Ander opdragte (soos praktiese werk, groepswerk, ens.)

#### **3. Leeswerk**

'n Gemiddeld van 10 bladsye per uur word vir literatuurstudie gehandhaaf. Studente ontvang dus gemiddeld 'n uur om 10 bladsye in geheel krities te verwerk. Dit beteken 'n geheeloorsig word verkry, onduidelikhede uitgeklaar, asook aantekeninge gemaak met die oog op memorisering, insig en verantwoording. Minder as 10 bladsye per uur tot 'n minimum van 5 bladsye per uur, veronderstel 'n hoë moeilikheidsgraad van die voorgeskrewe werk. Meer as 10 bladsye per uur tot 'n maksimum van 15 bladsye per uur veronderstel maklike leesstof en/of die spoed van vluglees.

#### **4. Skryfwerk**

'n Gemiddeld van 300 woorde per uur word vir skryfwerk gehandhaaf. Navorsingsopdragte word egter bereken teen 5 uur vir elke 200 woorde.

## **ASSESSERING**

Die volledige assesseringsbeleid van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* is op die webblad ([www.apa.ac.za](http://www.apa.ac.za)) beskikbaar en alle studente en dosente moet hulle deeglik daarvan vergewis.

Die hoofsaak van enige assessering is om nuttige inligting aan studente te beklemtoon. Die integrasie van 'n breër stel inligting, benaderings en standpunte wat uit verskillende wetenskaplike areas kom, met interaksie tussen mekaar, bied meer en beter inligting oor die aangeleentheid wat geassesseer word as 'n enkele dissiplinêre studie.

- 'n Geïntegreerde assesseringsbenadering word gevolg met verwysing na die volgende:

Geïntegreerde assessering is 'n interdisiplinêre benadering tot assessering gebaseer op die kombinasie, interpretasie en kommunikasie van kennis uit uiteenlopende wetenskaplike dissiplines, op sodanige wyse dat 'n hele oorsaak-effek-ketting van 'n probleem vanuit 'n oorsigtelike perspektief geëvalueer kan word.

- Soorte geïntegreerde assessering wat in hierdie instansie in hierdie program gebruik word:
  - a. Probleemstrukturering - Studente sal voorsien word van 'n probleem wat opgelos moet word. By die ontleding van die probleem moet die studente van multidisiplinêre kennis gebruik maak wat die studente in hul studie leer ken het.
  - b. Deelnemende geïntegreerde assessering - 'n Groep studente uit verskillende studierigtings word gekonfronteer met 'n probleem wat hulle moet oplos. Hulle sal as 'n span kundiges moet saamwerk om die probleem op te los.

### **1. WERKSTUKKE/NAVORSINGSPROJEKTE EN REFERATE**

Deur die loop van die akademiese jaar word werkstukke aan studente gegee ten einde hulle akademiese vordering te monitor en hul vaardigheid in die Harvard- verwysingsmetode te evalueer. Terselfdertyd word hulle slyping in beginsel-denke getoets. Die derdejaar studente in die BA-graad moet 'n navorsingsprojek/referaat indien, en blyke daarvan gee dat hulle in die verwysingstegniek van Harvard sowel as navorsingswetenskap en akademiese skryfvaardighede onderlê is.

**GEEN LAAT INDIENING VAN WERKSTUKKE WORD TOEGELAAT NIE.**

### **2. TOETSE EN EKSAMEN**

In elke vak word van tyd tot tyd toetse afgeneem na goeie dinge van die dosent. Punte word deur middel van dié toetse geakkumuleer om 'n semesterpunt in elke vak te vorm. 'n Student moet 'n semesterpunt van 40% hê ten einde toelating tot die eksamen te ontvang.

In meeste modules vind summatiewe assessering plaas. Die dosent stel 'n vraestel en memorandum op, wat deur 'n moderator geëvalueer word. Antwoordstelle word deur die dosent nagesien en punte toegeken. Daarna kontroleer die eksterne moderator die antwoordstelle en punttoekenning en die nodige vorms word voltooi. In sommige modules vind deurlopende assessering plaas. Die uitslae- en moderatorsvorme word deur die Dekaan nagegaan en aan die Fakulteitsraad voorgelê vir finale beslissing oor die punt wat aan elke student toegeken word.

### **3. TOEKENNING VAN PUNTE (SLAAGVEREISTES)**

- Om tot 'n semestereksamen toegelaat te word, moet 'n student se semesterpunt minstens 40% wees.
- Ten einde 'n semester te slaag, moet die gemiddeld van die student se semesterpunt en eksamenpunt minstens 50% wees, op voorwaarde dat 'n punt van nie minder as 40% in die eksamen behaal is nie.
- Om vir 'n hereksamen te kwalifiseer moet die gemiddeld van die eksamen minstens 40% wees.
- Om vir 'n siek-eksamen te kwalifiseer, moet 'n geldige doktersertifikaat vir die tyd en duur van die eksamen ingedien word.
- Ten einde vir 'n onderskeiding in 'n vak te kwalifiseer, moet die gemiddeld van die semestereksamen in daardie vak en die semesterpunt vir daardie vak minstens 75% wees.
- Studente ontvang 'n graad/diploma/sertifikaat met lof indien die student in die finale jaar met onderskeiding slaag in al die vakke wat vereis word deur die bepaalde program.
  - **BA:** 'n Student ontvang sy/haar graad met lof indien die student in die finale jaar al sy/haar hoofvakke met onderskeiding geslaag het.
  - **BSocSci:** 'n Student ontvang die graad met onderskeiding indien die student in die finale jaar al sy/haar hoofvakke met onderskeiding geslaag het.
  - **BDiv:** 'n Student ontvang die BDiv graad met onderskeiding indien hul 'n gemiddeld van 75% of meer in hul NKR vlak 8 modules bereik het.

- **NGOS:** 'n Student wat 75% in **al** die vakke van die NGOS behaal het, ontvang dié kwalifikasie met onderskeiding.
- Indien 'n student 'n vak druip, is die student verplig om die volle vak te herhaal wat die aflê van toetse en eksamen insluit.

#### 4. HEREKSAMEN

Om vir 'n hereksamen te kwalifiseer moet die gemiddelde punt van die eksamen, met berekening van die semesterpunt, minstens 40% wees.

Die student moet ook in die eksamen 'n subminimum van 40% verwerf.

Die student kan in die hereksamen **'n maksimum van 50% verwerf**.

In 'n hereksamen word die semesterpunt **NIE** in berekening gebring **nie**.

#### 5. SIEKE- EN HEREKSAMEN

Om vir 'n siek eksamen te kwalifiseer, moet 'n geldige doktersertifikaat vir die tyd en duur van die toets of eksamen ingedien word.

Om vir 'n tweede geleentheid in die geval van dood te kwalifiseer, word slegs eerste graad van verwantskap erken, byvoorbeeld ouers, broers, susters, en kinders. 'n Begrafnis brief van die geleentheid waarvoor uitstel gegee word, moet ingedien word.

#### 6. DISPUUT OOR DIE TOEKENNING VAN PUNTE

Die beleid van die APA maak voorsiening dat studente dispute oor die toekenning van punte met die dosente kan opneem. Studente kan ook in alle gevalle vra vir terugvoer oor die toekenning van punte. In geval van verskil wat nie deur die student en dosent besleg kan word nie, kan beswaar by die Programkoördineerder gemaak word en selfs 'n hermerk kan versoek word. Die student het die reg om na die betrokke Fakulteitsraad te appelleer. Die beslissing van die Fakulteitsraad is finaal.

### ERKENNING EN OORDRAG VAN KREDIETE (CAT)

(Erkenning van **formele** leer)

**Definisie:** Toekenning van krediete vir modules of kursusse reeds geslaag by 'n ander erkende instelling.

'n Student wat een of meer toepaslike vakke aan 'n ander geakkrediteerde universiteit of privaat instelling geslaag het, kan aansoek doen om oordrag van krediete op voorwaarde dat die inhoud van daardie vak vir oorweging deur die Registrateur en sy paneel goedgekeur word. Vakke sal erken word indien die vakke in ooreenstemming is met die instelling se uitkomst vir die vakke. 'n Maksimum van 50% van 'n voltooide kursus en 100% van 'n onvoltooide kursus se krediete kan erken word.

Die erkenning van krediete vir die doel van die oordrag van krediete van die een kwalifikasie na 'n ander kan horisontaal (na dieselfde), diagonaal ( na 'n soortgelyke) of vertikaal (na 'n hoër) toegepas word.

#### Erkenning van vakke elders verwerf

'n Persoon wat reeds 'n aantal vakke aan 'n ander erkende universiteit of privaat tersiêre inrigting verwerf het, kan 'n kwalifikasie aan die AP Akademie verwerf, mits die helfte plus een van die graad-vakke by die AP Akademie gevolg en geslaag word en mits die twee hoofvakke by die AP Akademie geneem is.

### ERKENNING VAN VORIGE LEER (RPL)

(Erkenning van **informele** leer)

*RPL* is die identifikasie, assessering en erkenning van individuele vaardighede en kennis binne die konteks van 'n spesifieke kwalifikasie, wat nie by 'n erkende instelling of 'n formele kwalifikasie was nie. Die erkenning van vaardighede, kennis en ervaring word gemeet teen spesifieke leer uitkomst. *RPL* is hoofsaaklik op informele leer van toepassing. Die vernaamste doel van *RPL* is om toegang tot formele studie te verleen.

Vakerkenning kan volgens beleid op grond van vorige leer en kundigheid verleen word. Studente wat op skool (Matriek/Gr 12) Rekenaartoeëpassingstegnologie (RTT/CAT) of Informatietegnologie (IT) as vak geslaag het kan erkenning kry vir Rekenaargeletterdheid. Studente wat bewys kan lewer van kundigheid ten opsigte van 'n spesifieke vak, kan vir erkenning aansoek doen deur 'n brief aan die Senaat in dié verband te rig waarin volledige uiteensetting, bewyse en motivering gegee word.

Wat die NGOS betref word RPL slegs oorweeg ten opsigte van Werkgeïntegreerde leer (WIL).

Die volledige beleide ten opsigte van die oordrag van krediete (CAT) en erkenning van vorige leer (RPL) is op die webblad ([www.apa.ac.za](http://www.apa.ac.za)) van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* beskikbaar.

## **STUDENTE MET GESTREMDHEDE**

Die volledige beleid ten opsigte van studente met gestremdhede is op die webblad ([www.apa.ac.za](http://www.apa.ac.za)) van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* beskikbaar.

Die AP Akademie stel 'n infrastruktuur, leer en onderrig, asook ondersteuningsisteme vir alle studente in plek. Gestremde persone word bemoedig om alle ondersteuningsisteme te gebruik. In sake wat deur gestremde persone steeds as problematies ervaar word, bied die beleid aangaande gestremdheid hulle die geleentheid om dit met die bestuur van die instansie op te neem vir ondersoek, hulp en ondersteuning.

## **KLAGTES EN GRIEWE**

Die volledige beleid ten opsigte van klagtes en griewe is op die webblad ([www.apa.ac.za](http://www.apa.ac.za)) van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* beskikbaar.

Die APA is toegewyd in die onderhouding van kwaliteit en standaard van sy programme, dienste en fasiliteite. Gevolglik kan geregistreerde studente van die APA klagtes en griewe ten opsigte van akademiese asook administratiewe aangeleenthede skriftelik indien. Die APA het prosesse en prosedures om formele klagtes en griewe te ondersoek met die doel om sake op 'n regverdigde wyse op te los. Oplossings word gesoek binne die parameters van die bestaande APA beleide en prosedures. Klagtes word vertroulik behandel. Vergelyk die volledige beleid van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie NPC*, wat op die webblad ([www.apa.ac.za](http://www.apa.ac.za)) beskikbaar is vir kennisname.

## **GESONDHEID EN WELSTAND VAN STUDENTE EN PERSONEEL**

Die gesondheid en welstand van die studente, personeel en dosente is vir die AP Akademie van uiterste belang. 'n Vrywillige en vertroulike diens van professionele berading en verwysingsdienste is in plek gestel met die oog op die vermindering van gesondheidsrisiko's, asook die bevordering van gesonde gedragswyses, welstand en effektiwiteit. Vir werknemers is daar 'n toepaslike wets- en statutêre werksverhoudingsraamwerk in plek. Vir studente is daar ook 'n klagte- en griewebeleid asook prosedures tot hulle beskikking.

Weens die aard en programme van die AP Akademie, het die AP Akademie verskeie welstandspraktisyne in diens. Die APA verskaf dus 'n informele gesondheids- en welstandsdiens aan baie van die studente en personeel van die instansie.

## **FINANSIËLE HULP AAN STUDENTE**

### **Beurse en Lenings**

Die AP Akademie beskik oor twee beursfondse waarvoor studente vanaf hulle tweede studiejaar aansoek kan doen. Daar word nie beurse toegestaan aan eerstejaar-studente nie. Studente moet twee sake met betrekking tot die beurse in gedagte hou:

- Die beurse dek nie die totale studiegeld nie.
- By staking van studies verval alle beurstoekennings.



## 1.1 Behoeftebeurse

- Daar is behoeftebeurse wat deur die Senaat van die AP Akademie geadministreer word vanuit die APA Studente-Ondersteuningsfonds. Studente wat een of meer akademiese jaar aan die AP Akademie suksesvol voltooi het, kan aansoek doen vir 'n behoeftebeurs. Hierdie beurs word in oorleg met die Fakulteitsrade van die AP Akademie toegeken. Studente moet 'n volledige verslag ten opsigte van hulle finansies sowel as hulle behoeftes voorlê. Daar word van studente verwag om akademies te slaag en te vorder by oorweging van 'n behoeftebeurs.
- Daar is behoeftebeurse vir teologie-studente beskikbaar wat deur die Kuratorium van die AP Kerk geadministreer word. Indien studente om welke rede nie die fondse het om aan die AP Akademie te studeer nie, maar na die oordeel van die Kuratorium en op aanbeveling van die Fakulteitsraad, tog akademiese potensiaal toon, kan die studente by die Kuratorium aansoek doen om 'n behoefte-beurs vir die betaling van hul studiegeld aan die AP Akademie. Sodanige studente moet die Kuratorium voorsien van 'n volledige begroting vir die betrokke studiejaar, asook redes verskaf waarom die studente nie die studiegeld kan bekostig nie. Die Kuratorium oordeel oor die meriete van die saak. Hierdie beurse word toegeken met inagneming van die beskikbaarheid van fondse. Slegs studente wat 'n lidmaat is van 'n AP Kerk kan vir hierdie beurse in aanmerking kom. Alternatiewelik kan 'n e-pos na info@apa.ac.za, vir die aandag van die Kuratorium, gestuur word.

Studente wat meen dat hulle in aanmerking kom vir hierdie beurse moet aansoek doen op 'n beursvorm wat by die APA aangevra kan word. Die volledig voltooide Beursaansoekvorm word gestuur aan die Registrateur by info@apa.ac.za.

## 1.2 Prestasiebeurse

Hierdie beurse word deur die Senaat van die AP Akademie geadministreer. Studente wat een of meer akademiese jaar aan die AP Akademie suksesvol voltooi het, kan in aanmerking kom vir 'n prestasiebeurs. Hierdie beurs word in oorleg met die Fakulteitsrade van die AP Akademie toegeken ten opsigte van studente wat hulself akademies onderskei van ander studente. Die minimum vereiste om in aanmerking te kom vir so 'n beurs is 'n gemiddelde punt van 75%. Studente wat voltyds ingeskryf is vir 'n graadkursus aan die AP Akademie kom in aanmerking vir hierdie beurs. Die beurs word toegeken met inagneming van die beskikbaarheid van fondse.

## 2. Lenings

### ➤ Die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

Geregistreerde teologiese studente asook behoeftige teologiese studente van die AP Akademie, kan aansoek doen om 'n studielening vanuit die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds. Die lening gaan gepaard met die uitneem van 'n polis wat in die aansoeker se naam uitgeneem word by 'n gemagtigde finansiële instelling met die Willie Lubbe Studiefonds as begunstigde. Vir die duur van die betrokke student se studie onderhou die APA die polis premie en skiet jaarliks 'n bedrag aan die student voor ter betaling van die student se finansiële verpligtinge. Na voltooiing van studie onderhou die student die polis premie vir 'n tydperk van 4 jaar as terugbetaling van die lening. Indien studente hul studie om welke rede staak, of hulle kursus nie slaag nie, sal hulle steeds verantwoordelik gehou word vir die bedrae wat hulle geleen het teen 'n vasgestelde rentekoers wat met die Kuratorium onderhandel sal word. 'n Volledige leningsaansoek moet die APA bereik voor/op 5 Januarie van die jaar waarvoor finansiële hulp verlang word. Laat aansoeke kan nie oorweeg word nie.

## 3. Vriende van die AP Akademie – Debietorder stelsel

Die AP Akademie is 'n privaat Afrikaanse tersiêre instelling en ontvang geen subsidie van enige aard van die Suid-Afrikaanse owerheid nie. Die AP Akademie word vir die teologiese opleiding gesubsidieer deur die sinode van die AP Kerk, maar daar word staatgemaak op die welwillendheid van mede-geloofsgenote vir die behoud en uitbreiding van hierdie akademiese

instelling. Alle erflatings of donasies stel die AP Akademie in staat om hul werksaamhede as Afrikaanse Gereformeerde instelling voort te sit en sal hoog op prys gestel word.

Indien u meer inligting verlang, kontak die AP Akademie per e-pos by info@apa.ac.za of by 012 344 3960/1/2, tydens kantoorure.

U is ook welkom om 'n finansiële bydrae te maak. Trouens, u betrokkenheid is onontbeerlik in die bereiking van ons ideaal. Ons rekening besonderhede:

**Bank:** ABSA

**Rekeningnommer:** 408 589 5656

**Rekening naam:** AP Akademie

**Tipe rekening:** Tjek

Daar is ook 'n debietorder stelsel by die AP Akademie waardeur vriende van die AP Akademie die Akademie deur middel van aftrekorders van 'n bedrag soos deur die skenker bepaal, ondersteun. Indien u ons skakel, stuur ons vir u 'n debietorder vorm. **Alle bydraes/skenkings aan die AP Akademie is belastingaftrekbaar. Ons rekenmeester sal vir u 'n belastingvorm op versoek uitreik.**

## **GEDRAGSKODE EN ANDER REËLS**

Om u akademiese ervaring so sinvol moontlik te maak, wil ons die volgende gedragsreëls onder u aandag bring. ONTHOU: Die AP Akademie is 'n onafhanklike tersiêre instelling wat op 'n Christelike grondslag gevestig is. Goeie en voorbeeldige gedrag, orde en dissipline, volgehoue studie, pligsgetrouheid en eerbiedwaardige kleredrag geld dus en sal streng gehandhaaf word.

### **Drag**

Netjiese kleredrag is 'n vereiste. Manstudente mag nie lesings bywoon met 'n kortbroek en sandale nie en damestudente moet waardig gekleed wees en nie suggestief nie!

### **Gesindheid**

Van elke student word eerbied vir dosente en administratiewe personeel verwag!

### **Klasbywoning**

- Dit is 'n vereiste dat alle klasse of lesings in geval van kontakprogramme waarvoor ingeskryf is, pligsgetrou bygewoon word en in die geval van afstandkursusse pligsgetrou aanlyn gevolg sal word. Studente mag nie klasse vrygee nie. Dit sal net die voorreg van 'n dosent wees wanneer 'n ander plig dit noodsaak.
- Indien 'n student weens siekte of 'n ander gewigtige rede nie 'n klas kan bywoon nie, moet vooraf verskoning aangebied word. Geen personeellid is verantwoordelik om verskoning te maak vir die afwesigheid van 'n student by 'n dosent nie. Dit is die studente se verantwoordelikheid om hul dosente te kontak en die boodskap self oor te dra.
- Kontakstudente moet volgens die dagrooster betyds vir klasse opdaag en dit, sover as absoluut moontlik, voorkom om laat op te daag. Om sonder gewigtige redes laat op te daag of aan te meld is 'n teken van onhoflikheid en miskenning van dosente en medestudente.

### **Gedrag op Kampus**

- Studente moet enige luidrugtigheid in die ontvangslokaal vermy.
- Studente mag nie voor klas of tussen periodes of selfs gedurende af periodes in die ontvangslokaal sit of rondstaan en geselskap met personeel voer nie. Die personeel word verhinder met die uitvoering van hulle pligte.
- Hou asseblief die toilette, studentekombuis en studente areas netjies!

### **Biblioteekfasiliteite**

- Studente moet die gedrags- en ander reëls soos vir die biblioteek vasgestel, streng nakom, veral ten opsigte van die uitneem van boeke en die stiptelike terugbesorging daarvan.
- Moenie biblioteekboeke laat rondlê nie. Indien 'n boek van 'n rak afgehaal word om in die biblioteek te gebruik of te raadpleeg, **MÓËT** dit ná gebruik op die boektafel geplaas word vir die biblioteekaresse om dit weer in die korrekte rakposisie te plaas.

- c. Die leeskamer agter in die biblioteek bevat boeke wat gereserveer is vir navorsing en mag onder **geen** omstandighede uitgeneem word nie. Studente mag die leeskamer gebruik ooreenkomstig sy doel, nl. navorsing. Boeke wat daar geraadpleeg word, moet op die tafel gelaat word, sodat die bibliotekaresse dit weer in die korrekte rakposisie kan plaas.
- d. Die rekenaars in die biblioteek is slegs bedoel vir studie of navorsing. Aangesien ons internettoegang beperk is, word studente versoek om bedagsaam teenoor ander studente (en die personeel!) op te tree deur nie onnodige lêers af te laai, eie programme op te gradeer, video's op YouTube te kyk, ens. nie.
- e. **Geen verversings** mag in die rekenaarvierkant, biblioteek of in 'n lesinglokaal ingeneem word nie. Dit geld óók koeldrank of bottels met water.
- f. Daar moet absolute stilte in die biblioteek (insluitende die rekenaarvierkant) gehandhaaf word, aangesien hierdie ruimte bedoel is vir studente wat navorsing wil doen. Harde gesprekke versteur die ernstige student se konsentrasie. Daar sal streng teen studente wat oortree, opgetree word.

### **Parkering**

Geen student mag onder een van die afdakke parkeer nie aangesien dit gereserveer is vir die voltydse dosente en administratiewe personeel.

### **Tee- en Etenspouse**

- a. Volgens die rooster is teetyd 10:40 – 11:10. Studente moet self voorsiening maak vir tee of koffie.
- b. Studente wat tot laat middag klasse moet bywoon, kry ook 30 minute etenstyd (13:10 – 13:40).
- c. Geen koppies/pierings of ander breekgoed mag uit die gebou geneem word nie.
- d. **Geen verversings** mag in die rekenaarvierkant, biblioteek of in 'n lesinglokaal ingeneem word nie. Dit geld óók koffie/tee/koeldrank of bottels met water.

### **Telefoongebruik**

Selfone moet tydens lesings en in die biblioteek en rekenaar vierkant afgeskakel word.

### **Toetse en Eksamens**

- a. Studente moet vir alle toetse, soos gereël, aanmeld en die eksamens in 'n baie ernstige lig beskou. Geen uitstel sal vir toetse of eksamens gegee word nie, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle. In geval van siekte moet 'n doktersbrief voorsien word.
- b. Studente moet 15 minute voor die aanvang van 'n skriftelike eksamen reeds aanmeld.

### **Staking van studies**

- a. Studente mag nie hulle studie staak sonder om die programkoördineerder en dekaan daarin te ken nie omdat daar vasgestelde datums is wat geld by die oorweging van terugbetaling van studiegeld.
- b. Studente moet deeglik kennis neem van die afsnydatums vir staking van vakke. Indien studente vakke ná die vasgestelde afsnydatums staak, **bly hulle vir die kostes van die vak(ke) wat gestaak word verantwoordelik.**
- c. Studente met akademiese probleme moet die betrokke fakulteit se dekaan of programkoördineerder spreek.

### **Noodplan**

- a. Aangesien die AP Akademie 'n openbare instelling is, beskik die APA oor 'n uitgewerkte noodplan volgens die reëls en bepalings van die Departement van Hoër Onderwys. Die noodplan word met die studente in die oriëntasieweek behandel.
- b. Daar word van studente verwag om 'n Noodplan-vorm te onderteken ter bevestiging van die feit dat almal van die plan kennis dra. Daar word ook van die studente verwag om die nodige mediese inligting en kontak besonderhede van naasbestaendes op die vorm te verstrek in geval van nood.

**BACCALAUREUS IN GEESTESWETENSKAPPE/BACHELOR OF ARTS (BA)  
GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 23375 (61409)  
MINIMUM 360-KREDIET PROGRAM OP VLAK 7 VAN DIE NASIONALE  
KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)**

## **INLEIDING**

Die doel van die BA-graad is om aan studente toegang te verleen tot verskeie beroepe in die geesteswetenskappe. Dit is tans vir die meeste studente by ons instelling die eerste stap tot beroepe in die teologie, onderwys, en sielkunde. Dit verleen ook toegang tot ander beroepsmoontlikhede in velde soos menslike hulpbronne, taal- en veelsydigheidsberoepe. Hierdie graad dien egter ook 'n baie wyer doel. Die rede is dat ons hier te make het met vakgebiede wat op besondere wyse in verband staan met meningsvorming, visie op die groter prentjie, asook die florering van mense in al hul lewensuitinge. By die APA word studente in hierdie belangrike velde spesifiek begelei om as Christene hulle lewe voor die aangesig van God krities te deurdink. Daarom is daar ook verpligte modules en studente het 'n keuse tussen Filosofie of Bybelkunde. Daar is ook 'n verpligte module genaamd Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing wat studente toerus om hulle studies welbewus as Christene te benader. Die doel is om studente in staat te stel om in elke vakgebied berekend kennis te neem van die grondslae en beste bydraes wat al gemaak is. Hulle word op hierdie wyse begelei om self die grondslae en bydraes effektief te integreer, en uiteindelik op die skouers van hulle wat ons voorgedaan het, skeppend te dink oor toepassings van die vakgebiede binne nuwe kontekste.

## **DUUR VAN DIE KURSUS**

Die BA-graad duur drie jaar voltyds en vier jaar deelyds. Dit mag egter nie vyf jaar oorskry nie.

## **TOELATINGSVEREISTES**

'n Persoon wat die BA wil volg, moet aan die volgende toelatingsvereistes voldoen:

### **1. Matrikulasievystelling**

'n Student met matriek vystelling kwalifiseer vir toelating tot die BA-graad op die volgende voorwaardes:

#### **Gematrikuleer 2008 en daarna**

1.1 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met 'n toelatings-puntetelling van **25** (die som van die TPT punte toegeken "achievement level" aan die 6 beste vakke op die NSS, **Lewensoriëntering uitgesluit**).

Minimum vereistes vir spesifieke vakke:

Afrikaans: 4 (50 – 59%) en Engels: 4 (50 – 59%)

Vir studente wat in die onderwys rigting wil studeer, met Wiskunde as skoolvak:

Wiskunde: 5 (60% +) (Wiskunde-geletterdheid kan nie vir toelating tot die vak Wiskunde oorweeg word nie). **OF**

1.2 'n Geldige sertifikaat wat bewys lewer van voorwaardelike vystelling van die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad (UMALUSI).

### **2. Voorwaardelike vystelling op grond van ouderdom van minstens 23 jaar (St.10 / Graad 12)**

Indien 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen, kan aansoek om voorwaardelike Vystelling gedoen word:

2.1 Indien die ouderdom van 23 jaar reeds op 1 Januarie van die jaar waarin vir die BA geregistreer word, bereik is; en

2.2 Indien een vak in matriek op hoër graad geslaag is; en

2.3 Indien ten minste vier graad 12 – vakke op Hoërgraad of op Standaardgraad met simbole A tot E geslaag is; en

2.4 Indien minstens drie vakke tydens een eksamensessie (eksamengeleentheid) geslaag is.

### 3. Vrystelling op grond van ouderdom 45 jaar of ouer

'n Persoon wat 45 jaar of ouer is, hoef geen skool kwalifikasie te besit alvorens vir vrystelling aansoek gedoen word nie.

### 4. Volledige vrystelling op grond van die behaling van 'n 3 of 4 jarige diploma

'n Persoon wat 'n 3 of 4 jarige diploma verwerf het aan 'n Technikon, 'n Onderwyserskollege, 'n Universiteit of 'n Verplegingskollege wat by 'n SA universiteit geaffilieer is, mag aansoek om algehele vrystelling doen op voorwaarde dat die persoon voor die aanvang van die diplomastudie oor 'n Senior Sertifikaat (dit is Matriek sonder vrystelling) beskik het.

5. **Studente het 'n telling van 25 nodig vir toelating tot die BA-program** (die som van die TPT punte toegeken "achievement level" van tot ses vakke, Lewensoriëntering uitgesluit).

6. Studente met 'n telling van 24 word **voorwaardelik toegelaat** om vir al hul vakke in te skryf, mits hulle die vakke in die eerste semester slaag. Indien die studente in gebreke bly om al die vakke te slaag, sal hulle oorgaan op die verlengde program.

7. Studente met 'n telling tussen 21 en 23 word **toegelaat tot die verlengde program** wat beteken dat 'n student met 'n telling tussen 21 en 23 in die eerste jaar net die verpligte vakke moet doen.

## SPEKIFIEKE INSTELLINGSVEREISTES

### Wiskunde toelatingstoets

Indien 'n student minder as 60% in die eindeksamen van Graad 12 vir Wiskunde (nie Wiskunde geletterdheid nie) behaal het, maar tog Wiskunde as vak wil neem sal die student toegelaat word om 'n Wiskunde toelatingstoets te skryf. Die studente wat die Wiskunde toelatingstoets skryf en dit met 60+% slaag sal toegelaat word om Wiskunde te neem.

## FINANSIES

Die volgende studiegeld is betaalbaar:

<b>Aansoekgeld:</b>	Nie-terugbetaalbare bedrag	<b>R500.00</b>
<b>Deposito:</b> (Die deposito vorm <b>deel van die studiegeld</b> en is dus nie 'n addisionele fooi nie)	Met registrasie moet die deposito van R11 600.00 betaal word, waarvan R10 000 dien as 'n terugbetaalbare bedrag <b>SLEGS INDIEN</b> daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.	<b>R11 600.00</b> (per jaar)

Bogenoemde gelde is verpligtend en 'n student wat dit nie betaal nie, word nie as 'n geregistreerde student van die Akademie beskou voordat die geld teen die aanvang van die akademiese jaar betaal is nie.

**Geen studie inligting sal tydens die Oriëntasietydperk voorsien word sonder bewys van betaling nie.**

### FINALE DATUMS VIR BETALING VAN VOLLE STUDIEGELD ELKE JAAR:

<b>Eerste Semester: 31 Maart</b> <b>Tweede Semester: 31 Augustus</b> Studente wat hier in gebreke bly, se volle akademiese diens word onmiddellik opgeskort indien die studiegeld nie teen die betrokke spertye betaal is nie. <ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Geen student sal toegelaat sal word om eksamen af te lê alvorens hul studiegelde op datum betaal is nie.</b></li><li>• <b>Geen student sal 'n Puntestaats ontvang of toegelaat word om vir die volgende semester/studiejaar in te skryf alvorens die student se agterstallige studiegeld ten volle betaal is nie.</b></li><li>• <b>Geen grade sal toegeken word indien studiegeld nie ten volle vereffen is nie.</b></li></ul>
--

## STUDIEGELD

<b>BA 1</b> Akademie Geletterdheid Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing Rekenaargeletterdheid Filosofie óf Bybelkunde Vak 1 Vak 2 Vak 3	R4 500.00 (per vak, per jaar) R4 500.00 (per vak, per jaar) R3 000.00 (per vak, per jaar) R7 500.00 (per vak, per jaar) R8 500.00 (per vak per jaar) R8 500.00 (per vak per jaar) R8 500.00 (per vak per jaar) <b>TOTAAL: R45 000.00</b>
<b>BA 2</b> Vak 1 Vak 2 Vak 3	R10 600.00 (per vak, per jaar) R10 600.00 (per vak, per jaar) R10 600.00 (per vak, per jaar) <b>TOTAAL: R31 800.00</b>
<b>BA 3</b> Hoofvak 1 Hoofvak 2 Navorsingsmetodologie Navorsingsprojek OF Navorsing- en statistiese metodes (studente wat in Sielkunde wil spesialiseer)	R12 720.00 (per vak, per jaar) R12 720.00 (per vak, per jaar) R 6 360.00 (per vak, per jaar) R 6 360.00 (per vak, per jaar) <b>TOTAAL: R38 160.00</b>
Hereksamengeld Hermerk van vraestel Senaatseksamen CAT/RPL	R1 000.00 (per vraestel) R1 000.00 (per vraestel) R1 000.00 (per vraestel) R 750.00 (per vak)

## KWYTSKELDINGS BY STAKING VAN STUDIE EN OF VAKKE

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het (soos op kalender aangedui), besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegetydig **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. **Die aansoekgeld en R1 600.00 van die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie. R10 000.00 dien as 'n terugbetaalbare bedrag SLEGS INDIEN daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.**

Indien studente **ná** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegetydig, **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie **ná** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die volle tweede semester.

Alle gelde wat betaalbaar is, word direk in die AP Akademie se bankrekening inbetaal, waarna die bewys van betaling aan die rekenmeester ([betalings@apa.ac.za](mailto:betalings@apa.ac.za)) deurgestuur word. Waar studente 'n studielening ontvang, word die toekenning direk en ten volle op hul studie-rekening

inbetaal en nie aan die studente nie, tensy daar 'n krediet tot hul beskikking is. Indien die toekenning minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die studente verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

## KURRIKULA/PROGRAMSAMESTELLING

**Hierdie kwalifikasie bied toegang tot soortgelyke kwalifikasies op NKR-vlak 7. Dit kan na voltooiing toegang bied tot kwalifikasies op NKR-vlak 8 indien die student van studierigting of loopbaan wil verander.**

JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Akademiese Geletterdheid (verpligtend)	AKG1052	5	12
	Bybelkunde (verpligtend) of Filosofie (verpligtend)	BYB1152 FIL1152	5	12
	Rekenaargeletterdheid (verpligtend)	RGL1151	5	6
	Keusevak 1		5	12
	Keusevak 2		5	12
	Keusevak 3		5	12
Sem. 2	Bybelkunde (verpligtend) of Filosofie (verpligtend)	BYB1252 FIL1252	5	12
	Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing (verpligtend)	GLW1252	5	12
	Keusevak 1		5	12
	Keusevak 2		5	12
	Keusevak 3		5	12
	<b>Totale krediete</b>			<b>126</b>

JAAR 2	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Keusevak 1		6	20
	Keusevak 2		6	20
	Keusevak 3		6	20
Sem. 2	Keusevak 1		6	20
	Keusevak 2		6	20
	Keusevak 3		6	20
	<b>Totale krediete</b>			<b>120</b>

JAAR 3	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Navorsingsmetodologie (verpligtend)	NVM3172	7	12
	Keusevak 1		7	24
	Keusevak 2		7	24
Sem. 2	Navorsingsprojek (verpligtend) of Navorsing- en Statistiese Metodes (verpligtend)	NPJ3272 NSM3272	7	12
	Keusevak 1		7	24
	Keusevak 2		7	24
	<b>Totale krediete</b>			<b>120</b>

### **Eerstejaar**

In die eerstejaar neem die student drie keusevakke asook drie fundamentele verpligte vakke, naamlik Akademiese Geletterdheid, Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing, Rekenaargeletterdheid en Bybelkunde- óf Filosofie.

### **Tweedejaar**

In die tweedejaar neem die student drie vakke gekoppel aan die vakkeuses van hul eerstejaar.

### **Derdejaar**

In die derdejaar neem die student twee hoofvakke asook verpligte vakke, naamlik Navorsingsmetodologie en 'n Navorsingsprojek. Studente wat Sielkunde tot op NKR-vlak 7 neem, is verplig om die module Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM3272) in die plek van die Navorsingsprojek (NPJ3272) te doen.

Die volgende bepaling word saam met bogenoemde geles:

### **Belangrike inligting ten opsigte van vereistes, kombinasies en kombinasiereëls (Samestelling van die kursus)**

#### **Aantal vakke:**

Die kursus duur drie jaar en bestaan uit minstens 360 krediete in totaal, maar 'n student mag verdere vakke vir nie-graad doeleindes neem.

### **KOMBINASIEREËLS**

Die kombinasies vereis van studente om vakinhoude op 'n bepaalde NKR-vlak eers volledig te bemeester voordat na 'n hoër vlak beweeg word.

In die algemeen bepaal die kombinasiereëls dat die voltooiing van modules op 'n laer NKR-vlak nodig is ten einde na 'n hoër vlak te beweeg.

#### **Keusevakke**

Studente mag 'n keuse maak uit die volgende vakke:

Afrikaans, Bybelkunde, Christelike Berading, Duits, Ekonomie, Engels, Filosofie, Geografie, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus, Kommunikasiekunde, Latyn, Politieke wetenskap, Rekenaartegnologie, Sepedi, Sielkunde, Sosiologie, Wiskunde vir Onderwysstudente.

#### **Hoofvakke**

'n Student kies twee hoofvakke uit die vakke hierbo genoem. Die keuse van hoofvakke kan deur die loop van die studie verander word. 'n Hoofvak is 'n vak ten opsigte waarvan 'n student die vak tot op derdejaarsvlak (NKR-vlak 7) voltooi.

#### **Verpligte vakke**

**Vergelyk die volgende vakke met die uitkomstebeskrywing by elke vak wat volg**

<b>Eerstejaar</b> <ul style="list-style-type: none"><li>➤ Akademiese Geletterdheid (AKG1052)</li><li>➤ Filosofie (FIL1152/1252) <b>óf</b> Bybelkunde (BYB1152/1252)</li><li>➤ Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing (GLW1252)</li><li>➤ Rekenaargeletterdheid (RGL1151)</li></ul>
<b>Tweedejaar</b> <p>Geen verpligte vakke.</p>
<b>Derdejaar</b> <ul style="list-style-type: none"><li>➤ Navorsingsmetodologie (NVM3172)</li><li>➤ Navorsingsprojek (NPJ3272) <b>óf</b></li><li>➤ Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM3272) → <b>Verpligtend vir studente wat Sielkunde tot op NKR-vlak 7 neem.</b></li></ul>



### Minimum aantal studente per vak:

Die AP Akademie behou die reg voor om nie 'n vak vir studente aan te bied, indien die klasgetalle dit nie regverdig nie. Vir eerstejaarstudente, word die minimum aantal studente per vak op vier vasgestel.

### Voornemende Sielkunde studente

Vir studente wat na voltooiing van die BA elders verder in die Sielkunde wil studeer, is Sielkunde 1, 2 en 3, Sosiologie 1, 2 en 3 asook Navorsing en Statistiese Metodes verpligtend. Studente wat in die Sielkunde verder wil studeer, moet **betyds** by ander instellings navorsing doen oor toelatingsvereistes.

## AKKUMULASIE VAN AKADEMIESE KREDIETE

Ten einde die **BA-graad** (NKR-vlak 7) te verwerf, moet 'n student altesaam minstens 360 krediete verkry.

- BA 1 keusevakke het 'n kredietwaarde van 24 (12 per module, per semester). Die verpligte vakke het 'n wisselende kredietwaarde van tot 12 krediete.
- BA 2 keusevakke het 'n kredietwaarde van 40 (20 per module, per semester).
- BA 3 se keuse/hoofvakke het 'n kredietwaarde van 48 (24 per module, per semester). Die verpligte modules van die derdejaar het 'n kredietwaarde van 12.

'n Student ontvang erkenning vir krediete sodra 'n vak suksesvol geslaag is.

Sodra 'n BA-studente al die vereiste vakke oor die drie jaar heen (of oor 'n langer tydperk) geslaag het, kwalifiseer hulle vir die toekenning van die geakkrediteerde BA-graad.

Die BA-graad duur drie jaar voltyds en vier jaar deelyds. Dit mag egter nie vyf jaar oorskry nie.

## UITKOMSTEBESKRYWING

Hierdie afdeling bevat 'n kort beskrywing van die inhoud van elke vak.

Elke krediet soos aangetoon naas die vaknaam verteenwoordig 10 ure van leer en onderrig (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure) – **Vergelyk: Omskrywing rakende leer en onderrig**

### Afrikaans

**Van studente word verwag om in die eksamen 'n subminimum van 40% in beide Taal- en Letterkunde te verwerf.**

<b>AFR1152</b>	<b>Afrikaans 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomste te bereik het:

- begryp en bespreek die ontstaan van Afrikaans te deur verwysing na die Europese, plaaslike en internasionale invloede;
- pas kennis oor die morfologie toe ten einde woordvormingsprosesse te identifiseer en/of te verklaar;
- gebruik basiese kennis van die sintaksis om woordsoorte te klassifiseer en enkelvoudige sinne te ontleed;
- gebruik spel-, skryfteken- en leestekenreëls in die AWS ten einde foutlose skryfstukke in Afrikaans te lewer, asook om ongeredigeerde dokumente te verbeter.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomste te bereik het:

- ontleed Afrikaanse gedigte deur gebruik te maak van die korrekte vakterminologie en metodes;
- ontleed verhalende tekste, naamlik 'n drama, kortverhaal en/of roman narratologies en plaas in konteks;

- begryp en interpreteer die struktuur, ontwerp en samehang van verhalende, sowel as algemene taaltekste.

<b>AFR1252</b>	<b>Afrikaans 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- begryp en bespreek die ontstaan van Afrikaans te deur verwysing na die Europese, plaaslike en internasionale invloede;
- pas kennis oor die morfologie toe ten einde woordvormingsprosesse te identifiseer en/of te verklaar;
- gebruik basiese kennis van die sintaksis om woordsoorte te klassifiseer en enkelvoudige sinne te ontleed;
- gebruik spel-, skryfteken- en leestekenreëls in die AWS ten einde foutlose skryfstukke in Afrikaans te lewer, asook om ongeredigeerde dokumente te verbeter.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- ontleed Afrikaanse gedigte deur gebruik te maak van die korrekte vakterminologie en metodes;
- ontleed verhalende tekste, naamlik 'n drama, kortverhaal en/of roman narratologies en plaas in konteks;
- begryp en interpreteer die struktuur, ontwerp en samehang van verhalende, sowel as algemene taaltekste.

<b>AFR2163</b>	<b>Afrikaans 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van Afrikaanse taalkunde en belangrike taalkundiges se bydrae;
- toon 'n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking in verskillende benaderings wat in Afrikaanse taalkunde gebruik word;
- vergelyk sinchroniese en diachroniese Afrikaanse taalkunde;
- verduidelik die verband tussen fonetiek en fonologie;
- verduidelik die spraakproses en die drie produksiefases;
- verduidelik, benoem en ken die hoofkragte in klankverskynsels uit, naamlik reduksie en assimilasië;
- bespreek vokale fonologies met spesifieke verwysing na ronding.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- begryp wat die perspektief op die Afrikaanse prosa in die twintigste eeu was;
- bespreek en ontleed die unifikasie en politieke ontvoogding van Suid-Afrika krities;
- trek peil op literêre strominge en bewegings, aan die hand van politieke en geskiedkundige gebeure;
- plaas voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans kontekstueel, histories en literêr;
- ontleed voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans narratologies en analities;
- skryf wetenskaplik korrekte verslae en besig deurentyd akademiese taal.

<b>AFR2263</b>	<b>Afrikaans 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van Afrikaanse taalkunde met spesifieke verwysing na sintaksis – die naamwoordstuk, adjektiefstuk, stelselgroep en werkwoordstuk;

- toon 'n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking in die area van Afrikaanse sintaksis en pragmatiek;
- ken die belangrikste teorieë en terminologie in die studieterrrein pragmatiek en wend dit aan in die kritiese analise van verskillende tipes taalhandelinge;
- gebruik die belangrikste sosiolinguistiese terminologie in die kritiese ontleding van verskillende taalvariëteite;
- verduidelik die metodologie van belangrike sosiolinguistiese studies;
- bespreek geslag, sosiale klas en ouderdom as sosiolinguistiese veranderlikes;
- omskryf die terme lingua franca, pidgins en kreole;
- bespreek die rol van taal en kultuur in gebruiksvariasie.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- begryp wat die perspektief op die Afrikaanse prosa in die twintigste eeu was;
- trek peil op literêre strominge en bewegings, aan die hand van politieke en geskiedkundige gebeure;
- plaas voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans kontekstueel, histories en literêr;
- ontleed voorgeskrewe kortverhale, dramas en romans narratologies en analities;
- skryf wetenskaplik korrekte verslae en besig deurentyd akademiese taal;
- identifiseer, benoem en stel sinstukke voor in boomdiagramformaat in konteks van 'n enkelvoudige sin;
- gebruik terreinspesifieke terminologie en konsepte vir die terreine van die pragmatiek;
- bespreek sosiolinguistiese metodologie en terminologie.

<b>AFR3174</b>	<b>Afrikaans 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- beskryf wat met die studie van sintaksis bedoel word;
- demonstreer dat hy/sy oor uitgebreide geïntegreerde kennis van die sintaktiese komponent van taal beskik;
- toon dat hy/sy oor geïntegreerde kennis van die naamwoordstuk, die adjektiefstuk, die werkwoordstuk, sinskonstruksies, tempus, modaliteit en aspek asook adjunkte beskik;
- oplossing van probleme ten opsigte van sintaksis kan doen;
- bewys dat hy/sy oor die vermoë beskik om toepaslike sintaktiese prosesse toe te pas en te beskryf;
- identifiseer wat sy/haar spesifieke leerbehoefes ten opsigte van die kennisveld is en diensooreenkomstig aanpassings te maak;
- verduidelik en te motiveer waarom sekere sintaktiese aanduidings plaasvind en/of gemaak word;
- beskryf hoe sintaksis funksioneel benader kan word.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer dat hy/sy oor 'n geïntegreerde kennis van die belangrikste literatuurbenaderings van die 20ste en 21ste eeu as veld van studie beskik;
- toon dat hy/sy oor uitgebreide kennis van die literêre terminologie beskik en dit toe te pas in die veld van studie;
- beskryf wat die agtergrond van die historiese tydperk onderliggend aan die literatuurtydperk was;
- beskryf wat die poësie van die beweging van die sestigerjare sowel as 1980–2018 is,
- demonstreer dat hy/sy oor 'n gedetailleerde kennis van poësie van die 20ste en 21ste eeu beskik;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, asook die toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld, dissipline en/of praktyk.

<b>AFR3274</b>	<b>Afrikaans 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module se **taalkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- oor 'n geïntegreerde kennis van fonetiek, fonologie, semantiek, pragmatiek en leksikografie as areas van spesialisasie beskik;
- 'n evaluering kan gee van aspekte en/of fasette van kennis wat tipies tot die velde van die fonetiek, fonologie, semantiek, pragmatiek en leksikologie behoort;
- 'n keuse kan uitoefen ten opsigte van die oplossing van probleme wat tot genoemde velde van die Afrikaanse taalkunde behoort;
- oor die vermoë beskik om toepaslike inligting ten opsigte van genoemde velde van die Afrikaanse taalkunde te versamel, evalueer en kommunikeer met goed geformuleerde en akademies gebaseerde argumente;
- jou eie idees, menings en insigte ten opsigte van die fonetiek, fonologie, semantiek, pragmatiek en leksikografie te kan formuleer.

Na voltooiing van hierdie module se **letterkunde-afdeling** behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- bespreek die opvoeringsgerigtheid van 'n drama;
- onderskei die verskil tussen die hoofteks van 'n drama en die neweteks (didaskalia) en analiseer die rol daarvan in die interpretasie van die voorgeskrewe dramas;
- toon die plek van die voorgeskrewe dramas aan in die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse drama en motiveer dit;
- analiseer die tyds- en ruimtelike aspekte van die voorgeskrewe dramas krities;
- wys die kenmerke van die klassieke epos uit en toon die verskille aan met die voorgeskrewe moderne epos;
- analiseer die verskille tussen die held en die anti-held in twee voorgeskrewe eposse;
- toon die kenmerke aan van 'n historiese drama en pas dit toe op die voorgeskrewe roman;
- analiseer die hoofkarakter se ontwikkeling in die loop van die roman.

### **Akademie Geletterdheid**

<b>AKG1052</b>	<b>Akademie Geletterdheid</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------------------	-------------------	----------------------

**Studente wat nie AKG1052 in die eerste studiejaar slaag nie, kan nie met hulle volgende studiejaar voortgaan alvorens AKG1052 suksesvol geslaag is nie**

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- bespreek basiese studiemetodes, asook die eise van tersiêre studie en basiese studievaardighede;
- formuleer bronverwysings: in 'n teks en in 'n Bronnelys;
- demonstreer basiese taal- en leesvaardighede in skryfstukke in Afrikaans en Engels;
- reflekteer korrekte akademiese skryfvaardighede en begryp die belang van korrekte spelling;
- identifiseer die belangrikste en kerngedagtes van 'n akademiese leesstuk, dus die prosessering en bestuur asook beheer van inligting;
- produseer, kommunikeer en bestuur akademiese inligting in skryfstukke.

### **Bybelkunde**

<b>BYB1152</b>	<b>Bybelkunde 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- die vermoë om vanuit 'n gereformeerde perspektief na die Bybel te kyk en te verklaar;
- die vermoë om oor die eienskappe van die Bybel as die geopenbaarde en geïnspireerde Woord van God te redeneer en argumente te evalueer;

- die vermoë om die breë lyne van die heils- en openbaringsgeskiedenis soos in die Heksateug (Genesis tot Josua), asook Rigters en Rut uiteengesit, weer te gee;
- toepassing te maak vanuit die Heksateug, Rigters en Rut met betrekking tot die geloofs- en etiese lewe van vandag;
- die vermoë om hierdie kennis in goed geformuleerde argumente te formuleer en te kommunikeer;
- die vermoë om mede-studente se uitsette te evalueer en regstellings/verbeterings voor te stel.

<b>BYB1252</b>	<b>Bybelkunde 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n grondige kennis met betrekking tot die inhoud van die boeke 1 en 2 Samuel, 1 Kronieke en Psalms;
- gee 'n oorsig oor die inhoud van 1 en 2 Samuel en 1 Kronieke;
- bespreek en maak grondige toepassings vanuit die geskiedenis van 1 en 2 Samuel en 1 Kronieke en die inhoud van Psalms met betrekking tot die geloofs- en etiese kwessies;
- beskik oor die vermoë om vanuit die boek en 2 Samuel en 1 Kronieke die lyne na Christus aan te dui;
- bespreek en verskeie oorkoepelende temas vanuit die boek Psalms;
- verklaar en toon aan vanuit die Messiaanse Psalms hoe dit heenwys na die koms van Christus;
- definieer en verklaar die betekenis van die term "Sinoptiese Evangelie";
- demonstreer 'n grondige kennis met betrekking tot die inhoud van die Sinoptiese Evangelies en Johannes;
- bespreek en maak grondige toepassings vanuit die Sinoptiese Evangelies en Johannes met betrekking tot die geloofs- en etiese kwessies;
- gee 'n oorsig oor die gebeure en volgorde van die lydensweek, opstanding en hemelvaart van Christus;
- formuleer grondige argumente vanuit die Evangelie volgens Johannes met betrekking tot die godheid van Christus;
- demonstreer 'n grondige kennis met betrekking tot die inhoud van Handeling;e;
- bespreek en maak grondige toepassings vanuit die Handeling;e met betrekking tot die geloofs- en etiese kwessies.

<b>BYB2163</b>	<b>Bybelkunde 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- die vermoë om die teologiese kennis te vanuit verskillende bronne te versamel (navorsing te doen);
- die vermoë om die breë lyne aangaande die openbaringsgeskiedenis soos in u Testamentiese geskiedenis en profete beskryf, weer te gee;
- toepassing te maak vanuit die narratiewe van die Ou Testament, asook wysheids- en profetiese literatuur met betrekking tot die geloofs- en etiese lewe van vandag.
- die vermoë om hierdie kennis in goed geformuleerde argumente te kommunikeer;
- die vermoë om mede-studente se uitsette te evalueer en regstellings/verbeterings voor te stel.

<b>BYB2263</b>	<b>Bybelkunde 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na bestudering van hierdie leereenheid behoort studente in staat te wees om die volgende te kan doen:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van die inhoud van Jakobus en die Pauliniese briewe;
- bespreek die teologie van Jakobus en die Pauliniese briewe;

- posisioneer die skrywe van Jakobus en die Pauliniese briewe binne die geskiedenis van die vroeg-Christelike kerk soos verhaal in die boek Handeling;e;
- formuleer en kommunikeer grondige argumente met betrekking tot die daaglikse lewe vanuit Jakobus en die Pauliniese briewe.

<b>BYB3174</b>	<b>Bybelkunde 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- die vermoë om die teologiese kennis te vanuit verskillende bronne te versamel (navorsing te doen);
- die vermoë om die breë lyne aangaande die openbaringsgeskiedenis soos Ou testamentiese geskiedenis en profete beskryf, weer te gee;
- toepassing te maak vanuit narratiewe en profetiese literatuur met betrekking tot die geloofs- en etiese lewe van vandag;
- die vermoë om hierdie kennis in goed geformuleerde argumente te kommunikeer;
- die vermoë om mede-studente se uitsette te evalueer en regstellings/verbeterings voor te stel.

<b>BYB3274</b>	<b>Bybelkunde 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na bestudering van hierdie leereenheid behoort studente in staat te wees om die volgende te kan doen:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van die boodskap van die boeke Haggai, Sagaria en Maleagi ten opsigte van die geskiedenis en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met die boodskap van die Ou Testament in verband staan, veral met betrekking tot die Messias verwagting van die Joodse volk;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis en wat tipies binne die area van die studie lê, veral met betrekking tot Messias verwagting van die Joodse volk;
- toon geïntegreerde kennis van die inhoud van Haggai, Sagaria en Maleagi, met betrekking tot die tema van herstel;
- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van die boodskap van die Algemene Briewe en Openbaring en hul en kommunikeer hoe hierdie uitgebreide kennis met die boodskap van die Nuwe Testament in verband staan;
- toon, evalueer en verduidelik betwiste kennis, veral met betrekking tot die fondament van die geloof vanuit die Algemene Briewe en Openbaring;
- toon geïntegreerde kennis van die inhoud van die Algemene Briewe en Openbaring.

### **Christelike Berading**

<b>CHB1152</b>	<b>Christelike Berading 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van basiese Bybelse berading, asook insig in hoe verskillende Sielkundige modelle beoordeel word aan die hand van Christelike beginsels
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik die Cornell opsommingsmetode;
- definieer en evalueer bepaalde Teologiese begrippe: verlossing, heiligmaking, ekklesiologie en eskatologie met toespitsing op berading;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- selekteer en pas metodes van Christelike analisering en basiese evaluering tegnieke op Sielkundige modelle toe;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende die Bybelse beradingsmodel en hoofstroom Sielkundige modelle, en die weergee daarvan in referaatvorm met beperkte omvang;

- beoordeel, hanteer en weergee van die Bybelse beradingsmodel en sekulêre modelle.

<b>CHB1252</b>	<b>Christelike Berading 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van persoonlike kwessies wat berading verg vanuit 'n Christelike benadering;
- toon insig in berading van uit 'n Bybelse perspektief;
- pas Bybelse beginsels op die beradingsopset toe;
- wees op hoogte van hulp aan 'n beradene met die hantering van verliese;
- bemeester die basiese tegnieke rakende krisisintervensie;
- analiseer Dood as sielkundige fenomeen;
- bemeester sleutelaspekte rakende berading by selfmoordvoorkoming en by die naspel van selfmoord;
- beskryf kerntemas in die studie van aandagafleibaarheid en verwante probleme;
- bespreek probleem eetgewoontes met spesifieke verwysing na Anorexia en Bulimia;
- demonstreer grondliggende kennis in die berading van siekes;
- toon perspektief op die tema van God se wil relevant tot berading.

<b>CHB2163</b>	<b>Christelike Berading 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van basiese Ontwikkelingsielkundige, asook insig in die relevante sedelike kwessies aan die hand van Christelike beginsels;
- toon 'n bevoegdheid in die bespreking van kindwees en kinderberading;
- definieer en evalueer bepaalde opvoedingskwessies met spesifieke verwysing na druipe en presteer op skool;
- toon die vermoë om verantwoordelik etiese kwessies te beoordeel veral rakende die tienerfase;
- selekteer en pas metodes van Christelike berading toe op morele kwessies;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende middeljare en gerontologie.

<b>CHB2263</b>	<b>Christelike Berading 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van basiese Ontwikkelingsielkundige, asook insig in die relevante sedelike kwessies aan die hand van Christelike beginsels;
- toon 'n bevoegdheid in die bespreking van kindwees en kinderberading;
- definieer en evalueer bepaalde opvoedingskwessies met spesifieke verwysing na druipe en presteer op skool;
- toon die vermoë om verantwoordelik etiese kwessies te beoordeel veral rakende die tienerfase;
- selekteer en pas metodes van Christelike berading toe op morele kwessies;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende middeljare en gerontologie.

<b>CHB3174</b>	<b>Christelike Berading 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van basiese Bybelse beoordeling van seksuele gedrag aan die hand van Christelike beginsels;
- toon 'n bevoegdheid in die weergee van interpersoonlike kwessies en 'n metode van konflikthantering;

- definieer en evalueer bepaalde begrippe: moraliteit, kuisheid, teistering, molestasie en verkragting met toespitsing op berading van slagoffers;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- selekteer en pas metodes van Christelike analisering en basiese evaluerings tegnieke op kontensieuse morele kwessies toe;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende sedelike moraliteit, en die weergee daarvan in referaatvorm met beperkte omvang;
- beoordeel, hanteer en weergee van Collins se Christelike beradingsmodel rakende sedelike kwessies.

<b>CHB3274</b>	<b>Christelike Berading 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van Christelike benadering tot lewensafrigting, asook insig in hoe verskillende afrigtingstegnieke toegepas kan word aan die hand van Christelike beginsels;
- toon 'n bevoegdheid in die berading van kwessies en aanverwante etiese vraagstukke
- demonstreer die vermoë om geestesprobleme te analiseer;
- selekteer en pas metodes van Christelike berading toe op beradenes wat worstel met die problematiek van verslawing en voorligting;
- definieer en evalueer die kompleksiteit van gestremdheid binne die beradingskonteks
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie en beoordeling van inligting rakende substansie afhanklikheid;
- beoordeel, hanteer en weergee van beradingsbeginsels toegepas op beroeps- en finansiële voorligting vanuit 'n Bybelse perspektief.

## Duits

<b>DTS1152</b>	<b>Duits 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – selfstandige naamwoorde en nominatiewe, datiewe en akkusatiewe naamvalle; persoonlike, besitlike, vraende voornaamwoorde; reëlmatige, onreëlmatige, modale werkwoorde in die teenwoordige en verlede onbepaalde tyd; imperatiewe werkwoorde; woordorde, voorsetsels;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.



<b>DTS1252</b>	<b>Duits 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – selfstandige naamwoorde en die nominatief, genitief, datief en akkusatief naamval; persoonlike, besitlike, vraende, onbepaalde, demonstratiewe, relatiewe, refleksiewe voornaamwoorde; reëlmatige, onreëlmatige, modale werkwoorde in die teenwoordige en verlede onbepaalde tyd; konjunktiewe modus; woordorde, voorsetsels, vergelyking van byvoeglike naamwoorde en bywoorde;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste en literatuur toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

<b>DTS2163</b>	<b>Duits 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – (die passief – modale werkwoorde in die huidige onbepaalde tyd, voltooide teenwoordige tyd en verlede onbepaalde tyd; persoonlike voornaamwoorde in nominatief, datief en akkusatief naamvalle; Ordinale getalle, attributiewe byvoeglike naamwoorde in die nominatiewe naamval sonder lidwoorde; attributief byvoeglike naamwoorde in die genitief naamval sonder lidwoorde; hoofsinne + infinitiefsinne; voegwoord – modale werkwoorde, ontkennde sinne, teenwoordige volmaakte tyd; SMS-taal; voegwoord – *sein, haben, werden* & sommige onreëlmatige werkwoorde – *finden, kommen*; afkortings; modale werkwoord "*möchte*"; bywoorde; attributiewe byvoeglike naamwoord as selfstandige naamwoord; gekombineerde sinne; attributiewe byvoeglike naamwoorde in die datief en akkusatief; vraende voornaamwoorde; da- & wo-verbinding; attributiewe byvoeglike naamwoorde en teenoorgesteldes;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

<b>DTS2263</b>	<b>Duits 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Duitse grammatika – (refleksiewe werkwoorde; die persoonlike voornaamwoord "jy" & meervoud; voegwoord "*dass*" & ander

ondergeskikte voegwoorde; attributiewe byvoeglike naamwoorde sonder lidwoorde in die genitief naamval; negatiewe lidwoord "*kein*"; woordorde verander; Vraende voornaamwoorde; rangtelwoorde; verlede volmaakte tyd; konjunktiewe hoofletter "*weil*"; woordorde; gekombineerde sinne, relatiewe voornaamwoorde; selfstandige naamwoorde wat in attribuut byvoeglike vorm gebruik word;

- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

<b>DTS3174</b>	<b>Duits 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid om Duitse grammatika te gebruik – (woordorde in 'n sin; ontkenning; vergelykende sinne met *als*, *wie* en *je ...*, *desto lums*; die woord / persoonlike voornaamwoord "dit"; dubbele voegwoorde; voegwoorde *um zu*, *ohne zu*, *(an)statt zu* + infinitief & alternatiewe; relatiewe sinne; naamwoord-werkwoordverbindings);
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

<b>DTS3274</b>	<b>Duits 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, die kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- toon 'n bevoegdheid om Duitse grammatika te gebruik – (Passief met *sein* (om te wees); vergelykingsinne *mit als*, *als ob* und *als wenn* in die voegvorm; tekskoherensie; modale sinne met *dadurch*, *dass*, *indem*; selfstandige naamwoorde, werkwoorde en byvoeglike naamwoorde met voorsetsels; indirekte rede met konjunktief I; nominale styl van werkwoorde; modale deeltjies; deelwoorde as byvoeglike naamwoorde; voegwoord "*während*", voorsetsels met genitief);
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

## **Ekonomie**

<b>EKN1152</b>	<b>Ekonomie 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- verstaan die ontologie van ekonomie, wat dit spesifiek maak en hoe dit verskil van nie-ekonomiese fenomene;
- begryp die moontlikheidsvoorwaardes vir die ontstaan van 'n werkende ekonomie;
- gee 'n basiese oorsig van die sub-elemente van al die aktiwiteite wat onder 'ekonomie' val;
- verstaan die werkinge van 'n mikro- sowel as makro-ekonomie;
- verstaan die vier sleutelbegrippe van produksie, naamlik grond, arbeid, kapitaal en ondernemingsgees;
- gee 'n globale geheelbeeld van die ontwikkeling van die Westerse ekonomie weer;
- verstaan die invloed van sleuteldenkers.

<b>EKN1252</b>	<b>Ekonomie 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- skets hoe die verskillende sektore van die gemengde ekonomie by mekaar pas;
- verduidelik die vyf makro-ekonomiese doelwitte en die implikasies van die interaksie tussen veranderinge in een of meer van 'n wye reeks makro-ekonomiese kragte (ekonomiese groei en ontwikkeling; inflasie; werkloosheid; die betalingsbalans en wisselkoerse);
- beskryf hoe die prestasie van die ekonomie gemeet word;
- verstaan vraag en aanbod en markewewig en die interaksie tussen verwante markte;
- verstaan hoe totale ekonomiese aktiwiteit gemeet word;
- verduidelik die vraag na geld en hoe die aanbod van geld bepaal word en die basiese instrumente van monetêre beleid en die funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
- verstaan die rol van die regering in die ekonomie en fiskale beleid;
- verstaan die betekenis en uitdagings van globalisering en internasionale ekonomiese integrasie en die betalingsbalans en wisselkoerse.

<b>EKN2163</b>	<b>Ekonomie 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- identifiseer die temas van mikro-ekonomie;
- toon aan wat 'n mark is;
- onderskei tussen reële en nominale pryse;
- verduidelik waarom die studie van mikro-ekonomie nodig is;
- omskryf hoe gebruikersvoorkeur uitgedruk word;
- verduidelik hoe 'n verbruiker beperk word deur sy of haar begroting;
- toon aan hoe 'n verbruiker 'n keuse uitvoer gegewe sy of haar voorkeur en begrotingsbeperkings;
- definieer, algebraïes en grafies, wat grensnut is;
- lei die vraagkromme vanuit die verbruikersvoorkeur en begroting af;
- verduidelik wat die inkome en substitusie effek is;
- vergelyk die verskil tussen markvraag en individuele vraag;
- lig met voorbeelde toe wat positiewe en negatiewe eksternaliteite is;
- definieer wat risiko is;
- bereken en kwantifiseer risiko;
- verduidelik wat mense se voorkeur vir risiko is;
- toon aan hoe risiko kan verminder of gedeeltelik elimineer kan word;
- verduidelik die teorie van die firma;

- bereken die produksiefunksie van 'n firma uit;
- toon aan wat die verskil tussen die gemiddelde produk en grensproduk is;
- beeld grafies uit hoe arbeid en kapitaal 'n firma se produksiebesluite kan beïnvloed;
- bereken die tegniese grenskoers van substitusie;
- definieer wat skaalopbrengs is;
- onderskei tussen die verskillende soorte definisies van koste;
- bereken totale koste en grenskoste;
- omskryf en grafies uitbeeld hoe 'n firma se koste lyk in die korttermyn;
- omskryf en grafies uitbeeld hoe 'n firma se koste lyk in die langtermyn;
- identifiseer wat die eienskappe van 'n perfekte mededingende mark is;
- bereken wins van 'n firma;
- aan te toon teen watter uitset wins maksimeer word;
- grafies uitbeeld wat 'n firma se korttermyn aanbodkromme is;
- onderskei tussen kortermyn aanbodkromme en langtermyn aanbodkromme van 'n firma op 'n winsmaksimeringspunt;
- evalueer wat die effek is van owerheidsin mening vir verbruikers en produsente;
- bereken verbruikers en produsentesurplus;
- onderskei tussen die effek van prys ondersteuning en produksie kwotas;
- verduidelik wat invoer kwotasie en tariewe is;
- grafies aantoon watter effek owerheidsinmening het op markte;
- definieer wat 'n monopolie is;
- toon aan by watter punt die monopolis wins maksimeer op 'n grafiek;
- bereken by watter punt die monopolis wins maksimeer;
- verduidelik wat die determinante van monopolie mag is;
- bespreek wat die sosiale koste van 'n monopolie is;
- verduidelik wat antitrust wette is;
- verduidelik die doel van monopolie-mag;
- lys drie verskillende prysstrategieë te;
- bespreek Prysdiskriminasies en twee deel tariewe as prysstrategieë;
- verduidelik wat spelteorie is;
- interpreteer verskillende spelprobleme;
- definieer 'n dominante strategie;
- definieer 'n Nash-ewewig;
- bespreek spel strategie vir herhalende en opeenvolgende spele;
- onderskei tussen inset en uitsetmarkte;
- toon aan dat insetmarkte 'n afgeleide vraag het;
- analiseer die winsmaksimeringspunt in 'n mark vir produksiefaktore;
- bespreek die inkomste en substitusie effek op die aanbod van arbeid.

<b>EKN2263</b>	<b>Ekonomie 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van Suid-Afrikaanse ekonomiese data;
- demonstreer die vermoë om die hoofbronne van data op elke aanwyser en die tegnieke vir die interpretasie en ontleding van ekonomiese data te identifiseer;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van en interpreteer en verduidelik die betekenis, relevansie en toepassing van die volle reeks ekonomiese aanwysers;
- lees en interpreteer grafieke en het 'n grondige praktiese kennis van ekonomiese aanwysers om ekonomiese data te vind, te verstaan en te interpreteer;
- bespreek en som die belangrikste kenmerke en probleme van die Suid-Afrikaanse ekonomie op.

<b>EKN3174</b>	<b>Ekonomie 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer die vermoë om sy/haar eie fiskale modelle te ontwikkel;
- demonstreer die vermoë om by rudimentêre voorspellings betrokke te raak;
- identifiseer swakhede in regeringsbeleid;
- herken die beperkings op predikatiewe modelle;
- pas kontemporêre modelle toe;
- demonstreer die vermoë om deel te neem aan 'trendspotting' op mikrovlak;
- demonstreer die vermoë om hul eie voorspellende modelle te skep;
- ontwikkel alternatiewe vir bestaande modelle;
- demonstreer 'n geïntegreerde begrip van handelsmerk, digitale bemaking, inligtingsgebaseerde kapitalisme, hedendaagse weergawes van Marxisme, en die verskillende druk-en-trek-faktore van hedendaagse kapitalisme.

<b>EKN3274</b>	<b>Ekonomie 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- ontleed, kontekstualiseer, sintetiseer en beredeneer op 'n logiese, objektiewe en beredeneerde wyse;
- sien die “groot prentjie” en nie net die detail van 'n spesifieke, eng probleem nie;
- demonstreer 'n geïntegreerde begrip van standpunte wat in openbare en professionele debat oor die Suid-Afrikaanse ekonomie ingeneem word;
- evalueer, staaf en daag posisies uit wat in openbare en professionele debat oor die Suid-Afrikaanse ekonomie ingeneem word;
- verstaan die betekenis en uitdagings van globalisering en internasionale ekonomiese integrasie;
- verstaan en beskryf die implikasie van die interaksie tussen veranderinge in een of meer van 'n wye reeks makro-ekonomiese kragte (ekonomiese groei, werkloosheid, inflasie, wisselkoerse, betalingsbalans);
- weet watter ekonomiese inligting benodig en beskikbaar is om 'n ingeligte besluit te neem en om te weet hoe om hierdie inligting te integreer, te verwerk, te ontleed, te interpreteer en aan te bied om tot 'n besluit te kom;
- integreer bogenoemde om te verstaan hoe en hoekom ekonomiese beleidsbesluite geneem word en bepaal die impak van sulke besluite.

## Engels

<b>ENG1152</b>	<b>Engels 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Engelse taal in terme van geselekteerde velde in die letterkunde;
- demonstreer 'n ingeligte kennis oor 'n wye reeks voorgeskrewe tekste;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die generiese klassifikasie van literatuur en toepaslike terminologie;
- identifiseer en bespreek die historiese ontwikkeling van Engelse letterkunde en die invloed daarvan op kontemporêre taalgebruik;
- ontleed en bespreek die verband tussen teks en konteks van die voorgeskrewe tekste;
- formuleer akademiese argumente deur die korrekte terminologie te gebruik;
- ontleed, som op en parafraseer 'n gedig akkuraat;
- ontleed 'n gedig deur die toepaslike terminologie te gebruik;
- definieer en bespreek verskillende genres en stylperiodes van poësie, drama en die roman;

- identifiseer die leesstrategieë wat nodig is om waardering vir die spesifieke literêre genres te verhoog;
- definieer en beskryf die genres van komedie en tragedie;
- kategoriseer tekste met betrekking tot genre.

<b>ENG1252</b>	<b>Engels 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Engelse taal in terme van geselekteerde velde in die letterkunde;
- identifiseer en ontleed die kenmerke van Modernisme en Kolonialisme;
- identifiseer en ontleed die kenmerke van die 19de en 20ste eeuse Suid-Afrikaanse Letterkunde;
- demonstreer 'n ingeligte kennis van die historiese ontwikkeling van Engelse letterkunde vanaf die Renaissance tot die tydperk van Modernisme;
- identifiseer en bespreek 'n roman rakende die narratiewe stem en romantieke tegnieke;
- ontleed 'n uittreksel van 'n roman, plaas die uittreksel in die konteks van die roman as geheel en lewer kommentaar op intrige, karakterisering, temas, beelde en literêre middele wat in die uittreksel gebruik word;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die Engelse romantradisie;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die verskillende vorme of dele van die werkwoord;
- identifiseer, kategoriseer en korrigeer foutiewe sinstrukture met verwysing na gefragmenteerde sinne, misplaaste of hangende wysigers, passiewe en aktiewe konstruksies, en gesplete infinitiewe;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die verskillende tye van die werkwoord.

<b>ENG2163</b>	<b>Engels 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- beskryf die sosio-politieke agtergrond van die literatuur wat in hierdie module bestudeer word, naamlik Suid-Afrikaanse en Afrikaanse letterkunde;
- gee die datums van die verskillende eras in Suid-Afrikaanse poësie;
- neem die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse letterkunde waar;
- lewer kommentaar op die kwelpunte van Suid-Afrikaanse letterkunde;
- lewer kommentaar op die kwelpunte van die Afrika-roman(s) wat in hierdie module bestudeer word;
- noem sommige Suid-Afrikaanse en Afrikaanse skrywers en digters;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n Suid-Afrikaanse gedig;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n uittreksel uit enige van die romans en die toneelstuk wat in hierdie module bestudeer is;
- gebruik die Engelse taal akkuraat en vlot;
- gaan met selfvertroue voort na die volgende module.

<b>ENG2263</b>	<b>Engels 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- gee die datums wat verband hou met die Elizabethaanse Era en lys die belangrikste Elizabethaanse digters;
- lewer kommentaar op die konteks en betrekkinge van Elizabethaanse poësie;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n Elizabethaanse gedig;
- lewer kommentaar op *The Merchant of Venice* as 'n Shakespeariaanse komedie;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n uittreksel uit die drama;
- plaas die Augustaanse Tydperk chronologies en lys die name van sommige Augustaanse digters;

- lewer kommentaar op die konteks en betrekkinge van Augustaanse poësie;
- skryf 'n bekwame kritiese ontleding van 'n Augustaanse gedig en lewer kommentaar op die Augustaanse kenmerke van daardie gedig;
- sien iets van die ontwikkeling van Engelse poësie vanaf die Elizabethaanse tot die Augustaanse Tydperk raak;
- verstaan *Heart of Darkness*;
- analiseer die vorming van indrukke deur te verstaan hoe persepsies vorm, asook die rol van luister in hierdie proses;
- toon 'n goeie verstaan van nie-verbale kommunikasie deur die gebruik van illustrasies vanuit die alledaagse lewe;
- verduidelik die rol van taal in goeie kommunikasie;
- toon 'n basiese begrip van die verskillende kontekste waarin kommunikasie voorkom, insluitend intrapersoonlike kommunikasie, interpersoonlike kommunikasie, kleingroep kommunikasie, massakommunikasie en digitale kommunikasie;
- toon 'n basiese verstaan van die beginsels van retoriek;
- evalueer die uitbeelding van godsdiens in die media, met spesifieke fokus op die rol van digitale media in die vorming van persepsies oor godsdiens.

<b>KOM1252</b>	<b>Kommunikasiekunde 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n verstaan van die basiese definisies en benaderings tot ontwikkelingskommunikasie;
- analiseer die diffusie en deelnemende modelle van ontwikkelingskommunikasie;
- evalueer die rol van die media om deelname in ontwikkeling te fasiliteer;
- evalueer die rol van die media om gesondheidskommunikasie te bevorder;
- demonstreer die vermoë om 'n baie basiese gesondheidskommunikasie veldtog te ontwikkel;
- bespreek die basiese beginsels van lewe in 'n multikulturele samelewing, insluitend die uitdagings en voordele;
- definieer kultuur en evalueer die impak daarvan op mense;
- verstaan hoe kommunikasie en kultuur mekaar wedersyds beïnvloed;
- analiseer die verhouding tussen persepsie en kultuur;
- evalueer die verhouding tussen waarde-oriëntasie en gedrag, insluitend kommunikasie gedrag;
- evalueer die verhouding tussen die massamedia, insluitend digitale media en verandering in kultuur;
- beskryf die gebruik van interkulturele kommunikasie om 'n globale samelewing se uitdagings effektief te hanteer.

<b>KOM2163</b>	<b>Kommunikasiekunde 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n verstaan van die basiese beginsels van 'n goeie of swak argument;
- verduidelik, aan die hand van voorbeelde, die verskillende bedrieglike of vals argumente wat bestaan;
- evalueer die gebruik van logiese redenasie binne die konteks van die advertensiewese;
- evalueer krities argumente rondom geslagsdiskoers soos vervat in advertensies;
- evalueer logies beginsels rondom die skep en verspreiding van vrye, gebalanseerde en regverdige nuus na die algemene publiek;
- evalueer krities argumente rondom politieke diskoers soos vervat in die nuus;
- kritiseer die verandering in diskoers wat plaasvind as gevolg van kommunikasie deur digitale media;
- evalueer krities argumente rondom ras soos vervat op digitale media platforms;
- evalueer die oordedende mag van fiksie soos vervat in film, televisie, boeke en video speletjies;
- evalueer krities argumente rondom godsdiens soos vervat in werke van fiksie;

- evalueer die etiese implikasies rondom die gebruik van vals of bedrieglike argumente in die konteks van kommunikasie en die media.

<b>KOM2263</b>	<b>Kommunikasiekunde 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n verstaan van die basiese beginsels van die werking van 'n rekenaar deur middel van programme, asook die taal van programmering of kodering;
- beskryf, op 'n basiese vlak, die verskillende tipes programmering of koderingstaal;
- skep 'n basiese webblad;
- evalueer en pas toe die gebruik van verbruikers ervaring (UX) ontwerp in die ontwikkeling van 'n webblad;
- bepaal die basiese beginsels van groot data in die konteks van kommunikasie binne die werksplek;
- pas toe die gebruik van groot data in die konteks van 'n besigheid, met spesifieke verwysing na kommunikasie strategie;
- identifiseer die verskillende nie-tradisionele bronne van groot data;
- evalueer krities die etiese kwessies wat opduik aangaande die generasie, analise, verspreiding en stoor van groot data;
- evalueer die rol van sosiale media in die kommunikasie strategie van 'n organisasie;
- verduidelik die gebruik van sosiale media analise in 'n besigheid;
- skep 'n basiese sosiale media strategie;
- evalueer die etiese implikasies rondom die gebruik van sosiale media.

<b>KOM3174</b>	<b>Kommunikasiekunde 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n verstaan van die basiese beginsels van organisasie kommunikasie;
- beskryf, die integrasie van alle kommunikasie van 'n organisasie;
- skep 'n strategiese kommunikasieplan wat gebaseer is op bestaande teoretiese beginsels;
- evalueer 'n strategiese kommunikasieplan;
- bepaal die basiese beginsels van organisasie kommunikasie in die konteks van die werksplek;
- pas die beginsels van organisasie kommunikasie toe op die konteks van 'n besigheid;
- identifiseer die strategiese rol van kommunikasie binne 'n organisasie;
- verduidelik die invloed van globalisering op organisasie kommunikasie;
- evalueer die rol wat kommunikasie speel in die bestuur van verandering in 'n organisasie;
- skep 'n kommunikasie veldtog vir 'n organisasie;
- evalueer 'n kommunikasie veldtog van 'n organisasie;
- evalueer krities die etiese kwessies wat opduik aangaande organisasie kommunikasie.

<b>KOM3274</b>	<b>Kommunikasiekunde 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- definieer die term openbare betrekkinge;
- verduidelik wat is die verskil tussen openbare betrekkinge, bemarking en advertensies;
- korporatiewe kommunikasiebestuur te kan bespreek;
- definieer handelmerk-egtheid;
- verduidelik hoe handelmerk-egtheid gekommunikeer kan word;
- demonstreer die vermoë om 'n persverklaring te kan skryf;
- demonstreer die vermoë om 'n voorlegging aan die media te kan maak;

- demonstreer die vermoë om 'n staatsdiensaankondiging te skryf;
- demonstreer die vermoë om 'n media kit te kan saamstel;
- demonstreer die vermoë om 'n e-pos boodskap te kan gebruik om met verskeie belangegroepes te kan kommunikeer;
- demonstreer die vermoë om vir sosiale media platforms te kan skryf;
- bespreek die invloed van digitale media op handelsmerkbestuur en openbare betrekkinge;
- verduidelik hoe korporatiewe sosiale investering toegepas kan word om die reputasie van 'n handelsmerk te vestig en in stand te hou;
- demonstreer die vermoë om 'n krisiskommunikasieplan vir 'n handelsmerk te ontwikkel en te bestuur;
- demonstreer die vermoë om eties op te tree as skakelbeampte/kommunikasiekundige.

## Latyn

<b>LAT1152</b>	<b>Latyn 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van basiese Latynse grammatika, Romeinse Geskiedenis, Kultuur, Mitologie en Literatuur, asook insig in hoe verskillende kennisvelde bv. teoretiese benaderings tot mitologie en literatuur funksioneer;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Latynse selfstandige naamwoorde (1ste en 2de verbuigings), werkwoorde (geselekteerde tydforme van al vier die vervoegings asook sekere onreëlmatige werkwoorde; Imperatiewe), adjektiewe (1ste en 2de verbuigings);
- identifiseer, evalueer en los bepaalde grammatikale en vertalingsprobleme op;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- selekteer en pas metodes van standaard analisering en basiese vertaal tegnieke op Latynse sinne en tekste toe;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie van inligting rakende Antieke Romeinse Mitologie en Klassieke Kultuur strukture en praktyke, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel sy/haar eie en ander se werk en toon rekenpligtigheid om in 'n funksioneer terwyl hy/sy die vermoë om verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk kan toon, nie alleen nie, maar hoofsaaklik tydens en met die formatiewe terugvoer aangaande Romeinse Mitologie/Latynse Literatuur Genres (tydens die vooraf gereelde kontakdag) en die summatiewe assesseringsgeleentheid.

<b>LAT1252</b>	<b>Latyn 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van basiese Latynse grammatika, Romeinse Geskiedenis, Kultuur, Mitologie en Literatuur, asook insig in hoe verskillende kennisvelde bv. teoretiese benaderings tot mitologie en literatuur funksioneer;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Latynse selfstandige naamwoorde (1ste en 2de verbuigings), werkwoorde (geselekteerde tydforme van al vier die vervoegings asook sekere onreëlmatige werkwoorde; Imperatiewe), adjektiewe (1ste en 2de verbuigings);
- identifiseer, evalueer en los bepaalde grammatikale en vertalingsprobleme op;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;

- selekteer en pas metodes van standaard analisering en basiese vertaal tegnieke op Latynse sinne en tekste toe;
- toon die vermoë tot die versameling van inligting rakende Antieke Romeinse Mitologie en Klassieke Kultuur strukture en praktyke, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- kommunikeer en produseer inligting rakende Antieke Romeinse Mitologie en Klassieke Kultuur strukture en praktyke, asook die toon van begrip en respek vir gebruike aangaande intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat;
- beoordeel sy/haar eie en ander se werk en toon rekenpligtigheid om in 'n funksioneer terwyl hy/sy die vermoë om verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk kan toon, nie alleen nie, maar hoofsaaklik tydens en met die formatiewe terugvoer aangaande Romeinse Mitologie/Latynse Literatuur Genres (tydens die vooraf gereelde kontakdag) en die summatiewe assesseringsgeleenthede.

<b>LAT2163</b>	<b>Latyn 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van basiese Latynse grammatika, Antieke Romeinse Geskiedenis, Kultuur, Mitologie en Literatuur, asook 'n kennis van 'n area/s van spesialisasie en hoe daardie kennis met ander velde, soos Teologie, Linguistiek en Moderne Literatuur in verband staan;
- toon 'n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking in die area van moderne literêre teorie toegepas op klassieke literatuur;
- selekteer en beoordeel toepaslike metodes, prosedures en tegnieke in die ondersoeking of toepassingsproses binne die konteks van navorsing oor klassieke taal en kultuur;
- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne 'n akademiese-navorsingskonteks, gebaseer op 'n bewustheid van die kompleksiteit van etiese probleme;
- evalueer verskillende inligtingsbronne, selekteer, analiseer, sintetiseer en evalueer inligting aangaande die Latynse taal, letterkunde en antieke Romeinse geskiedenis;
- identifiseer, analiseer en los probleme op in onbekende kontekste of situasies, d.m.v. bewyse en prosedures toepaslik tot die grammatika en literatuur van die klassieke wêreld;
- bied aan en kommunikeer komplekse inligting deur toepaslike akademiese formate en tegnologie vir 'n semesteropdrag te kan gebruik;
- demonstreer die vermoë om in 'n groep te werk en verantwoordelikheid te neem vir eie sy/haar eie besluite sowel as dié van ander nie alleen nie, maar hoofsaaklik tydens en met die formatiewe terugvoer aangaande Romeinse Mitologie/Latynse Literatuur Genres (tydens die vooraf gereelde kontakdag) en die summatiewe assesseringsgeleenthede.

<b>LAT2263</b>	<b>Latyn 2</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van basiese Latynse grammatika, Antieke Romeinse Geskiedenis, Kultuur, Mitologie en Literatuur, asook 'n kennis van 'n area/s van spesialisasie en hoe daardie kennis met ander velde, soos Teologie, Linguistiek en Moderne Literatuur in verband staan;
- toon 'n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking in die area van moderne literêre teorie toegepas op klassieke literatuur;
- selekteer en beoordeel toepaslike metodes, prosedures en tegnieke in die ondersoeking of toepassingsproses binne die konteks van navorsing oor klassieke taal en kultuur;



- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne 'n akademiesnavorsingskonteks, gebaseer op 'n bewustheid van die kompleksiteit van etiese probleme;
- evalueer verskillende inligtingsbronne, selekteer, analiseer, sintetiseer en evalueer inligting aangaande die Latynse taal, letterkunde en antieke Romeinse geskiedenis;
- identifiseer, analiseer en los probleme op in onbekende kontekste of situasies, deur middel van bewyse en prosedures toepaslik tot die grammatika en literatuur van die klassieke wêreld;
- bied aan en kommunikeer komplekse inligting deur toepaslike akademiese formate en tegnologie vir 'n semesteropdrag te kan gebruik;
- demonstreer die vermoë om in 'n groep te werk en verantwoordelikheid te neem vir eie sy/haar eie besluite sowel as dié van ander nie alleen nie, maar hoofsaaklik tydens en met die formatiewe terugvoer aangaande Romeinse Mitologie/Latynse Literatuur Genres (tydens die vooraf gereelde kontakdag) en die summatiewe assesseringsgeleenthede.

<b>LAT3174</b>	<b>Latyn 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van Latynse grammatika, nl. ontleding, vertaling en bespreking, asook 'n uitgebreide kennis van die Antieke Romeinse Geskiedenis, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met ander velde, dissiplines en/of praktyke in verband staan;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis wat tipies binne die area van die studie rakende Latynse literatuur lê;
- verstaan 'n wye reeks metodes in die veld en selekteer en pas 'n metode toe in die konteks van probleemoplossings binne die Latynse literatuur;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, as ook die, asook toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld van die Latynse taal en literatuur;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting in 'n gegewe assesseringsopdrag of vir 'n gegewe gebruik en evalueer en bestuur onafhanklik die bronne van inligting;
- ontwikkel en kommunikeer sy of haar idees en opinies in goed geformuleerde argumente deur die toepaslike akademiese en professionele redevoering te gebruik vir 'n voorlegging tydens 'n kontakgeleentheid;
- pas bekende prosesse toe in onbekende en veranderlike kontekste en toon die besef dat probleemoplossing konteks en sisteem gebonde is en nie in isolasie plaasvind nie; toon die vermoë om besluite te neem en professioneel te kan optree;
- identifiseer, evalueer en spreek sy/haar leerbehoefes in 'n selfgerigte wyse aan en neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar werk, besluite en gebruik van oplossings en gedeeltelike verantwoordelikheid vir die besluite en aksies van ander in wisselende- of onduidelik-gedefinieerde kontekste van 'n skriftelike navorsingsopdrag.

<b>LAT3274</b>	<b>Latyn 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van Latynse grammatika, nl. ontleding, vertaling en bespreking, asook 'n uitgebreide kennis van die Antieke Romeinse Geskiedenis, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met ander velde, dissiplines en/of praktyke in verband staan;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis wat tipies binne die area van die studie rakende Latynse literatuur lê;

- verstaan 'n wye reeks metodes in die veld en selekteer en pas 'n metode toe in die konteks van probleemoplossings binne die Latynse literatuur;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, as ook die, asook toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld van die Latynse taal en literatuur;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting in 'n gegewe assesseringsopdrag of vir 'n gegewe gebruik en evalueer en bestuur onafhanklik die bronne van inligting;
- ontwikkel en kommunikeer sy of haar idees en opinies in goed geformuleerde argumente deur die toepaslike akademiese en professionele redevoering te gebruik vir 'n voorlegging tydens 'n kontakgeleentheid;
- pas bekende prosesse toe in onbekende en veranderlike kontekste en toon die besef dat probleemoplossing konteks en sisteem gebonde is en nie in isolasie plaasvind nie; toon die vermoë om besluite te neem en professioneel te kan optree;
- identifiseer, evalueer en spreek sy/haar leerbehoefte in 'n selfgerigte wyse aan en neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar werk, besluite en gebruik van oplossings en gedeeltelike verantwoordelikheid vir die besluite en aksies van ander in wisselende- of onduidelik-gedefinieerde kontekste van 'n skriftelike navorsingsopdrag.

### Navorsingsmetodologie

**Navorsingsmetodologie (NVM3172) is 'n voorvereiste vir die Navorsingsprojek (NPJ3272).**

<b>NVM3172</b>	<b>Navorsingsmetodologie</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer geïntegreerde kennis van navorsingmetodologie;
- verduidelik die basiese etiese beginsels vir navorsing;
- beskryf verskillende terme van steekproefneming;
- bespreek verskillende ontwerpe van kwalitatiewe navorsing;
- dui verskillende data-insameling en -analiseringsstrategieë in kwalitatiewe navorsing aan;
- illustreer basiese kennis van navorsingstrategieë in kwantitatiewe navorsing;
- toon basiese kennis van verskillende data-insamelingsmetodes en -instrumente in kwantitatiewe navorsing;
- som die basiese inhoud van die gemengde navorsingsmetode op;
- stel die nodige basiese teorie op van 'n navorsingsvoorstel;
- kritiseer die inhoud wat gekies is vir die gegewe navorsingsvoorstel;
- formuleer 'n beplanning vir 'n spesifieke navorsingsvoorstel;
- evalueer die beplanning van die spesifieke navorsingsvoorstel.

### Navorsing- en Statistiese Metodes

**Studente wat Sielkunde tot op NKR-vlak 7 neem, is verplig om die module Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM3272) in die plek van die Navorsingsprojek (NPJ3272) te doen. Navorsingsmetodologie (NVM3172) is 'n voorvereiste vir die module Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM3272).**

<b>NSM3272</b>	<b>Navorsing- en Statistiese Metodes</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- stel navorsingsvrae op;
- begryp die taal van navorsing tydens die lees van navorsingsartikels in joernale;
- stel 'n navorsingsplan op;
- onderskei tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, asook die data-invorderingsmetodes en ontleding van data vir die twee benaderings;

- ontleed beskrywende statistiese data;
- onderneem inferensiële statistiese ontleding van data;
- beskryf verskillende statistiese tegnieke vir die ontleding van gemiddeldes en verbande;
- gebruik en verklaar gemengde-metodes in navorsing.

### Navorsingsprojek

**Navorsingsmetodologie (NVM3172) is 'n voorvereiste vir die Navorsingsprojek (NPJ3272).**

<b>NPJ3272</b>	<b>Navorsingsprojek</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- kritiseer terugvoer aangaande 'n navorsingsvoorstel aan die hand van navorsingskennis wat geleer is in NVM3172;
- onderskei en vergelyk die verskillende aspekte van 'n navorsingsvoorstel en 'n navorsingsprojek;
- demonstreer basiese kennis oor die struktuur van 'n inleiding, paragraaf en slot/gevolgtrekking;
- demonstreer basiese kennis oor die struktuur van bronverwysings;
- debatteer 'n eie standpunt oor 'n spesifieke onderwerp;
- formuleer 'n tesis-/hipotese stelling vir 'n gegewe navorsingstudie;
- formuleer, identifiseer en motiveer 'n abstrak vir 'n gegewe navorsingsprojek;
- identifiseer 'n navorsingsprobleem;
- demonstreer deeglike kennis rakend die struktuur en die identifisering van relevante inhoud vir 'n literatuurstudie soos verduidelik in NVM3172;
- identifiseer en motiveer die kies en gebruik van relevante navorsingsmetodologie vir 'n navorsingsprojek;
- samel in en verwerk data vir 'n gegewe navorsingsprojek;
- toon deeglike tegniese versorging aan in 'n navorsingsprojek.

### Politieke Wetenskap

<b>POW1152</b>	<b>Politieke Wetenskap 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die grondslae van Westerse politieke denke met spesifieke verwysing na antieke Griekeland en die Romeinse ryk;
- demonstreer 'n ingeligte kennis van die ontwikkeling van die betrokke vakterminologie;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die belangrikheid van die Griekse beleid en die Romeinse regstaat;
- onderskei tussen 'n republiek en 'n demokrasie;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die konsepte van 'n republiek en 'n demokrasie;
- demonstreer die vermoë om 'n historiese lyn te trek na moderne ekwivalente van 'n republiek en 'n demokrasie;
- identifiseer en vergelyk die sterk- en swakpunte van die antieke modelle met moderne ekwivalente;
- identifiseer en definieer konsepte soos politiek, polis, die oppergesag van die reg, ens.;
- dui aan en bespreek die faktore wat die antieke state laat floreer en uiteindelik tot ondergang gebring het.

<b>POW1252</b>	<b>Politieke Wetenskap 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van skeiding van kerk en staat;

- demonstreer 'n ingeligte begrip van die voortbestaan van die Christendom in die moderne wêreld;
- demonstreer 'n ingeligte kennis van die vorming van die individu wat die basis van liberalisme vorm;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die kontras tussen die klassieke wêreldbeskouing en die Middeleeuse beeld;
- versamel inligting oor en bespreek waar konflik tussen geloof, politiek en reg ontstaan het;
- onderskei tussen ideaal en pragmatiek;
- identifiseer en bespreek die wortels van moderne nasionalisme.

<b>POW2163</b>	<b>Politieke Wetenskap 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die ontwikkeling van Moderniteit en die probleme wat daarmee verband hou;
- bespreek waarom moderniteit self 'n probleem is;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van die ideale van vryheid en gelykheid en dui aan waarom hulle in konflik is;
- definieer en beskryf konsepte soos liberalisme, libertinisme, nasionalisme en die nasiestaat;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van liberalisme as die basiese ideaal van die Weste;
- bespreek waarom liberalisme vandag onder druk is;
- ontleed en bespreek die Christelike grondslag van die moderne individu;
- identifiseer en bespreek waar Marxisme ontstaan het.

<b>POW2263</b>	<b>Politieke Wetenskap 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die ontwikkeling van Moderniteit en die probleme wat daarmee verband hou;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van sekularisme en die ontwikkeling daarvan;
- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die ontwikkeling en konsepte van postmoderniteit;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van die ontstaan van die sekulêre as 'n moderne ideaal en reaksie vanuit 'n Christelike perspektief;
- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van waarom moderne ideale nie tydloos of a-histories is nie en waarom ouer politieke magte 'n terugkeer maak;
- definieer en regverdig begrippe soos sekularisme, die staat, die skeiding van mag, ensovoorts.

<b>POW3174</b>	<b>Politieke Wetenskap 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van Politieke Wetenskap en die moderne staat;
- definieer konsepte soos die nasionale staat, soewereiniteit, outonomie, burokrasie, grondwetlikheid, stemreg en die oppergesag van die reg;
- pas konsepte soos die nasionale staat, soewereiniteit, outonomie, burokrasie, grondwetlikheid, stemreg en die oppergesag van die reg krities toe;
- beskryf die werking van die moderne staat, met verwysing na konsepte soos magsverdeling, uitvoerende mag, die presidensie, die Hooggeregshof, ensovoorts;
- beskryf en ontleed in detail die werke van die parlement;

- beskryf die inhoud van Suid-Afrikaanse burgerskap, met betrekking tot die regte en verpligtinge van die Suid-Afrikaanse burger;
- demonstreer 'n geïntegreerde begrip van die globale oorsig van die Grondwet;
- beskryf en ontleed die werking van die uitvoerende gesag, die parlement en die regbank;
- demonstreer 'n geïntegreerde begrip van die Handves van Regte en sy internasionale wortels.

<b>POW3274</b>	<b>Politieke Wetenskap 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde begrip van Politieke Wetenskap en internasionale politiek;
- identifiseer en kritiseer ideologie en propaganda;
- plaas Suid-Afrika in terme van ideologiese posisie en internasionale betrekkinge;
- beskryf die belangrikheid van die ekonomie as 'n ekonomiese barometer;
- identifiseer en evalueer faktore wat internasionale betrekkinge beïnvloed;
- analiseer gevallestudies en skryf kritiese verslae oor nuusgebeure.

### Rekenaargeletterdheid

<b>RGL1151</b>	<b>Rekenaargeletterdheid</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 6</b>
----------------	------------------------------	-------------------	---------------------

Alle BA 1- studente, wat nie op skool (Matriek/Gr 12) Rekenaartoepassings-tegnologie (RTT/CAT) of Informasietegnologie (IT) as vak geslaag het nie en wat nie Rekenaartegnologie as vak neem nie, is verplig om Rekenaargeletterdheid te neem. Rekenaargeletterdheid word in die eerste kwartaal van die eerste semester aangebied.

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n basiese begrip van die rekenaarterme en -konsepte wat in rekenaargeletterdheid aangetref word;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede van 'n spesifieke webblad as deel van inligtings- en kommunikasietegnologie beskik;
- beskik oor die toepaslike basiese vaardighede om rekenaartoepassings doeltreffend en oordeelkundig aan te wend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- identifiseer, evalueer en los bepaalde, roetine en nuwe probleme binne die konteks van integrasie tussen Microsoft Word, Excel en PowerPoint op;
- selekteer standaard metodes, prosedures en tegnieke tydens die gebruik van Microsoft Word, Excel en PowerPoint;
- kommunikeer en produseer inligting rakende die basiese aspekte van rekenaartegnologie en rekenaartoepassings met vertroue en begrip en toon begrip en respek vir gebruike aangaande intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat in die voltooiing van assesseringsopdragte;
- versamel en selekteer inligting aangaande rekenaarprogrammatuur en -apparatuur en pas die basiese prosesse van analise, sintese en evaluasie van inligting toe op die gebied van stelselprogrammatuur en toepassingsprogrammatuur tydens die toepaslike assesserings-geleentheid;
- pas sy/haar kennis van rekenaartegnologie en basiese rekenaarvaardighede met die nodige verantwoordelikheid toe in bekende sowel as onbekende kontekste vir die hantering van persoonlike, omgewings- en samelewingsproblematiek.

### Rekenaartegnologie

<b>RTG1152</b>	<b>Rekenaartegnologie 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- ken, definieer en begryp die terme en konsepte van inligtings- en kommunikasietegnologie;

- beskik oor die toepaslike basiese vaardighede om rekenaartoepassings soos woordverwerking, sigbladverwerking en voordragprogrammatuur doeltreffend en oordeelkundig aan te wend vir u studies en/of daaglikse werk;
- kommunikeer met vertroue en begrip in groepsverband oor die etiese kodes, waardes en praktyke van die basiese aspekte van rekenaartegnologie en rekenaartoepassings;
- wend u kennis van rekenaartegnologie en basiese rekenaarvaardighede aan met die nodige verantwoordelikheid begroot op 'n klassiek christelike lewensbeskouing in bekende sowel as onbekende kontekste vir die hantering van persoonlike, omgewings- en samelewingsproblematiek.

<b>RTG1252</b>	<b>Rekenaartegnologie 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- begryp en beskryf die rol en implikasies van rekenaars en rekenaartegnologie in inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) op elke lewensterrein;
- ken en beskryf die omvang, komponente en funksie van 'n lokale netwerk;
- beskryf en begryp die implikasies van die voordele, nadele en gevare van 'n aanlynleefstyl;
- beskryf en motiveer die doeltreffende hantering en gebruik van elektroniese pos (e-pos);
- leer en bemeester gevorderde praktiese toepassings van woordverwerking met behulp van die Microsoft Word-program ten opsigte van lêerhantering en formateringstegnieke van dokumente soos dit professioneel gebruik word vir vorms, template, style, literatuurverwysings en possamevoeging;
- leer en bemeester praktiese toepassings van sigbladverwerking met behulp van die Excel-program van die Microsoft kantoorpakket ten opsigte van gevorderde berekeninge, besluitneming en grafieke;
- beskryf en benut die basiese konsepte en enkele eenvoudige tegnieke van die basiese ontwerp van 'n webblad met HTML;
- beskryf en pas fundamentele inligtingsbestuur toe vir die oplossing van praktiese probleme;
- begryp en pas die integrering van die toepassings van die Microsoft Office toe vir die oplossing van probleme.

<b>RTG2163</b>	<b>Rekenaartegnologie 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- ken, begryp, definieer en verduidelik die terme en basiese konsepte van inligting- en kommunikasie tegnologie en rekenaartegnologie wat toegepas word in inligtingstelsels vir besighede;
- beskik oor die kennis en vermoë om geskikte apparatuur en programmatuur te evalueer en te selekteer vir 'n bepaalde besigheidinligtingstelsel;
- ken en begryp die rol van databasisse in besigheidsintelligensie;
- kommunikeer met vertroue en begrip in groepsverband oor die etiese kodes, waardes en praktyke van die basiese aspekte van rekenaartegnologie en rekenaartoepassings;
- verduidelik die rol van rekenaar-netwerke, telekommunikasie en die Internet vir die verbinding tussen inligtingstelsels;
- beskryf die doel en funksies van verskillende operasionele en bestuurinligtingstelsels in ondernemings.

<b>RTG2263</b>	<b>Rekenaartegnologie 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- ken, begryp, definieer en verduidelik die terme en basiese konsepte van inligting- en kommunikasie tegnologie en rekenaartegnologie wat toegepas word in inligtingstelsels vir besighede;
- beskik oor die kennis en vermoë om geskikte apparatuur en programmatuur te evalueer en te selekteer vir 'n bepaalde besigheidinligtingstelsel;
- ken en begryp die rol van databasisse in besigheidsintelligensie;
- kommunikeer met vertroue en begrip in groepsverband oor die etiese kodes, waardes en praktyke van die basiese aspekte van rekenaartegnologie en rekenaartoepassings;
- verduidelik die rol van rekenaarnetwerke, telekommunikasie en die Internet vir die verbinding tussen inligtingstelsels;
- beskryf die doel en funksies van verskillende operasionele en bestuurinligtingstelsels in ondernemings.

<b>RTG3174</b>	<b>Rekenaartegnologie 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- definieer, begryp en evalueer benaderings, terminologie en konsepte vir die integrering van 'n inligtingstelselstrategie met 'n besigheidstrategie van 'n onderneming of organisasie;
- gebruik hulpmiddels vir strategie-ontleding om inligtingstrategie suksesvol te spesifiseer;
- evalueer die verwantskap tussen inligtingstelsel investering en besigheidsvoordele;
- assesser die alternatiewe vir die interne of eksterne plasing van die inligtingstelsel self-fasiliteite;
- analiseer en beveel bestuurskontroles aan vir die bestuur van die sekerheid van 'n organisasie se inligtingstelsel funksies;
- identifiseer bestaande en nuwe potensiële bedreigings teen en bepaal spesifieke maatreëls om die sekerheid van 'n rekenaar gebaseerde inligtingstelsel te beskerm;
- ontwerp 'n algemene strategie ten einde die sekerheid van 'n rekenaar gebaseerde inligtingstelsel te verseker;
- differensieer tussen die risiko en voordele van die gebruik van eindgebruikerrekenariserings en eindgebruiker-ontwikkeling dienste as 'n komponent van die toepassing en instandhouding van 'n byderwetse besigheidstrategie.

<b>RTG3274</b>	<b>Rekenaartegnologie 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-----------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- definieer, ken en begryp die algemene terme en konsepte vir die bestuur van die prosesse om 'n inligtingstrategie te ontwikkel en in die praktyk toe te pas;
- demonstreer u kennis en begrip van die noodsaaklike vereiste om die inligtingstrategie te belyn met die organisasie se oorhoofse besigheidstrategie om die sukses van die bestuur van die organisasie te verseker;
- ken en beskryf die hulpmiddels om die toepassings van inligtingstelsels binne die beperkings van die besigheidsomgewing te evalueer en 'n gepaste inligtingstelsel strategie te formuleer en te bestuur;
- bepaal die beste plasing van die inligtingstelsel binne die organisasie en tot watter mate sekere dienste uitgekонтakteer moet word;
- hoe om te verseker dat 'n voorgestelde IS/IT oplossing die investering sal regverdig;
- watter hulpmiddels en tegnieke bestaan om die IS/IT portfolio doeltreffend te bestuur;
- verstaan die verskillende benaderings om die sekuriteit van IS te vestig en te bestuur;
- ken en begryp die verskillende kategorieë bedreigings teen inligtingstelsels en die voorkoming daarvan deur die ontwikkeling van doeltreffende teenmaatreëls;
- begryp die waardevolle rol van eindgebruiker-rekenariserings en eindgebruiker-ontwikkeling vir beide die instandhouding en uitbreiding van inligtingstelseltoepassings

- verseker die gepaste finansiële beheer en ondersteuning van opleiding vir die vestiging en gebruik van eindgebruikervaardighede;
- ken die toepaslike morele, etiese, professionele en wetsaspekte om te verseker dat 'n organisasie binne die perke van die toepaslike wetgewing met betrekking tot inligting en inligtingstelsels bestuur en bedryf word.

## Sepedi

<b>SEP1152</b>	<b>Sepedi 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstrasie van 'n ingeligte kennis van basiese Noord-Sotho grammatika asook die verskillende uitspraak van klanke in hierdie taal;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Noord-Sotho se selfstandige naamwoordklasse en klasprefikse, onderwerpskakels, voorwerpskakels, alle klankverhardings of uitsonderings, demonstratiewe, lokatiewe, formulering van sinne (positief en negatief) in die teenwoordige tyd, toekomstige tyd, asook verlede tyd. Ingeligte kennis te dra van kopulatiewe strukture en onvoldoende hulpwerkwoorde;
- identifisering, evaluering en vertaling van gegewe grammatikale woorde en frases in beide Afrikaans en Noord-Sotho;
- selektering en toepassing van metodes van standaard analisering en basiese vertalingstegnieke op Noord-Sotho sinne en tekste;
- beoordeling van sy/haar eie en ander se werk om rekenpligtigheid en verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk te kan neem.

<b>SEP1252</b>	<b>Sepedi 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstrasie van 'n ingeligte kennis van basiese Noord-Sotho grammatika asook die verskillende uitspraak van klanke in hierdie taal;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van Noord-Sotho se aanwysende voornaamwoorde en besitlike konstruksies, adjektiewe, bywoorde, hulpwerkwoorde, deverbatiwe, relatiewe konstruksies, die situatief en subjunktief, die bê-verlede tydsvorm toe te pas in die gebruik van sinne (positief en negatief), kousatiewe en applikatiewe agtervoegsels te kan formuleer, passiewe vorms, resiproke en refleksiewe formulering te kan toepas, ideofone, verkleinwoorde, partikels, voegwoord-en die kwantitatiewe voornaamwoorde te kan weergee;
- identifisering, evaluering en vertaling van gegewe grammatikale woorde en frases in beide Afrikaans en Noord-Sotho;
- selektering en toepassing van metodes van standaard analisering en basiese vertalingstegnieke op Noord-Sotho sinne en tekste;
- beoordeling van sy/haar eie en ander se werk om rekenpligtigheid en verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk te kan neem.

<b>SEP2163</b>	<b>Sepedi 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer kennis van die faktore wat die gebruik van taal en woordeskat beïnvloed;
- verstaan die maniere waarop taal beskryf word en demonstreer die vermoë om tradisionele taalkennis skriftelik te dupliseer;
- verstaan en ontleed sinstruktuur krities in 'n verskeidenheid sinne;
- demonstreer 'n begrip van die onderskeid tussen gesproke en geskrewe Noord-Sotho;
- versamel, ontleed en organiseer inligting krities: fundamenteel tot die proses van taalvaardigheid in taaltoepassings;
- stimuleer die leerproses deur die analise van tekste en ontwikkel lewensvaardighede;



- demonstreer die vermoë om paragrawe in Noord-Sotho te vertaal;
- identifiseer hoofgedagtes deur tekste te vlugtig deur titels, inleidings, eerste paragrawe en tematiese sinne van paragrawe te lees; soek tekste vir ondersteunende besonderhede; lees vlot en aandagtig volgens doel en opdrag.
- lei die betekenis van onbekende woorde of beelde in 'n verskeidenheid kontekste af deur kennis van grammatika, woordhanteringsvaardighede en kontekstuele leidrade;
- herlees en hersien tekste om begrip en woordeskat te bevorder.

<b>SEP2263</b>	<b>Sepedi 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- ontleed die ontwikkeling van die intrige, by-intrige, konflik, karakter en vertellerrol waar toepaslik;
- verduidelik die gebruik van stilistiese en literêre middele (soos in die bestek gespesifiseer) en hul invloed op betekenis;
- identifiseer en verduidelik temas en idees;
- evalueer hoe agtergrond en omgewing verband hou met karakter en/of tema;
- interpretasie en beskrywing van toon, tydlyn, ironie en gevolgtrekkings;
- identifisering van die invloed van woordkeuse, beeldspraak en klankmiddels op die betekenis en tema;
- ontleding van vers- en strofevorme om betekenis te bepaal;
- lei die betekenis van onbekende woorde of beelde in 'n verskeidenheid kontekste af deur kennis van grammatika, woordeskat, kontekstuele leidrade;
- herlees en hersien tekste om begrip en woordeskat te bevorder.

<b>SEP3174</b>	<b>Sepedi 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer kennis van die deduktiewe benadering in taalgebruik;
- brei op 'n meer gedetailleerde manier uit oor taalkennis wat die student reeds in vorige jare se studies bestudeer het;
- verstaan en analiseer komplekse sinstruktuur in 'n verskeidenheid teks;
- versamel, ontleed en organiseer inligting krities: fundamenteel tot die proses van taalvaardigheid in taaltoepassings;
- identifiseer die metaforiese gebruik van taal om die temas en karakters van die tekste beter te verstaan en te ontleed;
- analise van tekste behoort bewustheid en ontwikkeling van lewensvaardighede en die leerproses te stimuleer;
- demonstreer die vermoë om meer komplekse paragrawe in Noord-Sotho te vertaal;
- identifiseer hoofgedagtes deur tekste te vlugtig deur titels, inleidings, eerste paragrawe en temasinne van paragrawe te lees; soek tekste vir ondersteunende besonderhede; lees vlot en aandagtig volgens doel en opdrag;
- demonstreer geïntegreerde kennis aangaande die verskillende hoofgenres van Noord-Sotho;
- lei die betekenis van onbekende woorde of beelde in 'n verskeidenheid kontekste af deur bestaande kennis van grammatika, woordeskat en kontekstuele leidrade;
- herlees en hersien tekste om begrip en woordeskat te bevorder.

<b>SEP3274</b>	<b>Sepedi 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van vertaaltegnieke deur praktiese vertaalaktiwiteite;
- evaluering van persoonlike taalvaardighede om basiese tekste in Afrikaans te vertaal;

- ontleed en organiseer inligting wys: fundamenteel tot die proses om taalvaardighede en woordeskat te gebruik om tekste te vertaal;
- identifiseer die metaforiese gebruik van taal om die temas en karakters van die tekste beter te verstaan en te ontleed;
- analise van tekste behoort bewustheid en ontwikkeling van lewensvaardighede en die leerproses te stimuleer;
- demonstreer 'n dieper kennis van Noord-Sotho literatuur en vertaling;
- toon waardering vir die rol wat kulturele en historiese kontekste speel in die skepping en interpretasie van tekste;
- ondersoek en besin oor geregtigheid, waardes, die spiritualiteit, geloof en betekenis wat tekste vir ons bring;
- lei die betekenis van onbekende woorde of beelde in 'n verskeidenheid kontekste af deur bestaande kennis van grammatika, woordeskat en kontekstuele leidrade;
- herlees en hersien tekste om begrip en woordeskat te bevorder;
- demonstreer die vermoë om inligting te evalueer en te integreer asook om die korrekte inligting uit verskeie bronne toe te pas deur oortuigende argumente te verskaf.

## Sielkunde

<b>SLK1152</b>	<b>Sielkunde 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van basiese neurowetenskaplike konsepte en beginsels, asook insig in hoe verskillende kennisvelde funksioneer;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van neurowetenskaplike terminologie in verskeie kontekste;
- identifiseer, evalueer en beskryf die relatiewe bydrae van aangebore - en omgewingsfaktore in verskeie areas van menslike kognitiewe- en neurowetenskaplike funksionering;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- selekteer en pas metodes van standaard analisering en integrasie van Sielkundige tekste toe;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie van inligting rakende kognitiewe- en neurowetenskaplike konsepte, asook die vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel sy/haar eie en ander werk en toon rekenpligtigheid en die vermoë om verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk te toon, nie alleen nie, maar hoofsaaklik tydens en met die formatiewe terugvoer aangaande neurowetenskaplike literatuur en navorsing (tydens die vooraf gereelde kontakdag) en die summatiewe assesserings-geleentheid.

<b>SLK1252</b>	<b>Sielkunde 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van die filosofiese wortels van benaderings tot menslike gedrag, asook insig in hoe verskillende kennisvelde funksioneer;
- toon 'n bevoegdheid in die gebruik van filosofiese/sielkundige terminologie in verskeie kontekste;
- identifiseer, evalueer en beskryf die relatiewe bydrae van antieke en eietydse denksisteme in verskeie areas van menslike funksionering;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word,

asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;

- selekteer en pas metodes van standaard analisering en integrasie van sielkundige tekste toe;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en kommunikasie van inligting rakende filosofiese/sielkundige konsepte, asook die vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesseringsopdragte;
- beoordeel sy/haar eie en ander werk en toon rekenpligtigheid en die vermoë om verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk te toon, nie alleen nie, maar hoofsaaklik tydens en met die formatiewe terugvoer aangaande Filosofie/Sielkunde literatuur en navorsing (tydens die vooraf gereelde kontakdag) en die summatiewe assesserings-geleentede.

<b>SLK2163</b>	<b>Sielkunde 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die hoof area/s van meer as een veld, dissipline of praktyk, die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë in persoonlikheidsielkunde te kan toepas, asook 'n kennis van 'n area/s van spesialisasie en hoe daardie kennis met ander velde, dissiplines of praktyke in verband staan;
- demonstreer 'n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking binne persoonlikheidsielkunde, bewerking of praktyk, asook 'n gevoel vir die kennis-produksie proses;
- selekteer en beoordeel toepaslike metodes, prosedures en tegnieke in die ondersoek- of toepassingsproses binne 'n bepaalde konteks in persoonlikheidsielkunde;
- identifiseer, analiseer en los probleme op in onbekende kontekste of situasies, d.m.v. bewyse en prosedures toepaslik tot die veld, dissipline en/of praktyk van persoonlikheidsielkunde;
- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne 'n organisasie of professionele konteks, gebaseer op 'n bewustheid van die kompleksiteit van etiese probleme;
- evalueer verskillende inligtingsbronne, selekteer en pas die inligting toe; analiseer, sintetiseer en evalueer hierdie inligting binne die persoonlikheidsielkundekonteks;
- bied aan en kommunikeer komplekse inligting deur toepaslike akademiese, professionele of beroepsgebruike, formate en tegnologie in persoonlikheidsielkunde te kan gebruik;
- demonstreer die vermoë om besluite te kan neem en toepaslik op te tree in bekende en onbekende kontekste, asook 'n bewustheid van die verhouding tussen persoonlikheidsisteme en hulle impak op mekaar;
- toon die vermoë om prestasies of optredes te evalueer teen gegewe kriteria en akkurate identifisering en aanspreking van sy/haar taak-spesifieke leerbehoefte in persoonlikheidsielkunde, bied ondersteuning aan die leerbehoefte van ander waar toepaslik;
- demonstreer die vermoë om in 'n groep te werk en neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie besluite sowel as dié van ander in goed omskrewe of gedefinieerde kontekste en/of situasies.

<b>SLK2263</b>	<b>Sielkunde 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die hoof area/s van meer as een veld, dissipline of praktyk, die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë in Sielkunde te kan toepas, asook 'n kennis van 'n area/s van spesialisasie en hoe daardie kennis met ander velde, dissiplines of praktyke in verband staan;

- demonstreer 'n verstaan van verskillende vorms van kennis, denkskole en vorme van verduideliking binne Sielkunde, bewerking of praktyk, asook 'n gevoel vir die kennis-produksie proses;
- selekteer en beoordeel toepaslike metodes, prosedures en tegnieke in die ondersoek- of toepassingsproses binne 'n bepaalde konteks in Sielkunde;
- Identifiseer, analiseer en los probleme op in onbekende kontekste of situasies, d.m.v. bewyse en prosedures toepaslik tot die veld, dissipline en/of praktyk van Sielkunde;
- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne 'n organisasie of professionele konteks, gebaseer op 'n bewustheid van die kompleksiteit van etiese probleme;
- evalueer verskillende inligtingsbronne, selekteer en pas die inligting toe; analiseer, sintetiseer en evalueer hierdie inligting binne die Sielkunde-konteks;
- bied aan en kommunikeer komplekse inligting deur toepaslike akademiese, professionele of beroepsgebruike, formate en tegnologie in Sielkunde te kan gebruik;
- demonstreer die vermoë om besluite te kan neem en toepaslik op te tree in bekende en onbekende kontekste, asook 'n bewustheid van die verhouding tussen sisteme en hulle impak op mekaar;
- toon die vermoë om prestasies of optredes te evalueer teen gegewe kriteria en akkurate identifisering en aanspreking van sy/haar taak-spesifieke leerbehoefes in sielkunde, bied ondersteuning aan die leerbehoefes van ander waar toepaslik;
- demonstreer die vermoë om in 'n groep te werk en neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie besluite sowel as dié van ander in goed omskrewe of gedefinieerde kontekste en/of situasies.

<b>SLK3174</b>	<b>Sielkunde 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
<b>Studente wat Sielkunde tot op NKR-vlak 7 neem, is verplig om die module Navorsing- en Statistiese Metodes (NSM3272) in die plek van die Navorsingsprojek (NPJ3272) te doen.</b>			

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van meer as een van die velde, dissiplines en/of praktyke in psigopatologie, asook 'n uitgebreide kennis van 'n area/s van spesialisasie, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met ander velde, dissiplines en/of praktyke in verband staan;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis en wat tipies binne die area van die studie en/of praktyk in psigopatologie lê;
- verstaan 'n wye reeks metodes in die veld en selekteer en pas 'n metode toe in die konteks van probleemoplossings binne die veld van psigopatologie;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, asook toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld, dissipline en/of praktyk van psigopatologie;
- toon die vermoë om besluite te neem en professioneel te kan optree, asook die vermoë in terme van die regverdiging van besluite en aksies deur van toepaslike etiese waardes en benaderings binne 'n ondersteunde omgewing gebruik te maak;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting in 'n gegewe konteks of vir 'n gegewe gebruik en evalueer en bestuur onafhanklik die bronne van inligting;
- ontwikkel en kommunikeer sy of haar idees en opinies in goed geformuleerde argumente deur die toepaslike akademiese, professionele of beroepsredevowering te gebruik vir 'n gegewe konteks;
- pas bekende prosesse toe in onbekende en veranderlike kontekste en toon die besef dat probleemoplossing konteks en sisteem gebonde is en nie in isolasie plaasvind nie;
- identifiseer, evalueer en spreek sy/haar leerbehoefes op 'n selfgerigte wyse aan;

- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar werk, besluite en gebruik van oplossings en neem gedeeltelike verantwoordelikheid vir die besluite en aksies van ander in wisselende- of onduidelik-gedefinieerde kontekste.

<b>SLK3274</b>	<b>Sielkunde 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van meer as een van die velde, dissiplines en/of praktyke in hulpverlening, asook 'n uitgebreide kennis van 'n area/s van spesialisasie, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met ander velde, dissiplines en/of praktyke in verband staan;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis en wat tipies binne die area van die studie en/of praktyk van hulpverlening lê;
- verstaan 'n wye reeks metodes in die veld en selekteer en pas 'n metode toe in die konteks van probleemoplossings binne die veld van hulpverlening;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, asook toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld, dissipline en/of praktyk van hulpverlening;
- toon die vermoë om besluite te neem en professioneel te kan optree, asook die vermoë in terme van die regverdiging van besluite en aksies deur van toepaslike etiese waardes en benaderings binne 'n ondersteunde omgewing gebruik te maak;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting in 'n gegewe konteks of vir 'n gegewe gebruik en evalueer en bestuur onafhanklik die bronne van inligting;
- ontwikkel en kommunikeer sy of haar idees en opinies in goed geformuleerde argumente deur die toepaslike akademiese, professionele of beroepsredevouing te gebruik vir 'n gegewe konteks;
- pas bekende prosesse toe in onbekende en veranderlike kontekste en toon die besef dat probleemoplossing, konteks- en sisteemgebonde is en nie in isolasie plaasvind nie;
- identifiseer, evalueer en spreek sy/haar leerbehoefes op 'n selfgerigte wyse aan;
- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar werk, besluite en gebruik van oplossings en neem gedeeltelike verantwoordelikheid vir die besluite en aksies van ander in wisselende- of onduidelik-gedefinieerde kontekste.

## Sosiologie

<b>SOS1152</b>	<b>Sosiologie 1</b>	<b>NKR-vlak5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---------------------	------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- vestig 'n grondige begrip van inleidende gedagtes oor die Sosiologie;
- besit 'n ingeligte begrip van die verskillende sosiologiese teorieë, omdat hierdie kennis die latere vermoë ondersteun om aspekte in die sosiale omgewing, vanuit 'n bepaalde teoretiese raamwerk, te kan bespreek en kritiseer;
- besit 'n goeie begrip van watter faktore die studie oor populasie beïnvloed en hoe om bevolkingstatistieke te interpreteer;
- besit 'n goeie verstaan van die begrip "sosiale verandering" omdat dit ook die goue draad deur al drie die studiejaar vorm;
- verstaan die basiese elemente van kultuur en hoe kultuur gevorm word;
- verstaan en begryp inleidende gedagtes oor sosialisering en identiteitsvorming in beantwoording van vrae hieroor.

<b>SOS1252</b>	<b>Sosiologie 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van kernareas, konsepte, feite en algemene beginsels van toepassing op die studieveld, dissipline en/of praktyk;

- demonstreer en bewustheid van hoe kennisstelsels funksioneer asook hoe kennis of kennisstelsels binne die studieveld ontwikkel;
- selekteer standaardmetodes, prosedures en tegnieke binne die studieveld; beplan en bestuur 'n implementeringsproses binne 'n goed gedefinieerde, bekende en ondersteunende omgewing;
- identifiseer, evalueer en los bepaalde roetine en nuwe probleme binne 'n bekende konteks op; oplossings te verskaf gebaseer op toepaslike bewyse en prosedures en 'n begrip van die gevolge van navorsing te demonstreer;
- neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk en tree volgens etiese beginsels en praktyke op;
- versamel inligting uit 'n verskeidenheid bronne, insluitend mondelinge, geskrewe en simboliese tekste. Kies inligting wat relevant is vir die taak op hande en pas basiese analitiese, sintetiserings- en evalueringsvaardighede toe;
- produseer en kommunikeer inligting uit 'n verskeidenheid bronne akkuraat, betroubaar en samehangend. Toon en begrip en respek vir gebruike wat betrekking het op intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat (insluitend wetlike implikasies);
- demonstreer die vermoë te om in bekende sowel as onbekende kontekste te funksioneer; demonstreer 'n begrip van verskillende sisteme, asook die impak wat aksies op ander areas binne dieselfde sisteem het;
- toon die vermoë om sy/haar eie werk sowel as die werk van ander te evalueer en toepaslike stappe te neem waar nodig; verantwoordelikheid neem vir sy/haar eie leer binne 'n gestruktureerde leerproses;
- neem verantwoordelikheid om in groepe te werk sowel as vir sy/haar eie individuele keuses en optrede sowel as dié van ander binne 'n goed gedefinieerde konteks.

<b>SOS2163</b>	<b>Sosiologie 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- besit 'n grondige begrip van inleidende gedagtes oor afwykende gedrag of sosiale probleme vanuit 'n sosiologiese oogpunt;
- demonstreer 'n ingeligte verstaan van die verskillende sosiale probleme, omdat hierdie kennis die latere vermoë ondersteun om sosiale probleme in die sosiale omgewing te kan identifiseer;
- besit 'n goeie begrip van watter faktore afwykende gedrag beïnvloed;
- vorm 'n goeie begrip vir alkohol- en dwelmmisbruik en verstaan hoe dit sosiale probleme in die samelewing beïnvloed en daartoe bydra;
- verstaan die basiese elemente van armoede en faktore wat daartoe bydra en versterk in die samelewing te kan identifiseer;
- verstaan inleidende gedagtes oor seksuele gedragafwyking;
- onderskei misdaad van jeugmisdaad en verstaan die omvang van geweld in die Suid-Afrikaanse gemeenskap;
- verstaan dat werk en die ekonomie ook faktore is wat aan sosiale probleme gekoppel kan word;
- besit 'n goeie ingeligte begrip van die familie as bron van sosiale probleme;
- identifiseer gesondheid en siekte as oorsake van sosiale probleme;
- besit 'n inleidende begrip van sosiale probleme wat uit die omgewing en wanbestuur van die omgewing ontstaan.

<b>SOS2263</b>	<b>Sosiologie 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde kennis van die hoofarea/s van meer as een veld, dissipline of praktyk, die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë toe te

pas, asook 'n kennis van 'n area/s van spesialisasie en hoe dit kennis hou verband met ander velde, dissiplines of praktyke;

- demonstreer 'n begrip van verskillende vorme van kennis, denkrigtings en vorme van verduideliking binne 'n studie-, werkings- of praktykarea, sowel as 'n gevoel vir die kennisproduksieproses;
- kies en evalueer toepaslike metodes, prosedures en tegnieke in die ondersoek- of toepassingsproses binne 'n spesifieke konteks;
- identifiseer, analiseer en los probleme in onbekende kontekste of situasies op deur middel van bewyse en prosedures wat op die veld, dissipline en/of praktyk van toepassing is;
- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne 'n organisasie of professionele konteks, gebaseer op 'n bewustheid van die kompleksiteit van etiese kwessies;
- evalueer verskillende inligtingsbronne, kies en pas die inligting toe; hierdie inligting te analiseer, sintetiseer en evalueer;
- bied komplekse inligting aan en kommunikeer deur toepaslike akademiese, professionele of professionele gebruike, formate en tegnologieë vir 'n gegewe konteks;
- demonstreer die vermoë om besluite te neem en toepaslik op te tree in bekende en onbekende kontekste, asook 'n bewustheid van die verhouding tussen sisteme en hul impak op mekaar;
- demonstreer die vermoë om prestasies of optrede teen gegewe kriteria te evalueer en identifiseer en spreek sy/haar taakspesifieke leerbehoefte akkuraat in 'n gegewe konteks aan, verskaf ondersteuning aan die leerbehoefte van ander waar toepaslik;
- demonstreer die vermoë om in 'n groep te werk en neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie besluite sowel as dié van ander in goed gedefinieerde of gedefinieerde kontekste en/of situasies.

<b>SOS3174</b>	<b>Sosiologie 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- onderskei tussen deduktiewe en induktiewe navorsingsbenaderings;
- onderskei en vergelyk kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbenaderings;
- beskryf die Gemengde navorsingsmetode;
- onderskei tussen verskillende sosiale navorsingsontwerpe;
- bespreek etiese faktore, wat met enige navorsing in ag geneem moet word;
- onderskei tussen ewekansige en nie-ewekansige steekproefmetodes;
- bespreek en konstrueer die verskillende basiese sosiale meetinstrumente;
- bespreek opnames en vraelyste, as basiese kwantitatiewe datainsamelingsmetodes;
- bespreek onderhoude en fokusgroepe, as basiese kwalitatiewe data-insamelingsmetodes;
- beskryf etnografie en gestruktureerde waarneming, as kwalitatiewe datainsameleingsmetodes;
- beskryf kwalitatiewe data-analiseringsmetodes.

<b>SOS3274</b>	<b>Sosiologie 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	---------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van verskeie velde, dissiplines en/of praktyke. Demonstreer ook 'n wye kennis van spesialisingsareas en kan identifiseer hoe hierdie areas met mekaar verband hou;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis wat tipies geassosieer word met die spesialisasie- of studieveld;
- verstaan 'n wye reeks metodes binne die veld en kies en pas metodes binne probleemoplossingskontekste toe;

- identifiseer, evalueer en los ingewikkelde en komplekse probleme binne die veld op deur die gebruik van bewysgebaseerde oplossings en teoriegedrewe argumente;
- toon professionaliteit en die vermoë om besluite te neem, en regverdig daardie besluite, gebaseer op die etiese waardes en prosesse soos toegepas binne 'n ondersteunende omgewing;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die insameling van inligting binne 'n spesifieke konteks en toon die vermoë om inligtingsbronne te evalueer en te bestuur;
- ontwikkel en kommunikeer idees in goed-ontwikkelde argumente deur gebruik te maak van die toepaslike akademiese en professionele retoriek;
- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar eie akademiese werk;
- deel verantwoordelikheid vir besluite wat in onbekende of ongedefinieerde kontekste geneem word.

## Wiskunde

<b>WHS1152</b>	<b>Wiskunde 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

Demonstreer 'n ingeligte begrip van

- basiese beginsels van die vakwetenskaplike benadering tot Wiskunde;
- van hoe vroeë telsisteme en simbole gefunksioneer het, met 'n spesifieke fokus op die Egiptenare en Grieke;
- hoe vroeë telsisteme en simbole gefunksioneer het, met 'n spesifieke fokus op die Babiloniërs;
- interval notasie;
- die reëls vir ongelykhede;
- bewerkings van eksponente;
- algebraïese uitdrukkings;
- komplekse getalle; - modellering van probleme;
- ongelykhede;
- absolute waardes;
- koördinaat meetkunde;
- lyne;
- direkte en indirekte verandering;
- funksies;
- grafieke van funksies;
- gemiddelde tempo van verandering van 'n funksie;
- liniêre funksies en modelle;
- transformasies van funksies;
- een-tot-een funksies en hulle transformasies;
- kombinerings van funksies;
- een-tot-een funksies en hulle inverses;
- kwadratiese funksies en modelle;
- polinoomfunksies en hulle grafieke;
- deling van polinome;
- nulpunte van polinome;
- komplekse nulpunte;
- die fundamentele stelling van algebra;
- rasionale funksies;
- polinome en rasionale ongelykhede;
- eksponensiële funksies;
- die natuurlike eksponensiële funksie;
- logaritmiëse funksies;



- die wette van logaritmes;
- eksponensiaal en logaritmiëse vergelykings;
- die eenheid sirkel;
- trigonometriëse funksies van reële nommers;
- trigonometriëse grafieke;
- inverse trigonometriëse funksies en grafieke.

<b>WHS1252</b>	<b>Wiskunde 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

Demonstreer 'n ingeligte begrip van

- basiese beginsels van die vakwetenskaplike benadering tot Wiskunde;
- van hoe vroeë telsisteme en simbole gefunksioneer het, met 'n spesifieke fokus op die Egiptenare en Grieke;
- hoe vroeë telsisteme en simbole gefunksioneer het, met 'n spesifieke fokus op die Babiloniërs;
- interval notasie;
- die reëls vir ongelykhede;
- bewerkings van eksponente;
- algebraïese uitdrukkings;
- komplekse getalle; - modellering van probleme;
- ongelykhede;
- absolute waardes;
- koördinaat meetkunde;
- lyne;
- direkte en indirekte verandering;
- funksies;
- grafieke van funksies;
- gemiddelde tempo van verandering van 'n funksie;
- liniëre funksies en modelle;
- transformasies van funksies;
- een-tot-een funksies en hulle transformasies;
- kombinerings van funksies;
- een-tot-een funksies en hulle inverses;
- kwadratiese funksies en modelle;
- polinoomfunksies en hulle grafieke;
- deling van polinome;
- nulpunte van polinome;
- komplekse nulpunte;
- die fundamentele stelling van algebra;
- rasionale funksies;
- polinome en rasionale ongelykhede;
- eksponensiële funksies;
- die natuurlike eksponensiële funksie;
- logaritmiëse funksies;
- die wette van logaritmes;
- eksponensiaal en logaritmiëse vergelykings;
- die eenheid sirkel;
- trigonometriëse funksies van reële nommers;
- trigonometriëse grafieke;
- inverse trigonometriëse funksies en grafieke.

<b>WHS2163</b>	<b>Wiskunde 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

Demonstreer 'n ingeligte begrip van

- basiese beginsels van die vakwetenskaplike benadering tot Wiskunde;
- van die mens se kennis van Wiskunde;
- die meetkundige uitvindings van Thales;
- Pythagoriese Wiskunde;
- die ontstaan en ontwikkeling van Griekse Wiskunde, met 'n spesifieke fokus op meetkunde;
- die antieke konstruksie probleme;
- van Euklides en die Elemente;
- van Euklidiese Meetkunde o die raaklyn en snelheid probleme;
- die limiet van 'n funksie;
- limietwette;
- kontinuïteit;
- limiete by oneindig;
- horisontale asimptote;
- afgeleides en tempo van verandering;
- die afgeleide as 'n funksie;
- afgeleides van polinome; eksponensiaal- en trigonometriese funksies;
- die som-reël;
- die produk-reël;
- die kwasiënt-reël;
- die ketting-reël o implisiete differensiasie;
- die afgeleides van logaritmiëse funksies;
- die toepassing van differensiasie;
- die maksimum en minimum waardes van funksies;
- die middelwaarde stelling;
- hoe die vorm van die afgeleide die vorm van die grafiek beïnvloed;
- onbepaalde vorme;
- l'Hospital se reël;
- krommesketsing;
- optimeringsprobleme.

<b>WHS2263</b>	<b>Wiskunde 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 20</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

Demonstreer 'n ingeligte begrip van

- optel;
- die idee van wat volgende is;
- om rekenkunde af te lei vanaf opvolging;
- vermenigvuldiging;
- simmetrie;
- stelle;
- deling en beuke;
- aftrek en negatiewe getalle;
- irrasionale getalle;
- imaginêre getalle;
- oneindig;
- ruimte en meetkunde;
- Liber Abaci se haasprobleem;

- eienskappe van Fibonacci Getalle;
- Pithagoriëse drietal;e;
- Fibonacci se toernooi probleem;
- die ontwaking van Wiskunde in Europa in die 14de en 15de eeue;
- Cardan se oplossing van die kubiese vergelyking;
- Ferrari se oplossing van die kwartiese vergelyking;
- Sewentiende eeu se verspreiding van kennis;
- Galileo se teleskopiese observasies;
- die begin van die moderne notasie;
- die desimale breuke van Simon Stevin;
- Napier se ontdekking van logaritmes;
- Astronomiese ontdekkings van Brahe en Kepler;
- skrywes van Descartes;
- die ontdekking van Cartesiese Meetkunde;
- Algebra in die la Geometrie;
- Descartes se Principia Philosophiae;
- Perspektiewe Meetkunde;
- Newton se metode en anti-afgeleides;
- areas onder grafieke;
- die bepaalde integraal;
- die hoofstelling van Calculus;
- onbepaalde integrale;
- die totale veranderingstelling;
- die berekening van die oppervlakte tussen twee grafieke;
- die berekening van volumes met integrasie;
- die substitusie-reël in integrasie;
- faktorintegrasie;
- die gebruik van trigonometriëse identiteite om integrale op te los;
- die gebruik van partiële breuke om te integreer;
- integrasie strategieë;
- Booglengte;
- oppervlakte van 'n oppervlakte wat geroteer word;
- toepassings in Ekonomie en Biologie;
- waarskynlikheid.

<b>WHS3174</b>	<b>Wiskunde 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

Demonstreer 'n ingeligte begrip van

- Wiskunde as God se openbaring;
- die mens se kennis van Wiskunde;
- eenvoudige wiskundige strukture;
- Newton en Leibniz se bydrae tot differensiasie en integrasie;
- die oorsprong van Waarskynlikheidsteorie;
- Pascal se rekenkundige driehoek;
- die modellering met differensiaal vergelykings;
- rigtingvelde;
- Euler se metode;
- die oplos en modellering van differensiaal vergelykings;
- lineêre differensiaal vergelykings;
- die definiëring van kurwes in terme van parametriëse vergelykings;

- die toepassing van differensiaalrekenende metodes op parametriese vergelykings o die voorstelling van poolkoördinate;
- die berekening van areas en lengtes;
- koniese snitte (kegelsnedes);
- die voorstelling van Statistiese data;
- die berekeninge van sentrale geneigdheid;
- waarskynlikheid;
- die Binomiaal-, Poisson en Normaalverdelings;
- die toepassing van die Binomiaal-, Poisson en Normaalverdelings;
- lineêre korrelasie en regressie;
- Steekproefneming- en skattingteorieë;
- Statistiese hipoteses ken en toepas;
- die toepassing van statistiese hipoteses;
- Chi-kwadraat en verdeling-vrye toetse.

<b>WHS3274</b>	<b>Wiskunde 3</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

Demonstreer 'n ingeligte begrip van

- Wiskunde as God se openbaring;
- die mens se kennis van Wiskunde;
- eenvoudige wiskundige strukture;
- Newton en Leibniz se bydrae tot differensiasie en integrasie;
- die oorsprong van Waarskynlikheidsteorie;
- Pascal se rekenkundige driehoek;
- die modellering met differensiaal vergelykings;
- rigtingvelde;
- Euler se metode;
- die oplos en modellering van differensiaalvergelykings;
- lineêre differensiaal vergelykings;
- die definiëring van kurwes in terme van parametriese vergelykings;
- die toepassing van differensiaalrekenende metodes op parametriese vergelykings o die voorstelling van poolkoördinate;
- die berekening van areas en lengtes;
- koniese snitte (kegelsnedes);
- die voorstelling van Statistiese data;
- die berekeninge van sentrale geneigdheid;
- waarskynlikheid;
- die Binomiaal-, Poisson en Normaalverdelings;
- die toepassing van die Binomiaal-, Poisson en Normaalverdelings;
- lineêre korrelasie en regressie;
- Steekproefneming- en skattingteorieë;
- Statistiese hipoteses ken en toepas;
- die toepassing van statistiese hipoteses;
- Chi-kwadraat en verdeling-vrye toetse.

# **BACCALAUREUS IN SOSIALE WETENSAPPE/BACHELOR OF SOCIAL SCIENCES (BSocSci)**

**GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 120400**

**MINIMUM 360-KREDIET PROGRAM OP VLAK 7 VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)**

## **INLEIDING**

Die Baccalaureus in Sosiale Wetenskap (BSocSci) is 'n baie handige algemene of “breë” kwalifikasie. Die rede daarvoor is dat dit soveel moontlikhede in verskillende velde of dissiplines bied. Die kwalifikasie het onder andere ook kreatiewe denke, probleemoplossing en etiese verantwoordbaarheid binne 'n voortdurend veranderende wêreld en digitale omgewing ten doel. Gegraduateerdes kan met goeie begroning en oordraagbare kennis as kritiese denkers, in hul gekose gespesialiseerde studierigtings funksioneer. Die moontlike gespesialiseerde studierigtings word gekies uit leerareas soos sosiale wetenskappe (Sielkunde, Sosiologie, Filosofie, Geskiedenis, Geografie), kommunikasiewetenskappe, ekonomie, inligtingstechnologie en tale.

By voltooiing van BSocSci kan graduateerdes direk in gemeenskapsgerigte beroepe instap, onder andere weens die insluiting van Gemeenskapsontwikkeling in jaar een en twee van die program. Gegraduateerdes sal ook vaardighede besit in tegnologieë verwant aan hulle gespesialiseerde studierigtings en Vierde Industriële Rewolusie-platforms (4IR). Die BSocSci rus studente toe om bestaande en toekomstige plaaslike en internasionale sosiale kwessies te benader binne die konteks van 'n ingeligte wêreldbeskouing, en so 'n krities belangrike bydra tot die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika te kan lewer. Die kurrikulum van hierdie kwalifikasie is so ontwerp om verantwoordelikheid en besluitnemingsbevoegdheid by studente aan te wakker en hulle sodoende ook as leiers te vorm.

Suksesvolle graduandi van die BSocSci kan vertikaal toegelaat word vir studie van verwante honneursgrade of nagraadse diplomas op vlak 8 van die NKR, in dieselfde studierigtings as dié in hul finale jaar van die BSocSci. Diagonale artikulasie is met die oog op beroeps- of studierigting verandering. 'n Student wat byvoorbeeld BSocSci II by die APA gedoen het met byvoorbeeld kommunikasiekunde, kan aansoek doen vir 'n BA Kommunikasiekunde (NWU), BAdmin (NWU), BCom (NWU) om maar 'n paar voorbeelde te noem. Dus bied die BSocSci ruim moontlikhede vir diagonale artikulasie. Studente wat 'n loopbaan in die onderwys wil volg, kan horisontaal toegelaat word vir NGOS-studie, wat by die APA op vlak 7 van die NKR aangebied word.

## **DUUR VAN DIE KURSUS**

Die BSocSci-graad duur drie jaar voltyds en vier jaar deelyds. Dit mag egter nie vyf jaar oorskry nie.

## **TOELATINGSVEREISTES**

'n Voornemende student doen jaarliks aansoek om as student toegelaat te word. Die dekanes en programkoördineerders is tot beskikking van die studente ten einde advies oor hul akademiese loopbaan te bied en leiding te verskaf. Die student kan ook vooraf skriftelik of telefonies navraag doen.

Die minimum toelatingsvereiste tot hierdie program is 'n Nasionale Senior Sertifikaat of 'n Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) met toepaslike vakkombinasies en vlakke van prestasie, soos omskryf in die Minister se beleid: Minimum Toelatingsvereistes vir Hoër Sertifikaat-, Diploma- en Baccalaureusgraadprogramme wat 'n Nasionale Senior vereis Sertifikaat, Staatskoerant, Vol 751, No 32131 van 11 Julie 2008, en Minimum Toelatingsvereistes vir Hoër Sertifikaat, Diploma en Baccalaureusgraad Programme wat 'n Nasionale Sertifikaat

(Beroepsgerigte) vereis, gepubliseer in die Regering Gazette, Vol. 533, No. 32743, November 2009. Daar kan van leerders verwag word om spesifieke vakkombinasies soos vereis deur die rade of rade te bied. Die kwalifiserende leerder sal in staat wees om na registrasie by verwante rade of rade in verskeie studierigtings te praktiseer as sosiale wetenskaplikes en/of geassosieerde professionele persone.

'n Persoon wat die BSocSci wil volg, moet aan die volgende toelatingsvereistes voldoen:

### **1. Matrikulasievystelling**

'n Student met matriek vystelling kwalifiseer vir toelating tot die BSocSci-graad op die volgende voorwaardes:

#### **Gematrikuleer 2008 en daarna**

1.1 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met 'n toelatings-puntetelling van **25** (die som van die TPT punte toegeken "achievement level" aan die 6 beste vakke op die NSS, **Lewensoriëntering uitgesluit**).

Minimum vereistes vir spesifieke vakke:

Afrikaans: 4 (50 – 59%) en Engels: 4 (50 – 59%)

Vir studente wat in die onderwys rigting wil studeer, met Wiskunde as skoolvak:

Wiskunde: 5 (60% +) (Wiskunde-geletterdheid kan nie vir toelating tot die vak Wiskunde oorweeg word nie).

OF

1.2 'n Geldige sertifikaat wat bewys lewer van voorwaardelike vystelling van die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad (UMALUSI).

### **2. Voorwaardelike vystelling op grond van ouderdom van minstens 23 jaar (St.10 / Graad 12)**

Indien 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen, kan aansoek om voorwaardelike Vystelling gedoen word:

2.1 Indien die ouderdom van 23 jaar reeds op 1 Januarie van die jaar waarin vir die BSocSci geregistreer word, bereik is; en

2.2 Indien een vak in matriek op hoër graad geslaag is; en

2.3 Indien ten minste vier graad 12 – vakke op Hoërgraad of op Standaardgraad met simbole A tot E geslaag is; en

2.4 Indien minstens drie vakke tydens een eksamensessie (eksamengeleentheid) geslaag is.

### **3. Vystelling op grond van ouderdom 45 jaar of ouer**

'n Persoon wat 45 jaar of ouer is, hoef geen skool kwalifikasie te besit alvorens vir vystelling aansoek gedoen word nie.

### **4. Volledige vystelling op grond van die behaling van 'n 3 of 4 jarige diploma**

'n Persoon wat 'n 3 of 4 jarige diploma verwerf het aan 'n Technikon, 'n Onderwyserskollege, 'n Universiteit of 'n Verplegingskollege wat by 'n SA universiteit geaffilieer is, mag aansoek om algehele vystelling doen op voorwaarde dat die persoon voor die aanvang van die diplomastudie oor 'n Senior Sertifikaat (dit is Matriek sonder vystelling) beskik het.

**5. Studente het 'n telling van 25 nodig vir toelating tot die BSocSci-program** (die som van die TPT punte toegeken "achievement level" van tot ses vakke, Lewensoriëntering uitgesluit).

6. Studente met 'n telling van 24 word **voorwaardelik toegelaat** om vir al hul vakke in te skryf, mits hulle die vakke in die eerste semester slaag. Indien die studente in gebreke bly om al die vakke te slaag, sal hulle oorgaan op die verlengde program.

7. Studente met 'n telling tussen 21 en 23 word **toegelaat tot die verlengde program** wat beteken dat 'n student met 'n telling tussen 21 en 23 in die eerste jaar net die verpligte vakke moet doen.

## SPESIFIEKE INSTELLINGSVEREISTES

### Wiskunde toelatingstoets

Indien 'n student minder as 60% in die eindeksamen van Graad 12 vir Wiskunde (nie Wiskunde geletterdheid nie) behaal het, maar tog Wiskunde as vak wil neem sal die student toegelaat word om 'n Wiskunde toelatingstoets te skryf.

Die studente wat die Wiskunde toelatingstoets skryf en dit met 60+% slaag sal toegelaat word om Wiskunde te neem.

## FINANSIES

Die volgende studiegeld is betaalbaar:

<b>Aansoekgeld:</b>	Nie-terugbetaalbare bedrag	<b>R500.00</b>
<b>Deposito:</b> (Die deposito vorm <b>deel van die studiegeld</b> en is dus nie 'n addisionele fooi nie)	Met registrasie moet die deposito van R11 600.00 betaal word, waarvan R10 000 dien as 'n terugbetaalbare bedrag <b>SLEGS INDIEN</b> daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.	<b>R11 600.00</b> (per jaar)

Bogenoemde gelde is verpligtend en 'n student wat dit nie betaal nie, word nie as 'n geregistreerde student van die Akademie beskou voordat die geld teen die aanvang van die akademiese jaar betaal is nie.

**Geen studie inligting sal tydens die Oriëntasietydperk voorsien word sonder bewys van betaling nie.**

### FINALE DATUMS VIR BETALING VAN VOLLE STUDIEGELD ELKE JAAR:

<b>Eerste Semester: 31 Maart</b> <b>Tweede Semester: 31 Augustus</b> Studente wat hier in gebreke bly, se volle akademiese diens word onmiddellik opgeskort indien die studiegeld nie teen die betrokke spertye betaal is nie. <ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Geen student sal toegelaat sal word om eksamen af te lê alvorens hul studiegelde op datum betaal is nie.</b></li><li>• <b>Geen student sal 'n Puntestaats ontvang of toegelaat word om vir die volgende semester/studiejaar in te skryf alvorens die student se agterstallige studiegeld ten volle betaal is nie.</b></li><li>• <b>Geen grade sal toegeken word indien studiegeld nie ten volle vereffen is nie.</b></li></ul>
--

## STUDIEGELD

<b>BSocSci 1</b> Gemeenskapsontwikkeling Akademiese Geletterdheid Rekenaargeletterdheid Sosiale Wetenskappe en godsdienstige wêreldbeskouings Vak 1 Vak 2 Vak 3 Vak 4	R 4 500.00 (per vak, per jaar) R 4 500.00 (per vak, per jaar) R 3 000.00 (per vak, per jaar)  R 4 500.00 (per vak, per jaar) R 9 000.00 (per vak per jaar) R 9 000.00 (per vak per jaar) R 9 000.00 (per vak per jaar) R 9 000.00 (per vak per jaar) <b>TOTAAL: R52 500.00</b>
<b>BSocSci 2</b> Kommunikasie vir Beroepsdoeleindes Gemeenskapsontwikkeling	R 4 500.00 (per vak, per jaar) R 4 500.00 (per vak, per jaar)

Toegepaste Internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologie Vak 1 Vak 2 Vak 3	R 4 500.00 (per vak, per jaar) R11 500.00 (per vak per jaar) R11 500.00 (per vak per jaar) R11 500.00 (per vak per jaar) <b>TOTAAL: R48 000.00</b>
Hereksamengeld Hermerk van vraestel Senaatseksamen CAT/RPL	R1 000.00 (per vraestel) R1 000.00 (per vraestel) R1 000.00 (per vraestel) R 750.00 (per vak)

## KWYTSKELDINGS BY STAKING VAN STUDIE EN OF VAKKE

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het (soos op kalender aangedui), besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegetydig **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. **Die aansoekgeld en R1 600.00 van die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie. R10 000.00 dien as 'n terugbetaalbare bedrag SLEGS INDIEN daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.**

Indien studente **ná** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegetydig, **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie **ná** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die volle tweede semester.

Alle gelde wat betaalbaar is, word direk in die AP Akademie se bankrekening inbetaal, waarna die bewys van betaling aan die rekenmeester ([betalings@apa.ac.za](mailto:betalings@apa.ac.za)) deurgestuur word. Waar studente 'n studielening ontvang, word die toekenning direk en ten volle op hul studie-rekening inbetaal en nie aan die studente nie, tensy daar 'n krediet tot hul beskikking is. Indien die toekenning minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die studente verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

## KURRIKULA/PROGRAMSAMESTELLING

**Hierdie kwalifikasie bied toegang tot soortgelyke kwalifikasies op NKR-vlak 7. Dit kan na voltooiing toegang bied tot kwalifikasies op NKR-vlak 8 indien die student van studierigting of loopbaan wil verander.**

JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Akademiese Geletterdheid (verpligtend)	AKG1052	5	12
	Rekenaargeletterdheid (verpligtend)	RGL5151	5	6
	Keusevak 1		5	12
	Keusevak 2		5	12
	Keusevak 3		5	12
	Keusevak 4		5	12
Sem. 2	Gemeenskapsontwikkeling (verpligtend)	COD5252	5	12



	Sosiale Wetenskappe en godsdienstige wêreldbeskouings (verplichtend)	SRW5252	5	12
	Keusevak 1		5	12
	Keusevak 2		5	12
	Keusevak 3		5	12
	Keusevak 4		5	12
	<b>Totale krediete</b>			<b>138</b>

JAAR 2	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Kommunikasie vir Beroepsdoeleindes (verplichtend)	COP6163	6	12
	Keusevak 1		6	15
	Keusevak 2		6	15
	Keusevak 3		6	15
Sem. 2	Gemeenskapsontwikkeling (verplichtend)	COD6263	6	12
	Toegepaste Internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologie (verplichtend)	ICT6263	6	12
	Keusevak 1		6	15
	Keusevak 2		6	15
	Keusevak 3		6	15
	<b>Totale krediete</b>			<b>126</b>

JAAR 3	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Toegepaste Sagteware en verwante tegnologie (verplichtend)	AST7174	7	12
	Toegepaste Navorsing in veld van studie (verplichtend)	ANM7174	7	12
	Keusevak 1		7	18
	Keusevak 2		7	18
Sem. 2	Werksgoëntegreerde leer (WIL) (verplichtend)	PRP7274	7	30
	Keusevak 1		7	18
	Keusevak 2		7	18
	<b>Totale krediete</b>			<b>126</b>

Die kennis, vaardighede en toegepaste vaardighede van studente in die voorgestelde BSocSci, word geraamwerk teen die uittreevlak-uitkomste van die program en word gekoppel aan die ingeboude kennis, vaardighede en toegepaste ervaring soos aangedui. Alle modules is ontwerp met die doel om te kommunikeer met die huidige en toekomstige behoeftes van die wêreld en werksomstandighede en is dus gepas vir die 21ste eeu.

### Eerstejaar

In die eerstejaar neem die student vier keusevakke asook vier fundamentele verpligte vakke. Die eerste studiejaar word gekenmerk deur die insluiting van verskeie studierigtings in fundamentele leer om die student toe te rus met 'n stewige basis van algemene bevoegdhede. Vakspesifieke leer word geïntegreer op grond van die keusemodules soos in die tabel hieronder aangedui. Vier modules kan gekies word uit die vier groepe soos aangedui. Een module **moet gekies word uit Groep A óf B**. Die bykomende drie modules kan uit enige ander groep(e) gekies word.

Suksesvolle voltooiing van modules in die eerstejaar is 'n voorvereiste vir die tweedejaar.

### **Tweedejaar**

Die tweedejaar sluit in drie fundamentele leer modules gekoppel aan die modules van die eerstejaar, vir die doel om die studente toe te rus met spesifieke vaardighede in die werksplek. Studente moet hul hoofstudierigting finaliseer en een module uit Groep A of B kies. Twee bykomende modules kan gekies word uit Groep A, B of C of Groep D in artikulasie met hul keuses in die eerste studiejaar.

Suksesvolle voltooiing van modules in die tweedejaar is 'n voorvereiste vir die derdejaar.

### **Derdejaar**

Twee modules uit die keusemodules van die tweede jaar met ten minste een uit Groep A of B, moet vir die derde jaar gekies word, ondersteun deur twee fundamentele leermodules sowel as 'n module in WIL. Die WIL-module, "Professionele Praktijk in Studieveld", sal studente se vermoë ontwikkel om 'n 'sisteemdenke'-benadering op probleme in die werkswêreld toe te pas, deur gebruik te maak van die begrip wat hulle gedurende hul studies van relevante omgewings-, ekonomiese, sosiale en politieke faktore.

Die volgende bepalings word saam met bogenoemde gelees:

### **Belangrike inligting ten opsigte van vereistes, kombinasies en kombinasiereëls (Samestelling van die kursus)**

#### **Aantal vakke:**

Die kursus duur drie jaar en bestaan uit minstens 390 krediete in totaal, maar 'n student mag verdere vakke vir nie-graad doeleindes neem.

### **KOMBINASIEREËLS**

Die kombinasies vereis van studente om vakinhoude op 'n bepaalde NKR-vlak eers volledig te bemeester voordat na 'n hoër vlak beweeg word.

In die algemeen bepaal die kombinasiereëls dat die voltooiing van modules op 'n laer NKR-vlak nodig is ten einde na 'n hoër vlak te beweeg.

#### **Keusevakke**

Studente mag 'n keuse maak uit die volgende vakke:

<b>Groep A (Sosiaal)</b>	<b>Groep B (Tale)</b>	<b>Groep C (Besigheid, Ekonomie en Bestuurstudies)</b>	<b>Groep D (Wetenskappe)</b>
Filosofie	Afrikaans	Ekonomie	Rekenaartegnologie
Kommunikasiekunde	Duits		Wiskunde
Geografie	Engels		
Geskiedenis	Frans		
Joernalistiek	Latyn		
Politieke Wetenskap	Sepedi		
Sielkunde			
Sosiologie			

#### **Hoofvakke**

'n Student kies twee hoofvakke uit die vakke hierbo genoem. Die keuse van hoofvakke kan deur die loop van die studie verander word. 'n Hoofvak is 'n vak ten opsigte waarvan 'n student die vak tot op derdejaarsvlak (NKR-vlak 7) voltooi.

## Verpligte vakke

Vergelyk die volgende vakke met die uitkomstebeskriving by elke vak wat volg

<b>Eerstejaar</b> <ul style="list-style-type: none"><li>➤ Gemeenskapsontwikkeling (COD5252)</li><li>➤ Akademiese Geletterdheid (AKG1052)</li><li>➤ Rekenaargeletterdheid (verpligtend) (RGL5151)</li><li>➤ Sosiale Wetenskappe en godsdienstige wêreldbeskouings (SRW5252)</li></ul>
<b>Tweedejaar</b> <ul style="list-style-type: none"><li>➤ Gemeenskapsontwikkeling (COD6263)</li><li>➤ Kommunikasie vir Beroepsdoeleindes (COP6163)</li><li>➤ Toegepaste Internet kommunikasie en Vierde Industriële Rewolusie Tegnologie (ICT6263)</li></ul>
<b>Derdejaar</b> <ul style="list-style-type: none"><li>➤ Toegepaste Sagteware en verwante tegnologie (AST7174)</li><li>➤ Toegepaste Navorsing in veld van studie (ANM7174)</li><li>➤ Werksgeïntegreerde leer (WIL) (PRP7274)</li></ul>

### Minimum aantal studente per vak:

Die AP Akademie behou die reg voor om nie 'n vak vir studente aan te bied, indien die klasgetalle dit nie regverdig nie. Vir eerstejaarstudente, word die minimum aantal studente per vak op vier vasgestel.

## AKKUMULASIE VAN AKADEMIESE KREDIETE

Ten einde die **BSocSci** (NKR-vlak 7) te verwerf, moet 'n student altesaam 420 krediete verkry.

- BSocSci 1 keusevakke het 'n kredietwaarde van 24 (12 per module, per semester). Die verpligte vakke het 'n wisselende kredietwaarde van tot 12 krediete.
- BSocSci 2 keusevakke het 'n kredietwaarde van 30 (15 per module, per semester). Die verpligte modules van die derdejaar het 'n kredietwaarde van 12.
- BSocSci 3 se keuse/hoofvakke het 'n kredietwaarde van 36 (18 per module, per semester). Die verpligte modules van die derdejaar het 'n kredietwaarde van 12.

'n Student ontvang erkenning vir krediete sodra 'n vak suksesvol geslaag is.

Sodra 'n BSocSci-studente al die vereiste vakke oor die drie jaar heen (of oor 'n langer tydperk) geslaag het, kwalifiseer hulle vir die toekenning van die geakkrediteerde BSocSci-graad.

Die BSocSci-graad duur drie jaar voltyds en vier jaar deelyds. Dit mag egter nie vyf jaar oorskry nie.

## UITKOMSTEBESKRYWING

Hierdie afdeling bevat 'n kort beskrywing van die inhoud van elke vak.

Elke krediet soos aangetoon naas die vaknaam verteenwoordig 10 ure van leer en onderrig (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure) – **Vergelyk: Omskrywing rakende leer en onderrig**

### Afrikaans

**Van studente word verwag om in die eksamen 'n subminimum van 40% in beide Taal- en Letterkunde te verwerf.**

<b>AFR5152</b>	<b>Afrikaans 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomste te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Afrikaanse taal in terme van geselekteerde velde in letterkunde en linguistiek;
- verstaan en bespreek die oorsprong van Afrikaans deur te verwys na Europese, plaaslike en internasionale invloed;
- pas kennis van morfologie toe om woordvormingsprosesse te identifiseer en te verduidelik;
- demonstreer basiese kennis van sintaksis om woordsoorte en enkelvoudige sinne te klassifiseer en te ontleed;
- gebruik die reëls van spelling, leestekens en grammatika in toepassing soos in die AWS om skryftake te lewer en om ongeredigeerde dokumente te verbeter;
- ontleed Afrikaanse gedigte deur korrekte vakterminologie en -metodes te gebruik;
- ontleed verhalende tekste, naamlik dramas, kortverhale en romans, volgens narratologie en plaas dit in konteks;
- verstaan en interpreteer die struktuur, ontwerp en samehang van narratiewe- sowel as gewone taaltekste.

<b>AFR5252</b>	<b>Afrikaans 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van die Afrikaanse taal in terme van geselekteerde velde in letterkunde en linguistiek;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die literatuurwetenskaplike aard, die verskillende studierigtings en die metodes wat gebruik kan word om 'n teks te ontleed;
- analiseer literatuurtekste deur literatuurwetenskaplike terminologie te gebruik;
- demonstreer 'n begrip van die vaardighede wat nodig is om jeugliteratuur te analiseer, te beskryf en te onderrig;
- vertrouwd wees met die transformasie van die eksponensiële funksies;
- weet hoe die logaritmiëse funksie gedefinieer word;
- ken die algemene vorm van die logaritmiëse funksie;
- ken die grafieke van die verskillende logaritmiëse funksies;
- ken logaritmiëse wette;
- weet hoe logaritmiëse funksies in alledaagse situasies gebruik kan word;
- wees vertrouwd met die natuurlike logaritmiëse funksie en sy eienskappe;
- vertrouwd wees met die transformasie van logaritmiëse funksies;
- los eksponensiële en logaritmiëse vergelykings en ongelykhede op;
- ken drie tegnieke om gelyktydige oplossings vir stelsels te vind;

- ken elementêre bewerkings wat op 'n stelsel lineêre vergelykings toegepas kan word sonder om die oplossingstel te verander;
- ken elementêre bewerkings wat op 'n stelsel lineêre vergelykings in matriksvorm toegepas kan word sonder om die oplossingstel te verander;
- skryf enige stelsel lineêre vergelykings in matriksvorm deur middel van Gaussiese afleiding in stapvorm;
- skryf die oplossing(s) van 'n stelsel lineêre vergelykings in stapvorm neer;
- weet wanneer 'n stelsel lineêre vergelykings 'n duidelike oplossing, geen oplossing of oneindig baie oplossings het nie;
- neem kennis van die tegniek van Gauss-Jordaniese herleiding;
- los toegepaste probleme op;
- los stelsels van ongelykhede grafies op;
- pas die algebraïese bewerkings op matrikse toe;
- bepaal die inverse van 'n matriks;
- in staat wees om te bepaal wanneer 'n matriks nie 'n inverse het nie;
- los matriksvergelykings op;
- bepaal die determinant van 'n matriks;
- ken Cramer se reël;
- breek algebraïese breuke in gedeeltelike breuke op;
- los stelsels van nie-lineêre vergelykings en ongelykhede op;
- weet wat sommige van die implikasies van die Bybel vir Wiskunde is;
- toon wat die vroeë telstelsels en simbole was;
- kennis van Wiskunde in vroeë beskawings te demonstreer.

<b>WHS6163</b>	<b>Wiskunde 2</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 18</b>
----------------	-------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van Wiskunde as God se openbaring;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van menslike kennis van Wiskunde;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die oorsprong en ontwikkeling van Griekse Wiskunde, met 'n spesifieke fokus op meetkunde;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die oorsprong en ontwikkeling van Griekse Wiskunde, met 'n spesifieke fokus op meetkunde en van die antieke konstruksieprobleme;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van Euclides en die Elementa van Euklidiese Meetkunde;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die raaklyn- en snelheidsprobleme, die limiet van 'n funksie en limietwette;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van kontinuïteit, limiet by oneindigheid en die horisontale asimptoot;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van afgeleides en die tempo van verandering en die afgeleide as 'n funksie;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van afgeleides van polinome; eksponensiële en trigonometriese funksies, die somreël, die produkreël, die kwosiënreël en die kettingreël;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van implisiete differensiasie en die afgeleides van logaritmiëse funksies;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van die toepassing van differensiasie, die maksimum en minimum waardes van funksies, die gemiddelde waardestelling, hoe die vorm van die afgeleide die vorm van die grafiek beïnvloed, onbepaalde vorme en l'Hôpital se reël;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van kromme-tekening en optimaliseringsprobleme.

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- gebruik die Newton-Raphson-metode om nulle te vind;
- skryf die definisie van 'n anti-afgeleide van 'n funksie neer en gebruik dit;
- bepaal die mees algemene anti-afgeleide van 'n funksie;
- bepaal 'n funksie as sy afgeleide (s) gegee word;
- bereken benaderde areas onder grafieke;
- verduidelik die definisie van die spesifieke integraal;
- ken die integrale en die integrasiegrense van 'n spesifieke integraal;
- gebruik die eienskappe van die bepaalde integraal;
- ken en pas die hoofstelling van Calculus toe;
- ken en pas onbepaalde integrale toe;
- ken die totale veranderingsstelling;
- pas die substitusiereël toe;
- gebruik faktorintegrasië;
- gebruik trigonometriese identiteite om integrale op te los;
- gebruik gedeeltelike breuke om te integreer;
- integrasie strategieë;
- berekening van die area tussen twee grafieke;
- bereken volumes met integrasie;
- weet wat sommige van die implikasies van die Bybel vir Wiskunde is;
- om te wys wat die vroeë telsisteme en simbole was;
- demonstreer kennis van Wiskunde in die vroeë beskawings;
- demonstreer kennis van die begin van Griekse Wiskunde.

**BACCALAUREUS IN TEOLOGIE/BACHELOR OF DIVINITY (BDiv)  
GEAKKREDITEER - SAKO (SAQA) ID: 111897  
MINIMUM 480-KREDIET PROGRAM OP VLAK 8 VAN DIE NASIONALE  
KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)**

**INLEIDING**

Die doel met hierdie program is om getrou aan die Skrif toegeruste persone te lewer wat oor die vereiste vlak van kennis en vaardighede beskik wat nodig is vir toelating tot kerk-eie opleiding. Die leer en onderrig geskied vanuit die klassiek-gereformeerde tradisie en deur medium van Afrikaans.

Benewens kerklike ordening bied die program ook 'n uitstekende geleentheid vir enige gegradueerde wat teologie wil studeer en die uitkomst wil gebruik om indiensneming in 'n verskeidenheid denominasies, kerke en verwante gemeenskapsorganisasies te vind. Verder staan die program ook in diens van die groeiende aanbod van werksgeleenthede wat 'n afgeronde en breë onderrig in 'n gepaste Baccalaureus graad (insluitende Teologie) vereis. Die program het ook in hierdie konteks die doel om gegradueerdes te lewer wat vaardig is in die bediening van geestelike groei, in 'n etiese- en professionele praktyk op die vaste grondslag van die Bybel en die klassieke Christelike tradisie, om dienooreenkomstig hul roeping in die samelewing te vervul.

Die kwalifikasie bied voorts die basis vir verdere studie. Dit artikuleer vertikaal na die Magister in Teologie op NKR-vlak 9.

Gegradueerdes beskik oor 'n afgeronde kwalifikasie van hoogstaande gehalte wat hulle toerus met die kennis en vaardighede om met verantwoordelikheid op die voorpunt van leierskap, beïnvloeding, inspirasie en versorging in die toepaslike gemeenskappe te staan.

**DUUR VAN DIE KURSUS**

Die BDiv-graduur duur vier jaar voltyds en ses jaar deelyds.

**TOELATINGSVEREISTES**

1. Om tot die BDiv Program toegelaat te word, moet die kandidaat oor die volgende beskik:
  - 'n Senior Sertifikaat met universiteitsvrystelling en 'n M-telling van ten minste 28; of
  - 'n Nasionale Senior Sertifikaat of Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) en 'n toelatingpunttelling van minstens 28; of
  - 'n gelykwaardige kwalifikasie; of
  - 'n toepaslike Hoër Sertifikaat, of gelykwaardige kwalifikasie; of
  - Toepaslike erkenning van vorige leer (RPL).
  - In die vakke Afrikaans en Engels is 'n C-simbool (vóór 2008) of 'n 5 vir Afrikaans of Engels (ná 2008) 'n vereiste om toegang tot die program te verkry.

**2. Voorwaardelike vrystelling op grond van ouderdom van minstens 23 jaar (St.10 / Graad 12)**

Indien 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen, kan aansoek om voorwaardelike Vrystelling gedoen word:

- a. Indien die ouderdom van 23 jaar reeds op 1 Januarie van die jaar waarin vir die BDiv geregistreer word, bereik is; en
- b. Indien een vak in matriek op hoër graad geslaag is; en
- c. Indien ten minste vier graad 12 – vakke op Hoërgraad of op Standaardgraad met simbole A tot E geslaag is; en
- d. Indien minstens drie vakke tydens een eksamensessie (eksamenleentheid) geslaag is.

### 3. Vrystelling op grond van ouderdom 45 jaar of ouer

'n Persoon wat 45 jaar of ouer is, hoef geen skool kwalifikasie te besit alvorens vir vrystelling aansoek gedoen word nie.

4. **Studente het 'n telling van 28 nodig vir toelating tot die BDiv-program (die som van die TPT punte toegeken "achievement level" van tot ses vakke, Lewensoriëntering uitgesluit).**

5. Studente met 'n telling van **27** word **voorwaardelik toegelaat** om vir al sy/haar vakke in te skryf, mits hy/sy die vakke in die eerste semester slaag. Indien die student in gebreke bly om al die vakke te slaag, sal hy/sy oorgaan op die verlengde program

6. Studente met 'n telling van **24 tot 26** word **toegelaat tot die verlengde program** wat beteken dat 'n student met 'n telling van 24 tot 26 in die eerste jaar die verlengde AKG module moet doen en slegs 'n gedeelte van die verpligte vakke in die eerste jaar mag neem, dit wil sê óf die verpligte tale, naamlik Grieks (GRK1064), Hebreeus (HEB1064) en Latyn (LAT1152), óf die verpligte teologie-modules naamlik BYT1152; DOG1252; KGS1252; DKN1252 en MIS1252. Indien die student die gekose vereiste modules aan die einde van die eerste jaar slaag, mag die student in die tweede jaar die ander uitstaande modules van die eerste jaar doen.

## FINANSIES

Die volgende studiegeld is betaalbaar:

<b>Aansoekgeld:</b>	Nie-terugbetaalbare bedrag	<b>R500.00</b>
<b>Deposito:</b> (Die deposito vorm deel van die studiegeld en is dus nie 'n addisionele fooi nie)	Met registrasie moet die deposito van R11 600.00 betaal word, waarvan R10 000 dien as 'n terugbetaalbare bedrag <b>SLEGS INDIEN</b> daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.	<b>R11 600.00</b> (per jaar)

Bogenoemde gelde is verpligtend en 'n student wat dit nie betaal nie, word nie as 'n geregistreerde student van die Akademie beskou voordat die geld teen die aanvang van die akademiese jaar betaal is nie.

**Geen studie inligting sal tydens die Oriëntasietydperk voorsien word sonder bewys van betaling nie.**

### FINALE DATUMS VIR BETALING VAN VOLLE STUDIEGELD ELKE JAAR:

<b>Eerste Semester: 31 Maart</b> <b>Tweede Semester: 31 Augustus</b> Studente wat hier in gebreke bly, se volle akademiese diens word onmiddellik opgeskort indien die studiegeld nie teen die betrokke spertye betaal is nie.
<ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Geen student sal toegelaat sal word om eksamen af te lê alvorens hul studiegelde op datum betaal is nie.</b></li><li>• <b>Geen student sal 'n Puntestaat ontvang of toegelaat word om vir die volgende semester/studiejaar in te skryf alvorens die student se agterstallige studiegeld ten volle betaal is nie.</b></li><li>• <b>Geen grade sal toegeken word indien studiegeld nie ten volle vereffen is nie.</b></li></ul>

<b>BDiv</b>	R39 200.00 (per jaar)
Hereksamengeld	R1 000.00 (per vraestel)
Hermerk van vraestel	R1 000.00 (per vraestel)
Senaatseksamen	R1 000.00 (per vraestel)
CAT/RPL	R 750.00 (per vak)

**Fotostaatgeld:**

**R100-00** (fotostaatgeld word elektronies aan die Akademie oorbetal. 'n Bewys van betaling moet getoon word alvorens 'n student se naam op die fotostaatmasjien geaktiveer word).

**Fotostaatgeld is slegs betaalbaar indien studente van genoemde dienste wil gebruik maak.**

**KWYTSKELDINGS BY STAKING VAN STUDIE EN OF VAKKE**

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die eerste semester se klasse begin het (soos op kalender aangedui), besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig **behoorlik en skriftelik** kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die studente van die studiegeld vir die eerste semester kwytgeskeld. **Die aansoekgeld en R1 600.00 van die deposito is egter nie terugbetaalbaar indien studies gestaak word nie. R10 000.00 dien as 'n terugbetaalbare bedrag SLEGS INDIEN daar voor die aangeduide datum op die kalender gekanselleer word.**

Indien studente **ná** die eerste twee weke nadat die klasse vir die eerste semester begin het, besluit om hul studies te staak of vakke te kanselleer, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die eerste semester en word kwytskelding gegee vir die tweede semester. Indien studente egter versuim om betyds kennis te gee, bly hulle aanspreeklik vir die volle jaar se studiegeld.

Indien studente binne die eerste twee weke nadat die tweede semester begin het, besluit om hul studie te staak of vakke te kanselleer, en vroegtydig, behoorlik en skriftelik kennis daarvan aan die Programkoördineerders van die onderskeie programme gee, word die student van die studiegeld vir die tweede semester kwytgeskeld. Sou die studente hul studie **ná** die eerste twee weke van die tweede semester staak, bly die studente verantwoordelik vir die betaling van die **volle** studiegeld vir die volle tweede semester.

Alle gelde wat betaalbaar is, word direk in die AP Akademie se bankrekening inbetaal, waarna die bewys van betaling aan die rekenmeester ([betalings@apa.ac.za](mailto:betalings@apa.ac.za)) deurgestuur word. Waar studente 'n studielening ontvang, word die toekenning direk en ten volle op hul studie-rekening inbetaal en nie aan die studente nie, tensy daar 'n krediet tot hul beskikking is. Indien die toekenning minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die studente verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

**KURRIKULA/PROGRAMSAMESTELLING**

JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Akademie Geletterdheid	AKG1052	5	12
	Bybelse Grieks I	GRK1064	6	12
	Bybelse Hebreeus I	HEB1064	6	12
	Basiese Latyn of Basiese Duits	LAT1152 DTS1152	6	12
	Inleiding tot Bybelse Teologie	BYT1152	5	12
	Rekenaargeletterdheid	RGL1151	5	6
Sem. 2	Bybelse Grieks I	GRK1064	6	12
	Bybelse Hebreeus I	HEB1064	6	12
	Inleiding tot Sistematiese Teologie	DOG1252	5	12
	Inleiding tot Kerkgeskiedenis	KGS1252	5	12
	Inleiding tot Diakoniologie	DKN1252	5	12
	Inleiding tot Missiologie	MIS1252	5	12
	<b>Totale krediete</b>			<b>138</b>

JAAR 2	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Bybelse Grieks II	GRK2074	7	12
	Bybelse Hebreeus II	HEB2074	7	12
	Studie van die Ou Testament: Pentateug	OTW2162	6	12
	Studie van die Nuwe Testament: Sinoptiese evangelies	NTW2162	6	12
	Studie van Kerkgeskiedenis: 33-500 Nc	KGS2162	6	12
Sem. 2	Bybelse Grieks II	GRK2074	7	12
	Bybelse Hebreeus II	HEB2074	7	12
	Studie van die Ou Testament: Historiese Boeke	OTW2262	6	12
	Studie van die Nuwe Testament: Pauliniese Literatuur en die Algemene Briewe	NTW2262	6	12
	Studie van Diakoniologie: Kategetiek	DKN2262	6	12
	Studie van Missiologie: Godsdiensgeskiedenis	MIS2262	6	12
<b>Totale krediete</b>				<b>132</b>

JAAR 3	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Navorsingsmetodologie	NAM3172	7	12
	Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke	OTW3172	7	12
	Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur	NTW3172	7	12
	Studie van Sistematiese Teologie: Van Belydenis tot Dogmatiek	DOG3162	6	12
	Gevorderde studie van Kerkgeskiedenis: 500-1500 nC	KGS3172	7	12
	Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek	DKN3172	7	12
	of Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk	DKN3172a		
Sem. 2	Navorsingsvoorstel	NAV3281	8	6
	Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur	OTW3272	7	12
	Gevorderde studie van Sistematiese Teologie: God, skepping, openbaring en etiek	DOG3272	7	12
	In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1500-1800 nC	KGS3282	8	12
	Gevorderde studie van Missiologie: Afrika tradisionele godsdienste en Islam	MIS3272	7	12
	Werksgeïntegreerde leer (WIL)	DIP3272	7	12
<b>Totale krediete</b>				<b>138</b>

JAAR 4	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	In-diepte studie van Bybelse Teologie	BYT4084	8	12
	In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Mens, verlossing, kerk en etiek	DOG4182	8	12
	In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1800-2000 nC	KGS4182	8	12
	In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale Psigologie of In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting	DKN4182 DKN4182a	8	12
	In-diepte studie van Missiologie: Sendinggeskiedenis	MIS4182	8	12
Sem. 2	Navorsingsprojek	NAP4282	8	12
	In-diepte studie van die Nuwe Testament	NTW4282	8	12
	In-diepte studie van Bybelse Teologie	BYT4084	8	12
	In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Wysheid en Apologetiek	DOG4282	8	12
	In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek of In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading	DKN4282 DKN4282a	8	12
	<b>Totale krediete</b>			<b>120</b>

## KOMBINASIEREËLS

Die doel van die BDiv program is om in elke vakuitkomstes op vlak 8 van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (NKR) te bereik. Ten einde dié doel te bereik, is die program sodanig ontwerp dat dit aan streng kombinasiereëls onderwerp is. Die reëls vereis van studente om vakinhoud op 'n bepaalde NKR-vlak eers volledig te bemeester voordat na 'n hoër vlak beweeg word. Die Programkoördineerder is in beheer van die proses en maak seker dat die vordering van kandidate ooreenkomstig die kombinasiereëls is. Op hierdie wyse word die integriteit en samehang van die kwalifikasie gehandhaaf.

In die algemeen bepaal die kombinasiereëls dat die voltooiing van modules op 'n laer NKR-vlak nodig is ten einde na 'n hoër vlak te beweeg. In die besonder is die volgende kombinasiereëls van krag:

- *Bybelse Hebreeus I* (HEB1064) is 'n voorvereiste vir *Bybelse Hebreeus II* (HEB2074)
- *Bybelse Grieks I* (GRK1064) is 'n voorvereiste vir *Bybelse Grieks II* (GRK2074)
- *Bybelse Hebreeus II* (HEB2074) is 'n voorvereiste vir *Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke* (OTW3172) en *Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur* (OTW3272), sowel as vir die *In-diepte Studie van Bybelse Teologie* (BYT4084) en *In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek* (DKN4282).
- *Bybelse Grieks II* (GKR2074) is 'n voorvereiste vir die *Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur* (NTW3172), sowel as vir die *In-diepte Studie van Bybelse Teologie* (BYT4084) en *In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek* (DKN4282).
- In gevalle waar die tema van die *Navorsingsprojek* (Skripsie – NAP4282) *Bybelse Hebreeus II* (HEB2074) en/of *Bybelse Grieks II* (GRK2074), of *Basiese Latyn* (LAT1054) en/of *Basiese Duits* (DTS1054) vereis, is genoemde vakke dus 'n voorvereiste vir die hierdie projek.



- *Navorsingsmetodologie* (NAM3172) is 'n voorvereiste vir die *Navorsingsvoorstel* (NAV3281) en beide is 'n voorvereiste vir die *Navorsingsprojek* (NAP4282).

In tabelvorm lyk die kombinasiereëls dus só:

HEB1064	HEB2074
GRK1064	GRK2074
HEB2074	OTW3172
	OTW3272
GRK2074	NTW3172
HEB2074	BYT4082
GRK2074	DKN4282
HEB2074, GRK2074, LAT1054, DTS1054	NAP4282 waar die tema van die navorsingsprojek dit vereis.
NAM3172	NAV3281
NAM3172, NAV3281	NAP4282

Die kombinasiereëls bepaal ook die keuses wat uitgeoefen word ten opsigte van die keusevakke ten einde die kurrikulum te voltooi. Studente moet sover dit keusevakke aangaan, die een óf die ander vak kies. Die volgende keusemoontlikhede is ter sprake:

- In die eerste studiejaar kan tussen *Basiese Latyn* (LAT1152) of *Basiese Duits* (DTS1152) gekies word.
- In die derde studiejaar moet die student 'n keuse uitoefen tussen DKN3172 (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek*) en DKN3172a (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk*).
- In die derde studiejaar sal keusevakke uit die aard van die saak gekoppel wees aan die beoogde *Navorsingsprojek* (NAP4282), gegrond op die *Navorsingsmetodologie* (NAM3172) en die *Navorsingsvoorstel* (NAV3281).
- In die vierde studiejaar moet die student in die eerste semester 'n keuse uitoefen tussen DKN4182 (*In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale Psigologie*) en DKN4182a (*In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting*) en in die tweede semester 'n keuse tussen DKN4282 (*In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek*) en DKN4282a (*In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading*).

Die kombinasiereëls ten opsigte van die keusevakke is soos volg:

- DKN3172 (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek*) is 'n voorvereiste vir DKN4282 (*In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek*).
- DKN3172a (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk*) is 'n voorvereiste vir DKN4282a (*In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading*).

In tabelvorm weergegee, lyk die kombinasiereëls vir die keusevakke soos volg:

DKN3172	DKN4282
DKN3172a	DKN4282a
DKN3172/DKN 3172a, DKN4282/DKN4282a	NAP4282 waar die tema van die navorsingsprojek dit vereis.

## AKKUMULASIE VAN AKADEMIESE KREDIETE

Ten einde die **BDiv-grad** (NKR-vlak 8) te verwerf, moet 'n student altesaam minstens 520 krediete verkry.

'n Student ontvang erkenning vir krediete sodra 'n vak suksesvol geslaag is.

- BDiv 1 en 2 het 'n kredietwaarde van 132 per jaar;
- BDiv 3 het 'n kredietwaarde van 138 per jaar;
- BDiv 4 het 'n kredietwaarde van 120 per jaar.

Sodra BDiv-studente al die vereiste vakke oor die vier jaar heen (of oor 'n langer tydperk) geslaag het, kwalifiseer hulle vir die toekenning van die geakkrediteerde BDiv-graad.

## UITKOMSTEBESKRYWING

Hierdie afdeling bevat 'n kort beskrywing van die inhoud van elke vak.

Elke krediet soos aangetoon naas die vaknaam verteenwoordig 10 ure van leer en onderrig (byvoorbeeld 10 ure x 12 krediete = 120 ure) – Vergelyk: [Omskrywing rakende leer en onderrig](#)

### Interdepartementeel

<b>AKG1052</b>	<b>Akademie Geletterdheid</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
Studente wat nie AKG1052 in die eerste studiejaar slaag nie, kan nie met hulle volgende studiejaar voortgaan alvorens AKG1052 suksesvol geslaag is nie.			

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- bespreek basiese studiemetodes, asook die eise van tersiêre studie en basiese studievaardighede;
- formuleer bronverwysings: in 'n teks en in 'n Bronnelys;
- demonstreer basiese taal- en leesvaardighede in skryfstukke in Afrikaans en Engels;
- reflekteer korrekte akademiese skryfvaardighede en begryp die belang van korrekte spelling;
- identifiseer die belangrikste en kerngedagtes van 'n akademiese leesstuk, dus die prosessering en bestuur asook beheer van inligting;
- produseer, kommunikeer en bestuur akademiese inligting in skryfstukke.

<b>DTS1152</b>	<b>Duits (Elektief)</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte kennis van basiese Duitse geskiedenis, kultuur, kontemporêre Duitse samelewing en letterkunde;
- 'n bevoegdheid te toon in die gebruik van Duitse grammatika – selfstandige naamwoorde en nominatiewe, datief, akkusatief; persoonlike, besitlike, vraende voornaamwoorde; reëlmatige, onreëlmatige, modale werkwoorde in die huidige en verlede onbepaalde tyd; imperatiewe werkwoorde; woordorde, voorsetsels;
- identifiseer, evalueer en los sekere probleme rakende die verstaan en skryf van grammatika en tekste op;
- demonstreer die vermoë om verantwoordelikheid te neem en om volgens voorgeskrewe etiese kodes te werk;
- selekteer en pas metodes van standaardontleding van verskillende Duitse tekste toe;
- evalueer sy/haar eie uitsette tydens die verbale en visuele aanbieding van sy/haar semesteropdragte;
- voer 'n interaktiewe gesprek in Duits met gemak.

<b>GRK1064</b>	<b>Grieks</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	---------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n basiese begrip van die grammatika en woordeskat wat in die Griekse taal aangetref word;

- demonstreer dat die student oor die vaardighede beskik om Griekse frases en paragrawe na Afrikaans te vertaal en woorde binne hulle morfologiese konteks te kan ontleed;
- beskik oor die toepaslike basiese vaardighede om Grieks doeltreffend aan te wend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die fases (epogge) van die bonatuurlike openbaring in sy historiese progressie;
- selekteer en som kernaspekte van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis op;
- identifiseer en beskryf die verband tussen die opkoms van die Griekse ryk en die invloed van die Griekse taal in die tyd van die Nuwe Testament;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot die Griekse grammatika, die struktuur van die taal, die kennis van die geskiedenis en van die Griekse literatuur om sodoende basiese probleme met betrekking tot die vertaling van Griekse frases en paragrawe op te los;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die Griekse taal in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in 'n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede getoon word.

<b>GRK2074</b>	<b>Grieks</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	---------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- gee 'n oorsig oor die ontstaan, ontwikkeling en voorkoms van Griekse himnes en Nuwe-Testamentiese liedere;
- identifiseer, vertaal en ontleed woorde in en beskryf die teologie in die Christelike himnes uit Lukas, Johannes, Efesiërs, Filippense, Kolossense, Timoteus, Titus en Openbaring en beskryf die teologie in die lied;
- gee 'n oorsig oor die belang van Tekskritiek van die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament;
- gee 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van Tekskritiek deur die eeue;
- verskaf redes waarom tekskritiek as vakgebied ontwikkel het;
- vertaal en ontleed voorgeskrewe tekste, interpreteer tekskritiese aantekeninge, lewer kommentaar op die Griekse teks en som die teologie van die gedeelte op;
- beskik oor gedetailleerde kennis van Tekskritiek asook die vermoë om terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë toe te pas deur Tekskritiese aantekeninge te interpreteer en te verklaar;
- beskik oor die vermoë om te evalueer, selekteer en metodes, prosedures en tegnieke toe te pas ten opsigte van die identifisering, vertaling, ontleding en teologiese inhoud van die leer oor gebed die Nuwe Testament, Septuaginta en Kerkvaders;
- bespreek en evalueer die ontstaan en die aard van die Septuaginta;
- bespreek en evalueer die invloed van die Septuaginta op antieke, sowel as moderne vertalings en studieverde;
- definieer en bespreek die term "Septuaginta";
- bespreek die toevoegings van die LXX;
- besit die nodige kennis om 'n indeling van die kerkvaders te maak;
- beskik geïntegreerde kennis van wie die kerkvaders was en teen watter valse leerstellings hulle geskryf het;
- gee 'n oorsig van die geskiedenis van die kerkvaders;

- bespreek en evalueer die nut van die kerkvaders vir die 21ste eeu;
- beskik geïntegreerde kennis van teologie van gebed by die kerkvaders Tertullianus en Chrysostomus;
- bespreek en evalueer die verklaring van die Onse Vader by Tertullianus en Chrysostomus.

<b>HEB1064</b>	<b>Hebreeus</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer ingeligte begrip van die Hebreeuse alfabet en Hebreeuse leestekens;
- onderskei tussen die Hebreeuse naamwoord, die gebruik van voornaamwoorde en die konstruksie van werkwoorde in verskillende tye;
- demonstreer 'n vermoë om standaard literêre en sintaktiese metodes te kies en toe te pas in die vertaling van basiese Hebreeuse sinne;
- verduidelik verskillende literêre prosedures betrokke by die oplossing van die vertaling van aktiewe en passiewe vorme van die werkwoorde in Hebreeus;
- gee 'n oorsig van die geskiedenis van die Ou Testament;
- som sleutelontwikkelings in die bestudering van die Hebreeuse Ou Testament akkuraat op;
- bied hierdie kennis in 'n basiese geskrewe formaat aan;
- pas basiese grammatikale prosesse van analise, sintese en evaluering toe.

<b>HEB2074</b>	<b>Hebreeus</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	-----------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n gedetailleerde begrip van die hoofgenres in Ou-Testamentiese Hebreeus;
- demonstreer 'n gevorderde begrip van die sintaksis en semantiek van die Hebreeuse taal;
- evalueer verskillende teorieë en praktyke van Ou-Testamentiese tekskritiek krities;
- pas belangrike grammatikale en sintaktiese beginsels van die Hebreeuse grammatika toe op die vertaling van geselekteerde tekste van die Ou Testament;
- demonstreer 'n geïntegreerde begrip van die genre, struktuur en teologie van Ou-Testamentiese tekste;
- demonstreer 'n geïntegreerde begrip van die sosiale en historiese agtergrond in die bepaling van die betekenis van Hebreeuse tekste;
- kommunikeer komplekse inligting betroubaar en samehangend;
- verstaan die etiese vrae en implikasies van die vroeë kerkgeskiedenis;
- los probleme op in die onbekende konteks van die Hebreeuse Ou Testament gebaseer op bewyse uit primêre bronne;
- evalueer hul eie prestasie sowel as dié van ander tydens die mondelinge besprekings;
- neem verantwoordelikheid vir hul eie besluite met betrekking tot die navorsing van die teks van die Ou Testament, veral die tekskritiek van die Ou Testament.

<b>LAT1152</b>	<b>Latyn 1 (Elektief)</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte begrip van basiese terme, konsepte en praktyke van die Latynse taal;
- demonstreer 'n bevoegdheid in die gebruik van Latynse selfstandige naamwoorde, werkwoorde, bywoorde en byvoeglike naamwoorde;
- demonstreer 'n ingeligte begrip van verskillende tydforme;
- pas kennis en vaardighede toe in vertaling van basiese Latynse tekste;

- verstaan teologiese terme en konsepte van Latyn binne die klassieke gereformeerde teologiese tradisie;
- bestuur hulself met bevoegdheid in die vertaling van teologiese tekste.

<b>NAM3172</b>	<b>Navorsingsmetodologie</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- gee 'n gedetailleerde ontleding van die verkrygte kennis rakende navorsingsmetodologie op 'n logiese en samehangende wyse;
- evalueer sleutelfeite, terme en konsepte rakende navorsingsmetodologie;
- verkry, verwerk en bestuur navorsingsinligting effektief;
- identifiseer en verduidelik trajekte in navorsing en ontwikkel intellektuele denke;
- ontwikkel, kommunikeer en motiveer 'n eie navorsingstesis, raamwerk en formaat;
- gebruik die kennis van vakkundige denke om navorsing eties te doen;
- vind en te versamel wetenskaplike data;
- ontwikkel 'n strategieë vir die maak en organisering van navorsingsmateriaal;
- pas navorsingsvaardighede toe om navorsingsmateriaal te verwys;
- bestuur navorsingshulpbronne;
- onderneem die navorsingsproses;
- demonstreer die vermoë om sy of haar idees en opinies in goed gevormde argumente te ontwikkel en te kommunikeer deur toepaslike akademiese, professionele en beroepsdiskoers te gebruik;
- doen praktiese veldwerk en hou 'n gedetailleerde rekord van data;
- demonstreer die vermoë om volle verantwoordelikheid te neem vir sy of haar werk, besluitneming en gebruik van hulpbronne en beperkte aanspreeklikheid vir die besluite en optrede van ander in uiteenlopende of swak gedefinieerde konteks.

<b>NAV3282</b>	<b>Navorsingsvoorstel</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 6</b>
----------------	---------------------------	-------------------	---------------------

*Navorsingsmetodologie (NAM3172) is 'n voorvereiste vir die Navorsingsvoorstel (NAV3282) en beide is 'n voorvereiste vir die Navorsingsprojek (NAP4282).*

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer voerpunt kennis van dit wat navorsing, asook 'n navorsingsvoorstel en die metodes en tegnieke relevant daartoe, behels;
- demonstreer die kennisgeletterdheid en vermoë om veelvuldige bronne van kennis in die spesialisasiegebied te ondersoek;
- demonstreer 'n begrip van die prosesse, prosedures en tegnieke vir onbekende probleme wat mag opduik in die skryf van 'n navorsingsvoorstel;
- identifiseer, analiseer en spreek komplekse probleme met behulp van gespesialiseerde vaardighede aan in die ontwikkeling en skryf van 'n navorsingsvoorstel en al die relevante prosesse daaraan verbonde;
- demonstreer die vermoë om etiese kwessies met betrekking tot die opstel van 'n navorsingsvoorstel, asook navorsing as wetenskap, volgens 'n geskikte waardestelsel te identifiseer en aan te spreek;
- hersien die toegang tot, verwerking en bestuur van inligting krities;
- produseer en kommunikeer inligting aangaande die navorsingsvoorstel (in die vorm van 'n akademiese voordrag) aan 'n belanghebbende gehoor;
- neem volle aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir eie en ander se werk, besluite en die gebruik van hulpbronne.

<b>NAP4282</b>	<b>Navorsingsprojek</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	-------------------------	-------------------	----------------------

*Navorsingsmetodologie (NAM3172) is 'n voorvereiste vir die Navorsingsvoorstel (NAV3282) en beide is 'n voorvereiste vir die Navorsingsprojek (NAP4282).*

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer voorpunt kennis van dit wat navorsing, asook 'n navorsingsartikel en die metodes en tegnieke relevant daartoe, behels;
- demonstreer die kennisgeletterdheid en vermoë om veelvuldige bronne van kennis in die spesialisasiegebied te ondersoek;
- demonstreer 'n begrip van die prosesse, prosedures en tegnieke vir onbekende probleme wat mag opduik in die skryf van 'n navorsingsartikel;
- identifiseer, analiseer en spreek komplekse probleme met behulp van gespesialiseerde vaardighede aan in die skryf van 'n navorsingsartikel en al die relevante prosesse daaraan verbonde;
- demonstreer die vermoë om etiese kwessies met betrekking tot die skryf van 'n navorsingsartikel, asook navorsing as wetenskap, volgens 'n geskikte waardestelsel te identifiseer en aan te spreek;
- hersien die toegang tot, verwerking en bestuur van inligting krities;
- produseer en kommunikeer inligting in die formaat van 'n akademiese artikel van ongeveer 6000-8000 woorde, ingesluit eindnote/voetnote en bronnelys, aanvaarbaar vir 'n geakkrediteerde akademiese (wetenskaplike) tydskrif;
- neem volle aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir eie en ander se werk, besluite en die gebruik van hulpbronne.

<b>RGL1151</b>	<b>Rekenaargeletterdheid</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 6</b>
----------------	------------------------------	-------------------	---------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n basiese begrip van rekenaarterminologie en konsepte wat in rekenaargeletterdheid gevind word;
- demonstreer dat die student die vaardighede het om 'n spesifieke webblad as deel van inligting- en kommunikasietegnologie te gebruik;
- het die toepaslike basiese vaardighede om rekenaartoepassings doeltreffend en oordeelkundig te gebruik vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- identifiseer, evalueer en los bepaalde roetine en nuwe kwessies op binne die konteks van integrasie tussen Microsoft Word, Excel en PowerPoint;
- kies verstekmetodes, prosedures en tegnieke terwyl u Microsoft Word, Excel en PowerPoint gebruik;
- kommunikeer en produseer inligting rakende die basiese aspekte van rekenaartegnologie en rekenaartoepassings met vertroue en begrip en toon begrip en respek vir gebruike rakende intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat in die voltooiing van assesseringsopdragte;
- versamel en selekteer inligting rakende rekenaarsagteware en toerusting en pas die basiese prosesse van analise, sintese en evaluering van inligting in die veld van stelselsagteware en toepassingsagteware tydens die relevante assesseringsgeleenthede toe;
- pas sy/haar kennis van rekenaartegnologie en basiese rekenaarvaardighede toe met die nodige verantwoordelikheid in bekende sowel as onbekende kontekste vir die hantering van persoonlike, omgewings- en samelewingskwessies.

## Departement Ou Testament

<b>BYT1152</b>	<b>Inleiding tot Bybelse Teologie</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---------------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n deeglike kennis van die inhoud van die Bybel;
- demonstreer 'n ingeligte verstaan van Bybelse Teologie as die teologiese dissipline wat met die geskiedenis van God se openbaring soos in die Bybel opgeteken, handel;

- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die fases (epogge) van die bonatuurlike openbaring in sy historiese progressie;
- selekteer en som kernaspekte van elke epogale ontwikkeling akkuraat op;
- identifiseer en beskryf die verband tussen elke epog en die groot verhaal van verlossing wat met die werk van Jesus Christus 'n hoogtepunt bereik;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot epogale strukturering soos in die literatuur te vind en los basiese probleme met betrekking tot hierdie benaderings op;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die Godsopenbaring in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in 'n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleentheid getoon word.

<b>BYT4082</b>	<b>In-diepte studie van Bybelse Teologie</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 24</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer en openbaar 'n ingeligte en gevorderde kennis van Bybelse Teologie as vakdisipline, die geskiedenis daarvan en belangrike sake in die hedendaagse debat daaroor;
- verduidelik die kontinuïteit en diskontinuïteit in die Ou en Nuwe Testament ten opsigte van verskeie komplekse teologiese temas, soos koninkryk van God, volk van God, verbond as aanbidding, die aanbreek van die eindtyd skepping en koninkryk, ensovoorts;
- beoordeel aanhalings uit die Ou Testament in die Nuwe Testament op grond van 'n geldige waardesisteem;
- analiseer en evalueer op kritiese wyse gebeure en hulle gevolge;
- identifiseer en beskryf die trajekte van teologiese denke binne die konteks van Bybelse Teologie;
- evalueer die verskeidenheid interpretasies van Bybelse Teologie deur getuienisgebaseerde argumente toe te pas;
- kritiseer aannames, abstrakte begrippe en intellektuele denke wat verband hou met Bybelse Teologie;
- formuleer goed ontwerpte antwoorde op Bybelse kernsake in die kerk en breër samelewing;
- vertaal, analiseer en evalueer tekste van die Ou en Nuwe Testament deur erkende hermeneutiese, eksegetiese en homiletiese beginsels op gekose tekste toe te pas, en toon die praktiese toepassing daarvan vir die kerk en prediking aan.

<b>OTW2162</b>	<b>Studie van die Ou Testament: Pentateug</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n detail kennis van die erkende eksegetiese en hermeneutiese metodes wat in die klassiek-gereformeerde konteks gebruik word, soos toegepas op die boeke van die Pentateug as die grondliggende boeke van die Bybel;
- analiseer en interpreteer geselekteerde gedeeltes van die Pentateug terwyl spesifieke aandag aan dié gedeeltes se verhouding met antieke Nabye Oosterse literatuur, die teologie van die Pentateug as 'n geheel en die openbaringshistoriese progressie van die Bybel gegee word;

- versamel, integreer en evalueer inligting betreffende die Pentateug vanuit verskillende bronne;
- verduidelik die sleutel teologiese temas en begrippe in 'n Bybels-teologiese raamwerk met die doel om dit in die lewe en die bediening met sy ingewikkelde etiese dilemmas toe te pas;
- bied hierdie kennis in 'n geskrewe formaat aan nadat goed ontwikkelde prosesse van analise, sintese en evaluering op die inligting toegepas is;
- kommunikeer komplekse inligting akkuraat en samehangend.

<b>OTW2262</b>	<b>Studie van die Ou Testament: Historiese boeke</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- som die teks- en kanongeskiedenis van die Ou-Testamentiese boeke op;
- demonstreer 'n detail en gesistematiseerde kennis van die Historiese Boeke as 'n afsonderlike versameling in die Ou Testament, asook van elke boek van die versameling met spesifieke verwysing na die oorsprong, agtergrond, doel, struktuur, literêre genre, boodskap, hooftemas en teologiese beklemtoning van elkeen van die boeke;
- demonstreer 'n detail en gesistematiseerde kennis van die erkende eksegetiese en hermeneutiese metodes wat in die klassiek-gereformeerde konteks gebruik word, soos toegepas op die Historiese Boeke as 'n afgeronde versameling van die Ou Testament;
- analiseer en interpreteer geselekteerde gedeeltes van die Historiese Boeke terwyl spesifieke aandag aan dié gedeeltes se verhouding met antieke Nabye Oosterse literatuur, die teologie van die Historiese Boeke as 'n geheel en die openbarings-historiese progressie van die Bybel gegee word;
- versamel, integreer en evalueer inligting betreffende die Historiese Boeke vanuit verskillende bronne;
- demonstreer die vaardighede wat nodig is om die verhouding tussen openbaring, geskiedenis en teologie te analiseer, te beskryf en krities te evalueer;
- verduidelik die sleutel teologiese temas en begrippe in 'n Bybels-teologiese raamwerk met die doel om dit in die lewe en die bediening met sy ingewikkelde etiese dilemmas toe te pas.
- bied hierdie kennis in 'n geskrewe of mondelinge formaat aan nadat goed ontwikkelde prosesse van analise, sintese en evaluering op die inligting toegepas is.
- kommunikeer komplekse inligting akkuraat en samehangend.

<b>OTW3172</b>	<b>Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n omvattende en geïntegreerde kennis van die studie van die Profetiese Boeke, asook 'n uitgebreide kennis van die teologie van die profetiese literatuur, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met die geheel van die Bybelse Teologie in verband staan;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting ten opsigte van die profetiese literatuur en evalueer en bestuur die bronne van inligting op 'n selfstandige wyse;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik die betwiste kennis aangaande profetiese vervulling;
- pas bekende en erkende eksegetiese en hermeneutiese metodes toe op verskeie gedeeltes van die Profetiese Boeke en toon die besef dat die problematiek rondom die relevansie van die profetiese boodskap nie in isolasie opgelos kan word nie, maar vanuit die openbaringshistoriese konteks belig moet word;



- identifiseer en analiseer die probleme rondom die datering van die profetiese uitsprake en die opskrifstelling daarvan en reflekteer krities daarop;
- verduidelik die sleutel teologiese temas en begrippe in 'n Bybels-teologiese raamwerk met die doel om dit op die lewe van die kerk en samelewing, met sy komplekse etiese kwessies, toe te pas;
- motiveer 'n eie interpretasie van die Profetiese Boeke binne die klassiek-gereformeerde raamwerk;
- ontwikkel en kommunikeer die verworwe kennis in goed geformuleerde argumente in 'n geskrewe of mondelinge formaat.

<b>OTW3272</b>	<b>Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde kennis van meer as een van die velde, dissiplines en/of praktyke, asook 'n uitgebreide kennis van 'n area/s van spesialisasie, en identifiseer hoe hierdie uitgebreide kennis met ander velde, dissiplines en/of praktyke in verband staan;
- toon kennis van, evalueer en verduidelik betwiste kennis en wat tipies binne die area van die studie en/of praktyk lê;
- verstaan 'n wye reeks metodes in die veld en selekteer en pas 'n metode toe in die konteks van probleemoplossings binne die veld;
- identifiseer, analiseer, evalueer, spreek aan en reflekteer krities (op) ingewikkelde probleme binne die veld, as ook die, asook toepassing van bewys-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in die veld, dissipline en/of praktyk;
- toon die vermoë om besluite te neem en professioneel te kan optree, asook die vermoë met betrekking tot die regverdiging van besluite en aksies deur van toepaslike etiese waardes en benaderings binne 'n ondersteunde omgewing gebruik te maak;
- ontwikkel toepaslike prosesse vir die invordering van inligting in 'n gegewe konteks of vir 'n gegewe gebruik en evalueer en bestuur onafhanklik die bronne van inligting;
- ontwikkel en kommunikeer sy of haar idees en opinies in goed geformuleerde argumente deur die toepaslike akademiese, professionele of beroepsredevoering te gebruik vir 'n gegewe konteks;
- pas bekende prosesse toe in onbekende en veranderlike kontekste en toon die besef dat probleemoplossing konteks en sisteem gebonde is en nie in isolasie plaasvind nie;
- identifiseer, evalueer en spreek sy/haar leerbehoefes in 'n selfgerigte wyse aan;
- neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar werk, besluite en gebruik van oplossings en neem gedeeltelike verantwoordelikheid vir die besluite en aksies van ander in wisselende- of onduidelik-gedefinieerde kontekste.

## Departement Nuwe Testament

<b>NTW2162</b>	<b>Studie van die Nuwe Testament: Sinoptiese evangelies</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n basiese begrip van die belangrikste teologiese probleme wat ons in die Nuwe Testament aantref;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede beskik om Nuwe-Testamentiese tekste te kan eksegetiseer en interpreteer;
- beskik oor die toepaslike basiese vaardighede om die teologie van die Nuwe Testament doeltreffend aan te wend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die fases (epogge) van die bonatuurlike openbaring in sy historiese progressie;
- selekteer en som kernaspekte van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis op;

- identifiseer en beskryf die verband tussen die eksegeese en hermeneutiek;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot die Nuwe Testament, die struktuur van die taal, die kennis van die geskiedenis en van die Nuwe-Testamentiese literatuur om sodoende basiese probleme met betrekking tot die eksegeese, hermeneutiek, kanoniek en inleidingsvrae van Nuwe-Testamentiese tekste op te los;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die studie van die Nuwe Testament in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in 'n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleentheid getoon word.

<b>NTW2262</b>	<b>Studie van die Nuwe Testament: Pauliniese Literatuur en die Algemene Briewe</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n basiese begrip van die belangrikste teologiese probleme wat ons in die Nuwe Testament aantref;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede beskik om Nuwe-Testamentiese tekste te kan eksegetiseer en interpreteer;
- beskik oor die toepaslike basiese vaardighede om die teologie van die Nuwe Testament doeltreffend aan te wend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die fases (epogge) van die bonatuurlike openbaring in sy historiese progressie;
- selekteer en som kernaspekte van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis op;
- identifiseer en beskryf die verband tussen die eksegeese en hermeneutiek;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot die Nuwe Testament, die struktuur van die taal, die kennis van die geskiedenis en van die Nuwe-Testamentiese literatuur om sodoende basiese probleme met betrekking tot die eksegeese, hermeneutiek, kanoniek en inleidingsvrae van Nuwe-Testamentiese tekste op te los;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die studie van die Nuwe Testament in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in 'n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleentheid getoon word.

<b>NTW3172</b>	<b>Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n deeglike begrip vir die belangrikste teologiese probleme wat ons in die Johannese geskrifte en die algemene briewe aantref;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede beskik om tekste binne die Johannese korpus en die algemene briewe deeglik te kan eksegetiseer en interpreteer;
- beskik oor die gevorderde kennis van die teologie van die Nuwe Testament en kan dit doeltreffend aanwend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- selekteer en gee gedetailleerde aspekte van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis weer;
- identifiseer en beskryf die Johannese geskrifte en die algemene briewe in besonderhede;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot die Nuwe Testament, die struktuur van die taal, die kennis van die geskiedenis en van die Nuwe-Testamentiese literatuur, spesifiek met betrekking tot die Johannese korpus en die algemene briewe van die Nuwe Testament om sodoende gevorderde probleme met betrekking tot die eksegetiese, hermeneutiek, kanoniek en inleidingsvrae van tekste in die Johannese korpus op te los;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van deeglike inligting rakende die studie van die Johannese geskrifte en die algemene briewe in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette krities te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in 'n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleentheid getoon word.

<b>NTW4282</b>	<b>In-diepte studie van die Nuwe Testament</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n deeglike begrip vir die belangrikste teologiese probleme wat ons in die Johannese geskrifte en die algemene briewe aantref;
- demonstreer dat die student oor die vaardighede beskik om tekste binne die Johannese korpus en die algemene briewe deeglik te kan eksegetiseer en interpreteer;
- beskik oor die gevorderde kennis van die teologie van die Nuwe Testament en kan dit doeltreffend aanwend vir sy/haar studies en/of daaglikse werk;
- selekteer en gee gedetailleerde aspekte van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis weer;
- identifiseer en beskryf die Johannese geskrifte en die algemene briewe in besonderhede;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende benaderings tot die Nuwe Testament, die struktuur van die taal, die kennis van die geskiedenis en van die Nuwe-Testamentiese literatuur, spesifiek met betrekking tot die Johannese korpus en die algemene briewe van die Nuwe Testament om sodoende gevorderde probleme met betrekking tot die eksegetiese, hermeneutiek, kanoniek en inleidingsvrae van tekste in die Johannese korpus op te los;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van deeglike inligting rakende die studie van die Johannese geskrifte en die algemene

briewe in sy progressiewe ontwikkeling, asook vermoë om sy/haar eie uitsette krities te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;

- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in 'n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleentheid getoon word.

## Departement Diakoniologie

<b>DKN1252</b>	<b>Inleiding tot Diakoniologie</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	------------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- stel ingeligte kennis van die diakoniologie ten toon;
- onderskei diakoniologie van wat populêr ook bekend staan as praktiese teologie;
- identifiseer die verskeie modi waardeur God in Sy Woord tot die wêreld kom;
- som die sleutelkwessies en neigings van roeping tot die bediening van God se Woord op;
- dui oorsigtelik 'n klassiek-gereformeerde verstaan van die roeping om God se Woord te bedien aan;
- evalueer die opvatting dat die roeping tot die bediening van God se Woord gevaarlik kan wees;
- motiveer hoe daar lewenslang volhard kan word om God se Woord te bedien;
- bied hierdie kennis in 'n basiese formaat aan;
- pas basiese prosesse van analise, sintese en evaluasie toe;
- demonstreer verstaan en respek vir die beginsels rakende intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat.

<b>DKN2262</b>	<b>Studie van die Diakoniologie: Kategetiek</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- bied gedetailleerde kennis oor verbondsmatige leer en onderrig, ingesluit 'n verstaan van en vermoë om;
- hanteer onbekende en verskeie kwessies en ontwikkelinge in verbondsmatige leer en onderrig;
- evalueer sleutel feite, terme en konsepte van verbondsmatige leer en onderrig;
- vergelyk verskillende godsdienstige vooronderstellings;
- identifiseer en verduidelik teologiese trajekte van intellektuele denke;
- motiveer eie interpretasie van verbondsmatige leer en onderrig;
- beargumenteer sodanige kennis in geskrewe formaat;
- ontwerp 'n lesplan.

<b>DKN3172</b>	<b>Gevorderde studie van die Diakoniologie: Liturgiek (Elektief)</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- evalueer sleutel feite, terme en konsepte van die erediens;
- vergelyk onderskeie godsdienstige vooronderstellings;
- identifiseer en verduidelik teologiese trajekte en intellektuele denke;
- motiveer die eie klassiek-gereformeerde interpretasie;
- hanteer onbekende kwessies en ontwikkelinge rond die erediens;
- beredeneer hierdie kennis in mondelinge of skriftelike formaat.

<b>DKN3172a</b>	<b>Gevorderde studie van die Diakoniologie: Jeugwerk (Elektief)</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
-----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- bied omvattende en geïntegreerde kennis van jeugwerk;
- hanteer onbekende kwessies en verwickelinge in jeugwerk;
- evalueer sleutel feite, terme en konsepte in jeugwerk;
- vergelyk verskillende godsdienslike vooronderstellings in jeugwerk;
- motiveer besluite in jeugbediening;
- beredeneer kennis in geskrewe of mondelinge formaat;

<b>DIP3271</b>	<b>Gemeente Prakties</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- doen 'n 30-minute aanbieding, waardeur kritiese oorweging gedemonstreer word, oor die bediening in die plaaslike kerk waar gemeente prakties plaasgevind het;
- dien 'n portefeulje, wat die volgende insluit:
  - 'n dagboek (logboek)-verslag van 3 x 40-uur weke van al die bedieningsaktiwiteite by daardie betrokke werkplek;
  - twee video-opnames van eredienste in die betrokke gemeente, wat bewys lewer van optrede as liturg;
  - 'n verslag van die bespreking wat met die bedienaar van die Woord plaasgevind het oor die dinamika van pastorale optrede (rol vervulling) in die gemeente;
  - 'n verslag oor die bespreking wat met die bedienaar van die Woord plaasgevind het oor die proses van preekmaak wat gevolg word;
  - 'n eksegetiese verslag oor 'n Bybelse narratiewe gedeelte en bewys van die voorbereiding, asook 'n video-opname van 'n Bybelstudie wat in die gemeente aangebied is;
  - bewys van die voorbereiding wat plaasgevind het vir 'n verbondsonderrig klas, plus die video-opname van die klasoptrede by die betrokke gemeente en die self-evaluering-verslag oor daardie klas;
  - 'n verslag van die beplanning en waarneming van besoeke wat plaasgevind het (bv. Huisbesoeke, hospitaal en/of sieke besoeke) tydens die periode van gemeente prakties in die betrokke gemeente;
  - 'n verslag van jeugwerk in die betrokke gemeente;
  - 'n verslag van missionêre bewustheid, projekte en planne van die betrokke gemeente;
  - 'n verslag van die administratiewe en finansiële stelsels in gebruik by die betrokke gemeente;
  - 'n verslag van moontlike kerkregangeleenthede wat tydens die periode van gemeente prakties by die betrokke gemeente ontstaan het.

<b>DKN4182</b>	<b>In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale psigologie (Elektief)</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van Poimeniek en Pastorale Psigologie;
- interpreteer Poimeniek en Pastorale Psigologie teologies en akkuraat;
- analiseer en beoordeel koersgewende aspekte in pastorale sorg en berading;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese denke binne die konteks van pastorale sorg en benadering;
- waardeer verskillende interpretasies van pastorale sorg en berading;

- kritiseer aannames, abstrakte konsepte en intellektuele denke wat verband hou met pastorale sorg en berading.

<b>DKN4182a</b>	<b>In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting (Elektief)</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
-----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van kerkplanting;
- interpreteer teorieë van kerkplanting teologies en akkuraat;
- analiseer en waardeer koersbepalende aspekte in die bedieningswerk van Kerkplanting krities;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese denke binne die konteks van Kerkplanting;
- waardeer onderskeie interpretasies van Kerkplanting;
- kritiseer vooronderstellings, konsepte en intellektuele denke in verband met Kerkplanting;
- beredeneer kennis in geskrewe of mondelinge formaat;

<b>DKN4282</b>	<b>In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek (Elektief)</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van Homiletiek;
- interpreteer prediking (Woordbediening) teologies en akkuraat;
- analiseer en beoordeel koersgewende aspekte in prediking;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese denke binne die konteks van heilshistoriese prediking;
- waardeer verskillende interpretasies van prediking, deur gebruik te maak van bewyslewerende argumentasie;
- kritiseer homiletiese aannames, abstrakte konsepte en intellektuele denke wat verband hou met prediking;
- ontwerp 'n preek en bied ook aan;
- pas eksegetiese metodes en kennis toe om die kommunikasie van die preek te substansieer.

<b>DKN4282a</b>	<b>In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading (Elektief)</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
-----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- bied ingeligte en gevorderde kennis van pastorale berading;
- hanteer onbekende kwessies en verwickelinge in pastorale berading;
- evalueer sleutel feite, terme en konsepte in pastorale berading;
- vergelyk onderskeie godsdienstige vooronderstellings in pastorale berading;
- motiveer besluit in die bediening van pastorale berading;
- beredeneer kennis in geskrewe of mondelinge formaat;
- stel akkurate verslae saam.

## Departement Dogmatologie

<b>DOG1252</b>	<b>Inleiding tot sistematiese teologie</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van die gereformeerde-katolieke tradisie, asook insig in hoe dit van ander teologiese tradisies verskil;

- toon 'n bevoegdheid in die hantering van belydenisskrifte soos die drie formuliere van eenheid;
- definieer en evalueer bepaalde teologiese tradisies en afwykings;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- beskryf en pas metodes vir sistematiese teologie toe vanuit Skrif en tradisie;
- toon die vermoë tot die beoordeling van hoofstroom teologiese tradisies en rigtings waarmee die gereformeerd-katolieke tradisie in gesprek mag tree;
- beoordeel, hanteer en weergee van die gereformeerd-katolieke benadering teenoor die benadering van die korrelasie-teologie.

<b>DOG3162</b>	<b>Studie van sistematiese teologie: Van belydenis tot sistematiese teologie</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van kern-leerstellings van die gereformeerde tradisie, met spesifieke verwysing na die historiese agtergrond sowel as die relevansie vandag;
- demonstreer 'n bewustheid van hoe aannames van die kerkvaders veronderstel word in die Nederlandse geloofsbelydenis, asook hoe dit kerk-stryde bygedra het om tot groter helderheid te kom oor leerstellings;
- selekteer standaard metodes vanuit die voorgangers in die apologetiek van die twintigste eeu oor hoe om basiese uitgangspunte van die Christelike geloof in die praktyk te verdedig;
- identifiseer, evalueer en los bepaalde, roetine en nuwe probleme binne die teologie op aan die hand van die benaderings van die kerkvaders;
- neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie werk en tree op ooreenkomstig die etiese waardes en praktyke;
- versamel inligting uit 'n verskeidenheid bronne van literatuur, asook die selektering van informasie toepaslik tot die taak en die toepassing van basiese prosesse van analise, sintese en evaluasie van inligting;
- kommunikeer en produseer inligting betroubaar, akkuraat en samehangend uit 'n verskeidenheid bronne, asook die toon van 'n begrip en respek vir gebruike aangaande intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat (insluitend die wetlike implikasies);
- demonstreer die vermoë om in bekende, asook nuwe kontekste te funksioneer, demonstreer die verstaan van verskillende teologiese tradisies, asook die impak van een leerstelling op ander areas in dieselfde teologiese verstaansraamwerk;
- toon die vermoë om eie en andere se werk te evalueer en toepaslike gevolgtrekkings te maak waar nodig; neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie leer binne 'n gestruktureerde leerproses, asook vir die leer van andere;
- neem verantwoordelikheid om in 'n groep te werk, asook vir sy/haar eie besluite en aksies asook die van ander binne 'n goed-bepaalde konteks.

<b>DOG3272</b>	<b>Gevorderde studie van sistematiese teologie: Etiek</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n geïntegreerde verstaan van kern-areas van die gereformeerde etiek, met verbandlegging na ander modelle, in besonder die deugde-etiek;
- demonstreer 'n bewustheid van die verskillende denkskole in die etiek en hoe om die aannames te beoordeel;
- selekteer standaard metodes en prosedures om etiese modelle te beoordeel sowel as hoe om etiese kwessies te benader;

- identifiseer, evalueer en los bekende en/of nuwe etiese kwessies op aan die hand van 'n gereformeerd-etiese raamwerk;
- verstaan die etiese implikasies van besluite en aksies binne die Kerk, gebaseer op 'n bewustheid van die kompleksiteit van etiese probleme;
- versamel inligting uit 'n verskeidenheid bronne van literatuur, selekteer verskillende etiese kwessies en pas die gereformeerd-etiese model toe op etiese vraagstukke deur 'n proses van analise, sintese en evaluasie van bepaalde etiese kwessies;
- kommunikeer en produseer inligting oor etiese kwessies wat betroubaar, akkuraat en samehangend is uit 'n verskeidenheid bronne, en toon begrip en respek vir intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat (insluitend die wettlike implikasies);
- demonstreer die vermoë om in bekende, asook nuwe kontekste etiese besluite te kan neem, demonstreer die verstaan van verskillende etiese modelle, asook hoe die dogmatiek en etiek mekaar veronderstel in die keuse van 'n etiese raamwerk;
- toon die vermoë om eie en andere se etiese beslissings te evalueer waar nodig; neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie etiese beslissings binne 'n verantwoordbare en gestruktureerde leerproses, asook vir die leer van andere;
- demonstreer die vermoë om in 'n groep te werk en neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie etiese beslissings sowel as dié van ander in bepaalde situasies.

<b>DOG4182</b>	<b>In-diepte studie van sistematiese teologie: Die mens, verlossing, kerk en etiek</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van bepaalde loci van die dogmatiek soos verwoord deur gerekende gereformeerde dogmatici;
- verstaan en gebruik verskillende navorsingsmetodes en tegnieke wat verband hou met navorsing in dogmatiese teologie;
- interpreteer teksgedeeltes in die lig van die hele Bybel en die dogmageskiedenis;
- analiseer en bied 'n oorsig van belangrike loci in die dogmatiek;
- identifiseer en beskryf trajekte van dogmatiese nadenke binne die kerkhistoriese konteks;
- identifiseer, analiseer en bespreek ingewikkelde probleme binne die dogmatiek;
- beoordeel dogmahistoriese ontwikkeling en verwording in verskillende benaderings;
- beoordeel dogmahistoriese vooronderstellings, konsepte en intellektuele raamwerke in die geskiedenis van Kerk en dogma;
- beoordeel die invloed van die Bybel en filosofiese raamwerke op dogmavorming;
- identifiseer en bespreek die dogmehistoriese vraagstukke wat ontstaan het aan die hand van die Bybel en 'n klassiek-gereformeerde waardestelsel.

<b>DOG4282</b>	<b>In-diepte studie van sistematiese teologie: wysheid en apologetiek</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van bepaalde loci van die dogmatiek soos verwoord deur gerekende gereformeerde dogmatici;
- verstaan en gebruik verskillende navorsingsmetodes en tegnieke wat verband hou met navorsing in dogmatiese teologie;
- interpreteer teksgedeeltes in die lig van die hele Bybel en die dogmageskiedenis;
- analiseer en bied 'n oorsig van belangrike loci in die dogmatiek;
- identifiseer en beskryf trajekte van dogmatiese nadenke binne die kerkhistoriese konteks;
- identifiseer, analiseer en bespreek ingewikkelde probleme binne die dogmatiek;
- beoordeel dogmahistoriese ontwikkeling en verwording in verskillende benaderings;



- beoordeel dogmahistoriese vooronderstellings, konsepte en intellektuele raamwerke in die geskiedenis van Kerk en dogma;
- beoordeel die invloed van die Bybel en filosofiese raamwerke op dogmavorming;
- identifiseer en bespreek die dogmehistoriese vraagstukke wat ontstaan het aan die hand van die Bybel en 'n klassiek-gereformeerde waardestelsel.

## Departement Ekklesiologie

<b>KGS1252</b>	<b>Inleiding tot Kerkgeskiedenis</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--------------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- demonstreer 'n ingeligte verstaan van Kerkgeskiedenis as die teologiese dissipline wat met die geskiedenis van God se kerk in die wêreld handel;
- toon bevoegdheid in die identifisering en beskrywing van die verskillende tydperke van kerkhistoriese ontwikkeling;
- selekteer en som kernaspekte van elke tydperk se ontwikkeling, sleutelpersone en -gebeure akkuraat op;
- identifiseer en beskryf die verband tussen en bydrae van elke tydperk teen die agtergrond van die oorkoepelende verhaal van die Kerk in die wêreld;
- toon die vermoë om verantwoordelikheid te neem en te handel ooreenkomstig voorgeskrewe etiese kodes, waardes en praktyke waar geskrewe opdragte vereis word, asook vir sy/haar eie besluite en aksies rakende navorsing in die bepaalde konteks van inligtingstemas wat behandel is;
- versamel, analiseer en evalueer inligting rakende die verskillende historiese tydperke deur kennismaking met primêre bronne;
- toon die vermoë tot die versameling, produsering en skriftelike kommunikasie van inligting rakende die ontvouing van die kerk se verhaal, asook vermoë om sy/haar eie uitsette te evalueer, volgens die ingeboude selfassesserings-opdragte;
- beoordeel eie en ander se werk en toon die vermoë om in 'n groep te funksioneer terwyl die verantwoordelikheid vir eie leer tydens die formatiewe en summatiewe assesseringsgeleenthede getoon word.

<b>KGS2162</b>	<b>Studie van Kerkgeskiedenis 33-500nC</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- ken die belangrikste kerkhistoriese sleutelfiguur van die tydperk 33-900 n.C. binne hul historiese konteks;
- verstaan die besondere bydraes van hierdie sleutelfiguur in die Kerkgeskiedenis en die invloed wat dit op die ontwikkeling van die kerk gehad het;
- onderskei en analiseer die belangrikste leerstellige en apologetiese bydraes van elke sleutelfiguur;
- toon aan en bespreek krities die grondliggende bydrae en waarde van verskeie primêre bronne tot die studie van Kerkgeskiedenis.

<b>KGS3172</b>	<b>Gevorderde studie van Kerkgeskiedenis 500-1500nC</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- ken die belangrikste kerkhistoriese sleutelfiguur rondom die tydperk 900-1500 n.C. binne hul historiese konteks;
- verstaan die besondere bydraes van hierdie sleutelfiguur in die Kerkgeskiedenis en die invloed wat dit op die ontwikkeling van die kerk gehad het;
- onderskei en analiseer die belangrikste historiese, leerstellige en kerkregtelike bydraes van elke sleutelfiguur;

- toon aan en bespreek krities die grondliggende bydrae en waarde van verskeie primêre bronne tot die studie van Kerkgeskiedenis.

<b>KGS3282</b>	<b>In-diepte studie van Kerkgeskiedenis 1500-1800nC</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van internasionale sowel as plaaslike kerkgeskiedenis en kerkreg gedurende die tydperk 1500-1800;
- verstaan en gebruik verskillende navorsingsmetodes en tegnieke wat verband hou met kerkhistoriese en kerkregtelike navorsing;
- interpreteer kerkhistoriese gebeure teologies en betroubaar nadat verskeie primêre bronne vanuit die internasionale sowel as plaaslike domein krities ondervra is;
- analiseer en bied 'n kritiese beoordeling van belangrike gebeure en onbekende probleme vanuit hierdie tydperk;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese nadenke binne die kerkhistoriese konteks;
- identifiseer, analiseer en bespreek ingewikkelde probleme binne kerkgeskiedenis en kerkreg wat gedurende hierdie tydperk na vore kom;
- beoordeel verskillende verklarings van kerkhistoriese en kerkregtelike ontwikkeling deur bewysgebaseerde argumente;
- kritiseer kerkhistoriese vooronderstellings, abstrakte konsepte en intellektuele nadenke rakende hierdie tydperk van die kerkgeskiedenis;
- kritiseer die invloed van Kolonialisme op die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis en kerkreg;
- identifiseer en bespreek die etiese vraagstukke wat deur kolonialisme veroorsaak is aan die hand van 'n klassiek-gereformeerde waardestelsel.

<b>KGS4182</b>	<b>In-diepte studie van Kerkgeskiedenis 1800-2000nC</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	---	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis van internasionale sowel as plaaslike kerkgeskiedenis en teologiese denkrigtings gedurende die tydperk 1800-2000;
- verstaan en gebruik verskillende navorsingsmetodes en tegnieke wat verband hou met kerkhistoriese en kerkregtelike navorsing;
- interpreteer kerkhistoriese gebeure teologies en betroubaar nadat verskeie primêre bronne vanuit die internasionale sowel as plaaslike domein krities ondervra is;
- analiseer en bied 'n kritiese beoordeling van belangrike gebeure en onbekende probleme vanuit hierdie tydperk;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese nadenke binne die kerkhistoriese konteks;
- identifiseer, analiseer en bespreek ingewikkelde probleme binne kerkgeskiedenis en kerkreg wat gedurende hierdie tydperk na vore kom;
- beoordeel verskillende verklarings van kerkhistoriese en kerkregtelike ontwikkeling deur bewysgebaseerde argumente;
- kritiseer kerkhistoriese vooronderstellings, abstrakte konsepte en intellektuele nadenke rakende hierdie tydperk van die kerkgeskiedenis;
- kritiseer die invloed van Kolonialisme en apartheid op die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis en kerkreg;
- identifiseer en bespreek die etiese vraagstukke wat deur kolonialisme en apartheid veroorsaak is aan die hand van 'n klassiek-gereformeerde waardestelsel.

## Departement Missiologie

<b>MIS1252</b>	<b>Inleiding tot Missiologie</b>	<b>NKR-vlak 5</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	----------------------------------	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- stel 'n ingeligte kennis van eietydse Christelike sendingwerk ten toon;
- som sleutelkwessies en neigings van Bybelse, historiese en praktiese perspektiewe op eietydse sendingwerk op;
- beskryf 'n klassiek-gereformeerde verstaan van Christelike sendingwerk in hooftrekke;
- korrigeer die populêre bewering asof die 16e eeuse kerkreformer, Johannes Calvyn, nie 'n belang by sendingwerk gehad het nie;
- evalueer die bewering asof die Afrikaanse Protestantse Kerk van die verantwoordelikheid om sendingwerk te doen wegsram;
- bied hierdie kennis in basiese skriftelike formaat aan;
- pas basiese prosesse van analise, sintese en evaluasie toe.

<b>MIS2252</b>	<b>Studie van Missiologie: Godsdien- geskiedenis</b>	<b>NKR-vlak 6</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- pas die leringe van Romeine 1 toe op die verskynsel van godsdienstige pluraliteit;
- bied oorsig van 'n heils-historiese verstaan van die idee 'heiden' in die Bybel;
- onderskei tussen tradisionele godsdienste, betekenisvolle wêreldgodsdienste, ateïstiese stelsels, en spiritistiese stelsels;
- vergelyk en kontrasteer verteenwoordiging van elke godsdienstige kategorie met die basiese leringe van die Christelike geloof;
- bespreek die unieke plek van die Persoon en Werk van Christus Jesus in die konteks van eietydse wêreldgodsdienste;
- bied hierdie kennis in skriftelike formaat aan, waartydens goed ontwikkelde prosesse van analise, sintese en die evaluering van beskikbare inligting toegepas word;
- kommunikeer komplekse inligting betroubaar en samehangend.

<b>MIS3172</b>	<b>Gevorderde studie van Missiologie: Afrika tradisionele godsdienste en Islam</b>	<b>NKR-vlak 7</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

### **Ten opsigte van 'AFRIKA'**

- die historiese agtergrond van die feit dat 'Afrika', in Suid-Afrika, die hoofstroom geword het, met kritiese insig uit 'n Afrikanersperspektief, kan bespreek;
- die begrip 'Afrika' met kritiese insig te verduidelik;
- 'Afrika' as lewens- en wêreldbeskouing te bespreek, in kontras met die sg. "Westerse" en ook die Christelike;
- die Weste se impak op Afrika te bespreek, met die gevolglike krisis waarin Afrika verkeer en antwoorde daarop soos deur Albert Luthuli, Steve Biko en Nelson Mandela;
- die verskillende denkskole wat 'Afrika' intellektueel bevorder, met kritiese insig te bespreek en die gevolglike deurwerking daarvan in die metafisika en epistemologie;
- 'n pastorale benaming van Afrika-Christene, met kritiese insig te bespreek.

### **Ten opsigte van ISLAM**

- die mededingende paradigmas van Islam en Islam se inheemswording aan Afrika met kritiese insig te bespreek;
- met kritiese insig te verstaan en te verduidelik dat die Qur'an die mees sentrale – permanente, bindende en samebindende kenmerk van Islam verteenwoordig;

- die voorstelling van die Qur'an oor die Christelike Drie-eenhedsopvatting van God, met kritiese insig te verwoord, asook die implikasies daarvan aandui vir die elenktiese gesprek met Moslems;
- akkuraat weer te gee wat die Qur'an oor Isa ibn Mariam leer en hoedanig dit die godsdiensgesprek tussen Moslems en Christene raak;
- akkuraat weer te gee wat die Qur'an leer oor die kruisiging van Ἰησοῦς ὁ βασιλεὺς τῶν Ἰουδαίων, asook die deurslaggewende aangeleentheid van verlossing en hoedanig dit die godsdiensgesprek tussen Moslems en Christene raak;
- akkuraat weer te gee wat die Qur'an leer oor die Bybel en hoedanig dit die godsdiensgesprek tussen Moslems en Christene raak.

<b>MIS4182</b>	<b>In-diepte studie van Missiologie: Sending-geskiedenis</b>	<b>NKR-vlak 8</b>	<b>Krediete = 12</b>
----------------	--	-------------------	----------------------

Na voltooiing van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om die volgende uitkomst te bereik het:

- toon 'n ingeligte en gevorderde kennis na aanleiding van verskeie bronne oor die geskiedenis van Christelike Sendingwerk;
- interpreteer die geskiedenis van Christelike Sendingwerk teologies en akkuraat;
- analiseer en beoordeel koersbepalende gebeure krities;
- identifiseer en beskryf trajekte van teologiese denke binne sending-historiese konteks;
- waardeur verskillende interpretasies van die sendinggeskiedenis, deur middel van bewyslewerende argumente;
- kritiseer sending-historiografiese aannames, abstrakte konsepte en intellektuele denke wat verband hou met die geskiedenis van Christelike Sendingwerk.

# NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT VIR DIE SENIOR- EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDINGSFASE (NGOS)/POSTGRADUATE CERTIFICATE IN EDUCATION FOR SENIOR PHASE AND FURTHER EDUCATION AND TRAINING (PGCE)

**GEAKKREDITEER – SAKO (SAQA) ID: 99727**

**MINIMUM 120-KREDIET PROGRAM OP VLAK 7 VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)**

## INLEIDING

Die NGOS word begrond deur 'n klassiek Christelik-Reformatoriese raamwerk in aansluiting by die APA se etos soos geregistreer deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Die doel van hierdie Nagraadse Onderwysertifikaat is die opleiding van onderwysers vir die Senior Fase (SF) en die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (VOO), volgens 'n inklusiewe deelnemende strategiese model. Om hierdie doel te bereik is die NGOS kursus sodanig ontwerp dat dit werkgeïntegreerde leer insluit. Dit is 'n doelgerigte kursus om opleiding, leer en opleiding binne die omgewing van die SF en VOO-fase te bied. Die NGOS-program behels die sistematiese ontwikkeling van kennis, vaardighede, waardes, gesindhede en verdere/ander toegepaste vaardighede wat verwag word van voornemende onderwysers om hul taak bevredigend te kan uitvoer.

## DUUR VAN DIE KURSUS

Die NGOS duur een jaar voltyds en twee jaar deelyds. Dit mag egter nie drie jaar oorskry nie.

## TOELATINGSVEREISTES

Om toegelaat te word tot die NGOS word die volgende vereis:

1. 'n Baccalaureusgraad (behalwe 'n BEd-graad), met 'n kredietwaarde van minstens 360/480 krediete of 'n toepaslike diploma.
2. Gevorderde diplomas op ten minste NKR vlak 6, wat 360 krediete werd is en oor ten minste drie jaar gestrek het mag aansoek doen. Die volgende diplomas **kan** in aanmerking geneem word vir keuring vir die NGOS:

<b>A</b>	<b>G</b>	<b>P</b>
	Gasvryheid	
<b>B</b>	<b>I</b>	<b>R</b>
Besigheidsstudies	Ingenieurswese	Rekeningkunde
Biotegnologie	Ingenieursgrafika en ontwerp	
	Inligtingstegnologie	
<b>C</b>	<b>K</b>	<b>S</b>
Chemiese Tegnologie		Sport en afrigtingkunde
<b>D</b>	<b>L</b>	<b>T</b>
Dans	Landbou	Toerisme
Drama		Toegepaste Wetenskap
<b>E</b>	<b>M</b>	<b>V</b>
	Mediese Tegnologie	Visuele Kuns
	Musiek	
<b>F</b>	<b>O</b>	<b>W</b>
	Ontwerp	Wiskundige Tegnologie

## BELANGRIK:

- Gedurende die verwerwing van bogenoemde graad of diploma moet 'n student minstens twee erkende skoolvakke op toepaslike vlak geslaag het wat verband hou met die vakke wat 'n student op skool wil aanbied. In dié verband, sien punt 4.
- Een van die skoolvakke moet op NKR-vlak 6 geslaag wees. Dit is die vak waarvoor die student 'n vakdidaktiek ('n skoolvak) sal kies om die vak vir die SF van die skole te kan onderrig. Die vak wat die student as vakdidaktiek ('n skoolvak) moet kies om die vak vir die VOO-fase van die skole te kan onderrig, moet op NKR-vlak 7 wees.

## NOTA

Indien 'n student nie die gekose vak van die vakdidaktiek op die vereiste vlak gedoen het nie, kan 'n student toegelaat word om dit saam met die vakdidaktiek te doen mits die student bewys van inskrywing kan lewer vir die vak op die vereiste vlak vir toelating tot die vakdidaktiek in die NGOS. Die student moet bewys lewer dat die vak op die vereiste vlak geslaag is alvorens die spesifieke vakdidaktiek en dus die NGOS toegeken sal word.

### 3. Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing (GLW1252)

**Die Senaat van die APA het besluit dat GLW1252 as vereiste gestel word vir toelating tot die NGOS.**

Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing word as module ekstra-kurrikulêr vanuit die BA geneem. Die vak is verpligtend vir studente in die NGOS wat nie hulle eerste kwalifikasie by die APA voltooi het nie. Studente kan die module gelyklopend met die NGOS neem en kan voorwaardelik toegelaat word. **Studente betaal addisioneel vir dié verpligte vak.**

Studente wat die module reeds suksesvol voltooi het, word vrygestel van die verpligting.

<b>STUDENTE WAT AAN PRIVAAT INSTELLIGS STUDEER HET MOET ASSEMBLIEF BEWYS VAN SAQA REGISTRASIE VAN DIE INSTELLING EN KWALIFIKASIE LEWER VIR KEURING</b>
--

4. Die volgende vakke word erken as vakke wat verbind kan word met skoolvakke waardeur 'n student tot die program toegelaat kan word:

<b>A</b>	<b>G</b>	<b>P</b>
Afrikaans	Geografie Omgewingswetenskap	Plantkunde
Arbeids- en Industriële Studies	Geografiese Wetenskap	Politieke Studies
	Geskiedenis	
<b>B</b>	<b>I</b>	<b>R</b>
Bedryfsadministrasie	Informatika	Rekenaarwetenskap
Bedryfseconomie	Ingenieurstekeninge of verwante vakke	Rekeningkunde
Bedryfsielkunde	Inligtingstelsels	
Besigheidstudies		
Boukunde		
<b>C</b>	<b>K</b>	<b>S</b>
Calculus	Kleding en Tekstiel	Sielkunde
Chemie		Sosiologie
		Statistiek
<b>D</b>	<b>L</b>	<b>T</b>
Dierkunde	Landbou	Toegepaste Wiskunde
<b>E</b>	<b>M</b>	<b>V</b>
Ekonomie	Menslike Bewegingskunde	Voedsel en Voeding
Engels	Menseregte	
Etiek en Voeding		
<b>F</b>	<b>O</b>	<b>W</b>

Finansiële Rekeningkunde	Omgewingswetenskap	Wiskunde
Fisika	Ondernemingsbestuur	Wiskundige Statistiek
Fisiologie		
Finansiële Wiskunde		

### 5. Lewensoriëntering

Vir spesialisering in Lewensoriëntering: Lewensoriëntering is 'n interdisiplinêre vak wat kennis, waardes, vaardighede en prosesse insluit wat in verskillende dissiplines geïntegreer is, soos Sosiologie, Filosofie, Sielkunde, Politieke Wetenskap, Menslike Bewegingskunde, Arbeidstudies en Industriële Studies. Dit word vereis dat voornemende studente 'n kombinasie van minstens twee van hierdie rigtings in hul voorgraadse graad moes neem waarvan Sielkunde 'n verpligte vak is - byvoorbeeld Menslike Bewegingskunde en Sielkunde. Ten minste een van hierdie velde moet op NKR-vlak 7 geneem wees vir toelating tot die VOO vakdidaktiek of NKR-vlak 6 vir die SF vakdidaktiek.

### 6. Tweede Addisionele tale

In gevalle waar 'n student in die VOO fase die vakdidaktiek vir 'n taal of die vak Tweede Addisionele tale wil doen moet die taal tot op NKR-vlak 7 voorgraads voltooi word.

Waar studente Engels vakdidaktiek in die VOO wil doen is die volgende ook aanvaarbaar, op voorwaarde dat 'n volle jaar van Engels letterkunde voorgraads voltooi is op NKR-vlak 5: Applied English Language Studies, African Literature, Linguistics, Literary Theory, Communication, Media Studies.

### 7. Verbruikerstudie

Studente wat die vakdidaktiek vir Verbruikerstudie in die VOO wil neem moet voorgraadse vakke uit ten minste twee van vier hoofvelde van verbruikerswetenskap voltooi het: voedsel, kleding, interieur ontwerp of verbruikersgedrag.

### 8. Voorligting, Begeleiding en Berading

Studente wat die vakdidaktiek vir Voorligting, Begeleiding en Berading wil neem moet beskik oor een van die volgende vereiste kwalifikasies: teologie, maatskaplike werk, sielkunde of arbeidsterapie.

- Om toegelaat te word tot Voorligting, Begeleiding en Berading in die Senior Fase is die toelatingsvereiste 'n NKR-vlak 6.
- Om toegelaat te word tot die Voorligting, Begeleiding en Berading in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase is die toelatingsvereiste 'n NKR-vlak 7.

### 9. Natuurwetenskappe

Studente wat wil spesialiseer in die vakdidaktiek vir Natuurwetenskappe in die Senior Fase moet voorgraads 'n vakaanbieding gehad het wat 'n kombinasie van die volgende velde bevat: Fisiese Geografie, Omgewingswetenskap, Fisika, Chemie of Biologiese Wetenskappe. Studente moet verkieslik uit twee van hierdie velde voorgraadse vakke gehad het tot op NKR vlak 6.

### 10. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Ekonomiese en bestuurswetenskappe behels 'n kombinasie van Bedryfseconomie en Rekeningkunde. Kandidate met NKR vlak 6 uit die kommersiële wetenskappe voltooi, kan keuring kry. Dit sluit velde soos Ondernemingsbestuur, Finansiële bestuur, Rekeningkunde, Bedryfsadministrasie, Voorsieningskettingbestuur, Verbruikers-wetenskap ens. in. Kandidate wat Kommersiële Reg vakke tot NKR vlak 6 as deel van hul voorgraadse studie voltooi het, kan ook in aanmerking kom, mits Ekonomie op NKR vlak 5 voltooi word.

### 11. Sosiale Wetenskappe

Sosiale Wetenskappe behels 'n kombinasie van Geografie en Geskiedenis. Kandidate met 'n kwalifikasie in die sosiale wetenskappe met die volgende vakke op die vereiste toepaslike NKR vlakke, kan keuring kry: Sosiologie, Geskiedenis, Politieke Wetenskappe en Geografiese vakke asook Toerisme.

## 12. Wiskunde

Kandidate wat Calculus en Wiskunde tot op die vereiste NKR vlak vir die spesifieke fase voltooi het, kan keuring vir Wiskunde kry. Alhoewel Statistiek, Toegepaste Wiskunde en Numeriese Analise op die vereiste vlakke aanvaarbaar is om toegang tot Wiskunde te verkry, is dit nie genoegsaam nie en word daar aanbeveel dat kandidate steeds ten minste Wiskunde op NKR vlak 5 vir die Senior Fase en Wiskunde tot NKR vlak 6 vir die VOO Fase neem.

## 13. Ekonomie

Ekonomie is 'n vak met spesialisasie in die VOO met verkieslik Ekonomie tot op NKR vlak 7 voltooi vir keuring. Kandidate wat voorgraads vakke uit die kommersiële wetenskappe soos onder andere Bermerkingsbestuur en Bedryfsekonomie voltooi het op NKR vlak 7 kan aansoek doen vir Ekonomie in die VOO fase. Indien Ekonomie nie 'n hoofvak was tydens die voorgraadse studie nie word daar aanbeveel dat kandidate Ekonomie tot NKR vlak 6 voltooi.

## 14. Geskiedenis

Geskiedenis is 'n vak met spesialisasie in die VOO met verkieslik Geskiedenis tot op NKR vlak 7 vir keuring. Kandidate wat onder andere Politieke Wetenskappe of Sosiologie tot NKR vlak 7 voltooi het kan keuring kry vir vakdidaktiek Geskiedenis op voorwaarde dat Geskiedenis tot op NKR vlak 6 voltooi word.

## 15. Landbouwetenskap

Landbouwetenskap behels 'n kombinasie van biologiese wetenskappe en Geografie. Kandidate wat vakke uit dissiplines soos Landbou, Plantkunde, Dierkunde, Omgewingstudies, Geografie, Wynkunde, Wildbewing ens. tot NKR vlak 7 voorgraads voltooi het, kan keuring kry vir Landbouwetenskap.

## 16. Rekeningkunde

Rekeningkunde is 'n vak met spesialisasie in die VOO met verkieslik Rekeningkunde tot op NKR vlak 7 vir keuring. Kandidate wat rekenkundige vakke soos Ouditkunde, Finansiële Rekeningkunde, Bourekeningkunde, Rekeningkunde vir die Regsberoep voltooi het tot NKR vlak 7, kan keuring kry vir Rekeningkunde.

## 17. Die volgende vaardighede word vereis:

- Studente moet 'n gedetailleerde wetenskaplike kennis, spesifieke vaardighede en toegepaste bevoegdhede hê van die vak waarin hulle gespesialiseer het tydens die voltooiing van hul baccalaureusgraad of diploma.
- Studente moet ook toegerus wees om navorsing te doen en 'n wetenskaplike verslag te skryf.
